



AMOS GEBEDSBRIEF

deur Smittie Kotze

Kontak Smittie by: smitlinz@iway.na
Tel: 063 260 180 081 250 0746

Amos Kantoor: adminnamibia@amosafrica.net
www.amosafrica.net/namibia
Tel: +264 81 1488 993 Fax to E-mail: 088 652 1345

18 Februarie 2017

Liewe (Amosvriend), ek hoop dat jy gesond is en dat dit in alle opsigte so goed gaan met jou as wat dit geestelik met jou gaan" (3 Joh vers 2).

Voorspoed en seën! Dien Hom met oorgawe.

Gebed is nie soseer die plek waar ons iets nuuts kan leer nie. Dis die plek waar God die geloof hernu waartoe ons ons verbind het. Eugene H Peterson

Bid God se wil en jy sal gewaarborgde gebedsverhooring beleef!

"En nou kan ons met vrymoedigheid na God gaan, omdat Hy ons gebede verhoor as ons enige iets volgens Sy wil vra"

(1 Joh 5:14).

Vandag staan ons stil by: **Kies gehoorsaamheid!**

Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is...

315. dat jy die pad van gehoorsaamheid aan God sal kies en so die seën van Sy beloftes deelagtig word.

Lees: Lev 26:14-22

"As julle egter nie na My luister nie en nie alles doen wat Ek julle beveel het nie..." (v. 14)

Ons het groot geword met die sê ding: As jy nie wil hoor nie moet jy voel. Vinnig het ons ouers met Pollie of Moeg gepraat of Ore die plak alle skewe lyne herstel tot loodregte lyne. Hulle het nou nie gesukkel met ongehoorsaamheid nie.

Ons lees in Lev 26:1-13 van al die mooi dinge wat gehoorsaamheid aan God ons in die sak sal bring. Beloftes van seën vir gehoorsaamheid. In Lev 26:14-38 lees ons egter van die erge gevolge wat volg op ongehoorsaamheid. As jy kies om ongehoorsaam aan die Here te wees gaan jou keuse wrang vrugte oplewer. God se seën rus nie op ongehoorsaamheid nie. Wat jy saai sal jy maai. Altyd lees ons van die voorwaarde van gehoorsaamheid wat God se seën vooraf gaan. Dit is asof God gehoorsaamheid dubbeld beloon. Ons moet doelbewus gehoorsaamheid kies. God is so duidelik in Sy Woord oor die gevolge van ongehoorsaamheid. Elke keer wat die mens teen God kies kies hy vir siekte, vrees, mislukking, droogte, pes, hongersnood en die dood. Ons lees "Ek sal..." gaan al die slegte goed oor ons bring as ons verkeerd kies. Die Here self gaan die straf uit deel. Ons lees in Lev 18:24-30 en 20:22-24 dat die land vir Israel gaan uitspoeg as hy nie gehoorsaam volgens God se voorskrifte leef nie. Kies reg!

God wil alleen gedien word. Hy eis onverdeelde trou aan Hom. Jy moet volkome toegewyd aan Hom leef. Hy is liefde, heilig en regverdig. Ons mag nie met sonde speel nie. Ons verkrag die Bybel as ons sê beproef alles en behou die goeie. As jy weet hoe heilig die Here is kan jy nie eers tyd mors met enige iets wat sy hart kan bedroef nie. Hy is nie ons speel maat nie.

Jy moet kies. Gaan dit gehoorsaamheid of ongehoorsaamheid wees? Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is dat jy die pad van gehoorsaamheid aan Hom sal kies en so die seën van Sy beloftes deelagtig word.

Jesus, help my om die pad van gehoorsaamheid te kies.

Gebedsaak:

1. Bid vir die Wonderkids kindergarten op Aranos met sy 40 kinders asook Juf Chiedza Marange.
2. Bid vir die Queen Sophia projek, asook Chris en Jessie van Rooyen wat aan die stuur staan.
3. Bid dat ons as christene God met soveel eerbied en respek sal hanteer dat die mense om ons Hom ook sal lief kry en eer.
4. Dank die Here vir die lieflike reëns wat reeds geval het.
5. Bid ook ernstig vir die plekke waar daar nog niks of baie min reën geval het.

Geluk aan almal wat in die komende week verjaar. Mag jy die seën van die Here beleef omdat jy gehoorsaam aan die Skrif wil leef en 'n ware dissipel vir Jesus wil wees.

As jy enige sake vir voorbidding het kan jy dit gerus deurstuur dan plaas ek dit in die gebedsbrief...

Amosgroete vanuit 'n koel en grasgroen Kalaharie
Smittie Kotzé

Bestel gerus vir jou 'n "Gebedsleiding". Kontak die Amoskantoor in die verband: 081 148 8993.

As jy 'n plaaswerkerskamp wil bespreek, kontak vir Jannie Wiese by: 062-570316.



AMOS GEBEDSBRIEF

deur Smittie Kotze

Kontak Smittie by: smitlinz@iway.na
Tel: 063 260 180 081 250 0746

Amos Kantoor: adminnamibia@amosafrica.net
www.amosafrica.net/namibia
Tel: +264 81 1488 993 Fax to E-mail: 088 652 1345

12 Februarie 2017

Liewe (Amosvriend), ek hoop dat jy gesond is en dat dit in alle opsigte so goed gaan met jou as wat dit geestelik met jou gaan" (3 Joh vers 2).

Voorspoed en seën! Dien Hom met oorgawe.

Gebed maak ons oë oop sodat ons onself kan sien soos ander en God ons sien. In gebed vra ons God om ons te maak wat ons in Hom kan word. Clare Palmer

Bid God se wil en jy sal gewaarborgde gebedsverhooring beleef!

"En nou kan ons met vrymoedigheid na God gaan, omdat Hy ons gebede verhoor as ons enige iets volgens Sy wil vra"
(1 Joh 5:14).

Vandag staan ons stil by: **Lig wat skyn!**

Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is...
314. dat Sy lig deur jou skyn in 'n donker wêreld.

Lees: Lev 24:1-9

"Beveel die Israeliete om vir jou van die suiwerste olyfolie te bring vir die lamp in die heiligdom, sodat daar gereeld lig kan wees." (v. 2)

Ons Afrikanermense kan mos grappies maak in krisessituasies. Seker as deel van die verwerking, heling en herstel proses. "Wat het Suid Afrikaners vir lig gebruik voor kerse en paraffienlampe? Elektriese ligte, antwoord 'n ou droogweg tydens die beurtkrag probleem." Eintlik besef 'n mens hoe bevoorreg jy is om elektrisiteit te hê as so 'n kraglose tyd jou tref. Ons is so afhanklik van elektrisiteit vir ons huise, straatligte, veiligheid, fabrieke, hospitale ens.

Toe die Israeliete deur die woestyn trek het hulle nie die luukse van straatligte of ligte in hul huise gehad nie. Alle lig is deur 'n lampie in jou tent verskaf. Elke aand het die priesters 'n olielampie in die tabernakel opgesteek en daardie liggie moes deur die nag brand as 'n teken van God se teenwoordigheid. Al is die nag hoe donker en daar is dalk iets wat pla of hulle bedreig kon hulle net na die tabernakel kyk en as hulle die liggie sien brand het dit hulle herinner dat God by hulle is. Daardie liggie kon hulle baie ver sien in die donkerte van die nag en dit was vir hulle 'n teken van gerusstelling.

Daardie lampie wat gebrand het in die tabernakel het Jesus baie jare later gebruik as een van die 'EK is...' uitsprake. "Ek is die lig vir die wêreld. Wie My volg, sal nooit in die

duisternis lewe nie, maar sal die lig hê wat lewe gee” (Joh 8:12). God het dus baie, baie jare voordat Jesus as mens op aarde sou wandel hierdie seremonie waarvan Levitikus praat ingestel om vooruit te wys na Jesus die LIG wat lewe gee.

Maar nou as ons Jesus se lig in ons het moet ons Sy lig in hierdie wêreld versprei. Ons moet ons lampies op die staander sit en nie onder die maatemmer nie. Almal moet kan sien dat Sy lig in ons is. Ons moet waar ons kom die duisternis verdryf met Sy lig wat in en deur ons skyn. “Julle is die lig vir die wêreld. Laat julle lig so voor die mense skyn, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemel is, verheerlik” (Mat 5;14,16). Ons het die opdrag om as God se verteenwoordigers op aarde ‘n verskil te maak in die omgewing waar ons woon. As jy wil hê dat jou lampie genoeg olie sal hê sodat jy elke dag jou liggie kan laat skyn tussen die mense moet jy daaglik ‘n ontmoeting met Jesus hê. Hy sal deur die inwerking van Sy Gees jou olie aanvul en jou help om ‘n helderskynende lamp vir Hom te wees.

Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is dat Sy lig deur jou skyn in ‘n donker wêreld.

Jesus, help my dat U lig deur my skyn sodat my hele lewe van U sal getuig.

Gebedsaak:

1. Bid vir die King of Kings kleuterskool op Aranos met sy 23 kinders asook Juf Karen Titus.
2. Bid vir die Queen Sophia projek, asook Chris en Jessie van Rooyen wat aan die stuur staan.
3. Bid dat ons as christene God met soveel eerbied en respek sal hanteer dat die mense om ons Hom ook sal lief kry en eer.
4. Dank die Here vir die lieflike reëns wat reeds geval het.
5. Bid ook ernstig vir die plekke waar daar nog niks of baie min reën geval het.

Geluk aan almal wat in die komende week verjaar. Mag jy die seën van die Here beleef omdat jy gehoorsaam aan die Skrif wil leef en 'n ware dissipel vir Jesus wil wees.

As jy enige sake vir voorbidding het kan jy dit gerus deurstuur dan plaas ek dit in die gebedsbrief...

Amosgroete vanuit 'n koel en grasgroen Kalaharie
Smittie Kotzé

Bestel gerus vir jou 'n "Gebedsleiding". Kontak die Amoskantoor in die verband: 081 148 8993.

As jy 'n plaaswerkerskamp wil bespreek, kontak vir Jannie Wiese by: 062-570316.



AMOS GEBEDSBRIEF

deur Smittie Kotze

Kontak Smittie by: smitlinz@iway.na
Tel: 063 260 180 081 250 0746

Amos Kantoor: adminnamibia@amosafrica.net
www.amosafrica.net/namibia
Tel: +264 81 1488 993 Fax to E-mail: 088 652 1345

05 Maart 2017

Liewe (Amosvriend), ek hoop dat jy gesond is en dat dit in alle opsigte so goed gaan met jou as wat dit geestelik met jou gaan" (3 Joh vers 2).

Voorspoed en seën! Dien Hom met oorgawe.

Gebed is ...intimiteit wat met groot versigtigheid bewaar en met groot kundigheid in stand gehou moet word. Eugene H Peterson

Bid God se wil en jy sal gewaarborgde gebedsverhoring beleef!

"En nou kan ons met vrymoedigheid na God gaan, omdat Hy ons gebede verhoor as ons enige iets volgens **Sy wil vra**"
(1 Joh 5:14).

Vandag staan ons stil by: **Voorbidding.**

Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is...

316. dat jy deur gebed die belange van jou medemens op die hart sal dra.

Lees: Rut 2:1-13

"Mag jy 'n welverdiende beloning ontvang van die Here die God van Israel onder wie se vleuels jy kom skuil het" (v. 12)

Boas leef die voorskrifte van die Woord tot op die letter uit. Meeste van die voorskrifte het ons die afgelope tyd in Levitikus raak gelees. Hy tree as lossier in sy familie op. As lossier sou hy sekere opofferings moes maak. Dit het besliste finansiële implikasies gehad. Hy los ook koring op die land en verwelkom die vreemdelinge en behoeftiges op sy lande. Boas stel vir ons in vandag se lewe 'n groot voorbeeld. Boas doen selfs voorbidding vir Rut en haar familie. Die ontmoeting met Rut sou egter vir hom dramatiese gevolge hê.

Een van die elemente van gebed is juis voorbidding. Boas bid vooruit vir sy omstandighede, familie en die uiteinde daarvan. Duisende mense doen vir ander mense of sekere omstandighede wat hulle ervaar voorbidding. Voorbidding is baie belangrik. Voorbidders sien die omstandighede van die mense om hulle raak. Hulle is sensitief vir ander se behoeftes. Hulle verleen graag hulp. Gebed dui op 'n intieme verhouding met God en deur daardie intimiteit sal Hy jou die nood van ander wys. God sal sekere mense of omstandighede op jou hart lê. Voorbidding maak jou op 'n manier betrokke by die persoon vir wie jy bid. Terwyl jy bid vorm daar tog 'n verhouding tussen jou en die persoon vir wie jy bid en daarom kan dit wees dat jy op die einde ook deel van die verhoring van die gebed is, soos Boas. Wag op die Here terwyl jy bid. Hy sal jou die pad wys. As jy voorbidding doen

glo jy tog aan 'n positiewe uitkoms. Jy het 'n verwagting dat dinge reg sal uit werk. Hou aan bid! Wees sensitief vir god se stem.

Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is dat jy deur gebed die belange van jou medemens op die hart sal dra.

Jesus, help my om die pad van voorbidding in gehoorsaamheid en met verwagting in geloof te stap.

Gebedsaak:

1. Bid vir die Kalahari safari kids kleuterskool in die oooste met sy 10 kinders asook Juf Olga Tsombe.
2. Bid vir die Queen Sophia projek, asook Chris en Jessie van Rooyen wat aan die stuur staan.
3. Bid dat ons as christene God met soveel eerbied en respek sal hanteer dat die mense om ons Hom ook sal lief kry en eer.
4. Dank die Here vir die lieflike reëns wat reeds geval het.
5. Bid ook ernstig vir die plekke waar daar nog niks of baie min reën geval het.

Geluk aan almal wat in die komende week verjaar. Mag jy die seën van die Here beleef omdat jy gehoorsaam aan die Skrif wil leef en 'n ware dissipel vir Jesus wil wees.

As jy enige sake vir voorbidding het kan jy dit gerus deurstuur dan plaas ek dit in die gebedsbrieff...

Amosgroete vanuit 'n koel, nat en grasgroen Kalaharie
Smittie Kotzé

Bestel gerus vir jou 'n "Gebedsleiding". Kontak die Amoskantoor in die verband: 081 148 8993.

As jy 'n plaaswerkerskamp wil bespreek, kontak vir Jannie Wiese by: 062-570316.



AMOS GEBEDSBRIEF

deur Smittie Kotze

Kontak Smittie by: smitlinz@iway.na
Tel: 063 260 180 081 250 0746

Amos Kantoor: adminnamibia@amosafrica.net
www.amosafrica.net/namibia
Tel: +264 81 1488 993 Fax to E-mail: 088 652 1345

25 Maart 2017

Liewe (Amosvriend), ek hoop dat jy gesond is en dat dit in alle opsigte so goed gaan met jou as wat dit geestelik met jou gaan" (3 Joh vers 2).

Voorspoed en seën! Dien Hom met oorgawe.

Die populêre geloof reduceer God tot 'n dienskneg, ons dienskneg: iemand wat aan ons versoeke, begeertes en eise voldoen...gebed is 'n manier waardeur ek tot God nader...en Hom vertrou om dit volgens sy goëddunke te hanteer. Arthur W Pink

Bid God se wil en jy sal gewaarborgde gebedsverhoring beleef!

"En nou kan ons met vrymoedigheid na God gaan, omdat Hy ons gebede verhoor as ons enige iets volgens **Sy wil vra**"

(1 Joh 5:14).

Vandag staan ons stil by: **Steriotipeer?**

Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is...

318. dat jy sal aanvaar dat God elke mens uniek gemaak het en dat jy hulle moet aanvaar en liefhê om God te eer.

Lees: Ester 3: 8-15

"Briewe is met boodskappers gestuur...met die opdrag dat al die Jode voor die voet uitgeroei moet word..." (v. 13).

Kan jy jou hierdie penarie in dink. 'n Hele volk moet onskuldig uitgewis word net omdat hulle anders as jy dink, doen en is. Hierdie soort dinge gebeur in die wêreld waarin ons leef. Die Jode het 'n hele paar keer hierdie swaard oor hulle koppe gehad. In die tweede wêreld oorlog het hulle volksmoord op groot skaal fisies beleef toe Hitler in sy waansin hierdie wrewel teen 'n volk tot op die letter uitgevoer het. In ons dag sien ons op TV hoe volksmoorde in Rwanda, Uganda en Burundi plaasvind. As 'n mens na die statistieke kyk kan die plaasmoorde in SA ook al in 'n mindere mate in die klas val. Die godsdiens oorlog waarmee die Islamiete wêreldwyd besig is en ander burgeroorloë is sprekende voorbeelde van onverdraagsaamheid en liefdeloosheid.

Veroordeling, onverdraagsaamheid, haat, liefdeloosheid.... Almal voëls van eenderse vere. Haman se haat teenoor Mordegai kook oor. Mordegai wou nie voor hom kniel en hom eerbewys nie. Haman se wrewel raak so erg dat dit nie meer goed genoeg is om hom op Mordegai alleen te wreek nie, die hele volk moet boet vir sy disrespek. Hy stereotipeer deur

alle Israeliete as verwaand af te maak. Hy kom met 'n slim storie by die koning en dié vra ook nie ordentlik uit nie en so word 'n potensiële volksmoord gebore. **“Briewe is met boodskappers gestuur...met die opdrag dat al die Jode voor die voet uitgeroei moet word...” (v. 13).**

Hierdie bevel word die hele ryk deurgestuurd terwyl die koning en Haman rustig sit en drink. Groot chaos!!!

Veralgemening en stereotipering kan eintlik soveel seer en verwoesting veroorsaak. Dit kan so liefdeloos wees. Ons skinder so maklik oor mense wat anders as ons voel, dink en optree. Ons sien maklik neer op ander mense, rasse, tale en oortuigings. Ons dink so maklik dat ons beter as ander mense is. God wil nie hê dat ons ander mense verkeerd sal beoordeel of veroordeel nie. God wil hê dat ons sy liefde teenoor mekaar sal leef. Daarom wil Jesus ook hê dat ons selfs vir ons vyande sal bid. Nie veroordeel en liefdeloos hanteer nie. Hy wil ook hê dat ons ander sal hanteer soos ons self hanteer wil word (**Mat 7:12**).

Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is dat jy sal aanvaar dat God elke mens uniek gemaak het en dat jy hulle moet aanvaar en liefhê om God te eer. Kom ons bid vir hulle voordat ons hulle veroordeel of katagoriseer deur een of ander etiket om hulle nekke te hang. Eer God deur lief te hê. God haat hoogmoed en meerderwaardigheid. Dit getuig van liefdeloosheid.

Jesus, U het elke mens uniek gemaak. Gee ons die vermoë om mekaar in liefde te verdra.

Gebedsaak:

1. Bid vir die Debi Quam kleuterskool in Gobabis met sy 10 kinders asook Juf Susanna Gamses.
2. Bid vir die Queen Sophia projek, asook Chris en Jessie van Rooyen wat aan die stuur staan.
3. Bid dat ons as christene God met soveel eerbied en respek sal hanteer dat die mense om ons Hom ook sal lief kry en eer.
4. Dank die Here vir die lieflike reëns wat reeds geval het.
5. Bid ook ernstig vir die plekke waar daar nog niks of baie min reën geval het.

Geluk aan almal wat in die komende week verjaar. Mag jy die seën van die Here beleef omdat jy gehoorsaam aan die Skrif wil leef en 'n ware dissipel vir Jesus wil wees.

As jy enige sake vir voorbidding het kan jy dit gerus deurstuur dan plaas ek dit in die gebedsbrieff...

Amosgroete vanuit 'n koel groen maar benodig dringend opvolg reën Kalaharie
Smittie Kotzé

Bestel gerus vir jou 'n "Gebedsleiding". Kontak die Amoskantoor in die verband: 081 148 8993.

As jy 'n plaaswerkerskamp wil bespreek, kontak vir Jannie Wiese by: 062-570316.



AMOS GEBEDSBRIEF

deur Smittie Kotze

Kontak Smittie by: smitlinz@iway.na
Tel: 063 260 180 081 250 0746

Amos Kantoor: adminnamibia@amosafrica.net
www.amosafrica.net/namibia
Tel: +264 81 1488 993 Fax to E-mail: 088 652 1345

30 April 2017

Liewe (Amosvriend), ek hoop dat jy gesond is en dat dit in alle opsigte so goed gaan met jou as wat dit geestelik met jou gaan" (3 Joh vers 2).

Voorspoed en seën! Dien Hom met oorgawe.

Gebed is die produk van vreugde en dankbaarheid. E van Pontus

Bid God se wil en jy sal gewaarborgde gebedsverhooring beleef!

"En nou kan ons met vrymoedigheid na God gaan, omdat Hy ons gebede verhoor as ons enige iets volgens **Sy wil vra**"

(1 Joh 5:14).

Vandag staan ons stil by: **Doodloopstrate in die lewe...**

Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is...

321. om die deure van hulp wat Hy agter die doodloopstrate van die lewe oop maak raak te sien omdat jy Hom vertrou.

Lees: Ester 8:1 - 9:10

"Sy het hom gevra om die bose plan wat Haman die Agatiet teen die Jode beraam het, ongedaan te maak." (v. 8:3).

Ons ken almal die uitdrukking: As een deur toegaan, maak God weer 'n ander een oop. Soms 'n skrale troos omdat jy van mening is dit was eerstens onnodig om die eerste deur toe te maak. Na jou mening was dit die regte deur. Uiteindelik weet God die beste.

Haman het uiteindelik in sy eie vuur gebrui, maar vir die Jode was dit 'n skrale troos. Haman sterf aan sy eie galg en Mordegai word oor al sy besittings aangestel, maar feit was dat die wet van Mede en Perse nie herroep kan word nie. Die dag en datum om die Jode aan te val en uit te moor het bly staan. Dit is net hier waar ons planne op raak en die doodloopstraat 'n werklikheid word dat ons God steeds moet vertrou om ons uit die gemors te help. Hy is getrou. Selfs die koning kon nie aan 'n plan dink om die uitvaardiging te omseil nie, want herroep is onmoontlik. In **Ester 8:17** lees ons dat Ester en Mordegai, natuurlik met die hulp en wysheid van die Here, toe die plan maak dat die Jode hulle self kan verdedig en dat hulle die eiendom van almal wat hulle bedreig kon kry. Baie mense word toe na die laaste uitvaardiging Jode uit vrees vir die Jode. **"Niemand kon voor hulle stand hou nie, al die volke was skrikbevange vir hulle" (9:2).**

God kan doodloopstrate verander in oop deure. Jy verloor dalk jou werk of jy moet weer aansoek doen vir jou eie pos of jou finansies druk agv verkeerde besigheidsbesluite of jou huwelik is op die rotse ens ens. Volgens jou is dit 'n doodloopstraat. Dink dan aan Ester en glo dat saam met ons Here is daar 'n uitkoms. Vertrou Hom. Geloof in God drie-enig is jou geheime wapen as jy in 'n doodloopstraat kom. God het soms 'n totaal ander plan met jou lewe. Haman wat hierdie doodloopstraat vir die Jode geskep het hang aan sy eie galg asook sy tien seuns hang aan dieselfde galg. Haman se hoogmoed en haat het hom en sy hele familie verwoes. **“Hoogmoed bring 'n mens tot 'n val; nederigheid bring eer” Spr 29:23. “As goddelose mense aan die bewind kom, kruip die mense weg, as die goddelose ondergaan, kry die regverdiges die mag” Spr 28:28.** Uiteindelik sal die reg seëvier. Dit is dwaas om te dink dat korrupsie en misdaad die oorwinning sal behaal.

Kom ons vertrou op die Here. Hy sal die doodloopstrate van die lewe verander in oop deure. Vertrou Hom!! **“...as jy jou vertrou in die Here stel, is jy veilig” Spr 29:25. Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is om die deure van hulp wat Hy agter die doodloopstrate van die lewe oop maak raak te sien omdat jy Hom vertrou. “Die wat op die Here vertrou, is soos Sionsberg wat nie wankel nie en altyd vas bly staan...” Ps 125:1,2.** Ons wat al deur die Here gehelp is uit doodloopstrate kan saam met Israel bely: **“As die Here ons nie gehelp het nie...Ons hulp kom van die Here wat hemel en aarde gemaak het” Ps 124:1,8.**

Jesus, ek vertrou U om die doodloopstrate waarin ek mag beland vir my te hanteer en dat in U die uitkoms daarin is.

Gebedsaak:

1. Bid vir die Farm Stampriet kleuterskool met sy 10 kinders asook Juf Elizabeth Gompan.
2. Bid vir die Queen Sophia projek, asook Chris en Jessie van Rooyen wat aan die stuur staan.
3. Bid dat ons as christene God met soveel eerbied en respek sal hanteer dat die mense om ons Hom ook sal lief kry en eer.
4. Bid hierdie week vir die Karasburg SLU asook die Grunau, Ariamsvlei asook die Verre Suide boereverenings.

Geluk aan almal wat in die komende week verjaar. Mag jy die seën van die Here beleef omdat jy gehoorsaam aan die Skrif wil leef en 'n ware dissipel vir Jesus wil wees.

As jy enige sake vir voorbidding het kan jy dit gerus deurstuur dan plaas ek dit in die gebedsbrief...

Amosgroete vanuit 'n winderige,koel Kalahari
Smittie Kotzé

Bestel gerus vir jou 'n "Gebedsleiding". Kontak die Amoskantoor in die verband: 081 148 8993.

As jy 'n plaaswerkerskamp wil bespreek, kontak vir Jannie Wiese by: 062-570316.



AMOS GEBEDSBRIEF

deur Smittie Kotze

Kontak Smittie by: smitlinz@iway.na
Tel: 063 260 180 081 250 0746

Amos Kantoor: adminnamibia@amosafrica.net
www.amosafrica.net/namibia
Tel: +264 81 1488 993 Fax to E-mail: 088 652 1345

23 April 2017

Liewe (Amosvriend), ek hoop dat jy gesond is en dat dit in alle opsigte so goed gaan met jou as wat dit geestelik met jou gaan" (3 Joh vers 2).

Voorspoed en seën! Dien Hom met oorgawe.

Gebed is die beste aanduiding van die gesondheid van jou liefdesverhouding met God. As jy jou gebedslewe afskeep, is dit 'n teken dat jou liefdesverhouding koud geword het. John Piper

Bid God se wil en jy sal gewaarborgde gebedsverhooring beleef!

"En nou kan ons met vrymoedigheid na God gaan, omdat Hy ons gebede verhoor as ons enige iets volgens Sy wil vra"
(1 Joh 5:14).

Vandag staan ons stil by: **BITTERHEID 'n stadige dood...**

Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is...

320. Om vry te kom van die vergiftiging van wraakgedagtes en bitterheid.

Lees: Ester 5: 9-14

"En tog bevredig dit alles my nie solank ek die Jood Mordegai in die poort van die paleis sien sit nie." (v. 13).

Bitterheid is soos 'n stadig werkende gif. Iewers gaan dit jou inhaal en dood maak. Bitterheid, wraak en onvergewensgesindheid is die fondasie van heelwat siektes volgens Christen dokters. Bitterheid, haat en liefdelose gedrag voed mekaar. Volgens die Bybel moet ons gelukkig en tevrede wees met wat ons het. Ons moenie altyd meer uit die lewe wil hê nie. Genoeg moet genoeg wees. Vir Hamman was genoeg nie genoeg nie. Bitterheid het hom dors vir nog meer wraak gemaak. Hamman was eintlik 'n baie geseënde man. Hy was basies net onder die koning in hul ryk gewees. Dit alles was nie genoeg nie. Hy was erg ongelukkig, want sy bitterheid het hom gejaag. Mordegai wat nie voor hom buig nie was die vuur wat hom wou verteer. Ek het status, posisie en aansien en hierdie veragtelike Jood buig nie voor my nie. Sy ego en meerderwaardigheid het hom totaal blind vir sy baie seëninge gemaak.

Seres, sy vrou en sy vriende se oplossing was – bou 'n galg van 23m en hang die veragtelike Jood daaraan op. Laat my dink aan Job se vrou en vriende wat wou hê dat hy God vloek en sterf. Slegte raad!! Ai as haat vrye teuels kry is dit vernietigend. Hamman sou dit binne 'n dag leer. Ester nooi vir Hamman en die koning vir 'n ete en net daar bars die bom oor

Hamman se verblindende haat en bitterheid. Op die oggend wat hy sou vra dat die Jood aan sy nek hang draai sy hele lewe om en word 'n nagmerrie. **“Vat dadelik die kleed en die perd en maak soos jy voorgestel het met die Jood Mordegai wat in die poort van die paleis sit. Jy moet niks nalaat van wat jy voorgestel het nie” Ester 6:10.** Hamman byt die spit af. Hy word verneder in die strate. Op die ou end hang hy aan sy eie galg. Haat, wraak, bitterheid, onvergewensgesindheid en liefdeloosheid is vernietigend! Hamman sou agv haat alles verloor wat hy gehad het, ook sy eie lewe.

Volgens **Gal 5** moet ons eerder die vrug van die GEES dra as die vrug van ons eie vlees en natuur. Die GEES moet ons gedrag bepaal. As ons onder die beheer van die GEES van God is sal ons eie ego en ou sondige natuur nooit die oorhand oor ons harte en gedagtes kry nie. Die vrug van die GEES in ons lewens getuig van 'n intieme verhouding met Vader asook loop dit uit op 'n ewige lewe saam met God Drie-enig. Wat 'n vooruitsig!!

Is daar dalk iemand in jou lewe wat jou seergemaak het of jou een of ander onreg aangedoen het en jy kan daardie persoon gewoon nie vergewe nie? Pasop vir seerkry!! Onvergewensgesindheid ontplof gewoontlik in jou eie gesig. As jy haat, bitterheid en wraak saai sal jy die vrugte oes wat aan daardie bome hang. Jesus vra dat jy sal vergewe en vergeet. Jesus het jou vergewe vir al die onreg en sonde wat jy teen Hom gepleeg het nog voordat jy daarvoor gevra het. As jy van Hom genade kon ontvang, hoekom kan jy nie ook genadig wees en vergewe nie. As jy vergewe is jy genadig op jouself deurdat jy die gewig van bitterheid, haat en onvergifnis neer sit en nie verder saamdra nie. Jesus vra vir ons om ons offer by die altaar neer te sit en die ou wat iets teen my het te gaan vergewe. Jesus beveel ons net na die Ons Vader gebed in **Mat 6** dat ons sal vergewe. Vergifnis en vrypraak is die enigste teenvoeters teen haat, bitterheid en wraak.

Bitterheid steel jou lewensvreugde. Bitterheid en haat roof jou van die seën van die Here Jesus. Moenie jouself in die tronk van bitterheid toesluit nie. Staan op in die verlossing en vrypraak van Jesus.

Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is om vry te kom van die vergiftiging van wraakgedagtes en bitterheid.

Wraak, haat, bitterheid is liefdeloosheid en dit staan lynreg teenoor die samevatting van die wet wat Jesus ons leer. Sweef soos 'n arend... vry van die boeie van bitterheid. Laat die lugstrome van die GEES jou laat sweef in liefde, vreugde, vrede, goedhartigheid, nederigheid, geduld, vriendelikheid, getrouheid en selfbeheersing (**Gal 5:23,24**). **“...lewe deur die Gees...” (Gal 5:25).** Kom ons saai die vrug van die Gees en dan oes ons ook van die bome wat hierdie vrugte dra.

Jesus, bevry my van myself en al die liefdeloosheid in my eie lewe. Leer my om U liefde te leef.

Gebedsaak:

1. Bid vir die Sandveld kleuterskool in die Gobabis omgewing met sy 25 kinders asook Juf Lydia Moletsane.
2. Bid vir die Queen Sophia projek, asook Chris en Jessie van Rooyen wat aan die stuur staan.

3. Bid dat ons as christene God met soveel eerbied en respek sal hanteer dat die mense om ons Hom ook sal lief kry en eer.
4. Bid hierdie week vir die Suidwestelike SLU asook die Maltahöhe en Suidelike namib boereverenings.

Geluk aan almal wat in die komende week verjaar. Mag jy die seën van die Here beleef omdat jy gehoorsaam aan die Skrif wil leef en 'n ware dissipel vir Jesus wil wees.

As jy enige sake vir voorbidding het kan jy dit gerus deurstuur dan plaas ek dit in die gebedsbrief...

Amosgroete vanuit 'n bewolkte, koel Kalaharie
Smittie Kotzé

Bestel gerus vir jou 'n "Gebedsleiding". Kontak die Amoskantoor in die verband: 081 148 8993.

As jy 'n plaaswerkerskamp wil bespreek, kontak vir Jannie Wiese by: 062-570316.



AMOS GEBEDSBRIEF

deur Smittie Kotze

Kontak Smittie by: smitlinz@iway.na
Tel: 063 260 180 081 250 0746

Amos Kantoor: adminnamibia@amosafrica.net
www.amosafrica.net/namibia
Tel: +264 81 1488 993 Fax to E-mail: 088 652 1345

15 April 2017

Liewe (Amosvriend), ek hoop dat jy gesond is en dat dit in alle opsigte so goed gaan met jou as wat dit geestelik met jou gaan" (3 Joh vers 2).

Voorspoed en seën! Dien Hom met oorgawe.

...mense bid vir wêreldwye herlewing. Maar dit sou meer toepaslik en skriftuurlik wees om die Here van die oes te vra om arbeiders op te rig en uit te stuur, betroubare mense wat nie sal skroom om waarhede te verkondig wat tot herlewing sal lei. Arthur W Pink

Bid God se wil en jy sal gewaarborgde gebedsverhoring beleef!

"En nou kan ons met vrymoedigheid na God gaan, omdat Hy ons gebede verhoor as ons enige iets volgens **Sy wil vra**" (1 Joh 5:14).

Vandag staan ons stil by: **God se tyd...**

Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is dat jy God se hand en tyd in jou lewe sal sien en erken.

Lees: Ester 4: 9-17: "Wie weet, miskien is dit juis met die oog op 'n tyd soos hierdie dat jy koningin geword het!" (v. 14).

Het jy al ooit gewonder wat die rede is dat jy op 'n sekere plek is op 'n sekere tyd van jou lewe of dat 'n sekere iets op 'n spesifieke/besondere manier met jou gebeur het? As ons God met ons lewens vertrou ontdek ons dat Hy deurentyd besig is om in te bou in ons lewe asook om sekere verstellings te maak en sekere groei toe te laat in ons lewens. Juis dit, God se betrokkenheid, maak jou lewe sinvol en help jou om doelgerig te lewe. Volgens **Ps 139:13-17** is dit die rede waarom God jou gemaak het. Jou uniekheid maak jou juis vir Hom besonders en bruikbaar. Jy het 'n spesifieke doel op aarde. Laat God toe om jou hierin te begelei.

Toeval!! Glo jy in toeval? Was Ester toevallig op die regte tyd op die regte plek? Het Ester toevallig koningin geword? Het Vasti toevallig die koning se versoek geweier? God se kinders roep na Hom in hierdie krissestyd. Dit lyk nie of Hy hoor nie. Vir die volk lyk dit dat God gaan toelaat dat sy volk vermoor word. Hamman gaan van erg na erger. Deur dit alles ontdek ons dat God steeds in beheer was. Deel van Sy plan was alreeds dat koningin Vasti wyer om voor die koning te verskyn. Hy het vir Ester reeds op haar plek gehad toe Hy haar nodig gehad het om Sy volk se toekoms te verseker. Ester het besef dat hier iets besonders aan die gang is want sy as Joodse meisie word koningin in 'n heidense land. Daarom neem

sy haar posisie en roeping ernstig op en vas en bid voor die Here om sy doel vir haar lewe te ontdek en uit te voer. God se planne was lankal in plek om duisende lewens te red deur hierdie meisie te gebruik.

God bly in beheer. Ons kan ook dink aan dit wat nou in SA aan die gang is. Dit lyk asof God uitgetree het en die chaos neem net toe. Ons as sy kinders moet maar net aanhoudend buig voor Hom en afhanklik van Hom bly. Ek glo vas dat Hy reeds 'n plan het om die politieke gemors in SA uit te stryk. Kom ons leef ons roeping. Jy is op die regte tyd op die regte plek. God hou tye in Sy hand. Hy het nie van ons vergeet nie.

Ester het haar doel geleef. Jare later word Jesus uit hierdie volk gebore en bring Hy ook vir my en jou redding. Kom ons wees eerlik. Hamman was maar net die duiwel se pion. Satan het Hamman gebruik om te keer dat Jesus eeue later gebore word. So wil die vyand vandag ook moedeloosheid en paniek saai en God se kinders laat glo dat Hy nie meer in beheer is nie. Dinge gebeur nie toevallig nie. God se tyd is nie ons tyd nie. Hamman het gedink hy in in beheer en eintlik was God lankal besig om dinge reg te skuif. Wonderlik!!

Ons is ook vandag deel van die stryd tussen die LIG en die duisternis. Jy is nie toevallig waar jy is nie. God het 'n doel en plan met jou. Bid en vas sodat jy soos Ester gereed kan wees vir God se aksie plan. Leef vandag jou deel vir die koninkryk van God Drie-enig. **Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is dat jy God se hand en tyd in jou lewe sal sien en erken.**

Jesus, wys my asb wat U deur my wil bereik. Help my om U hand in alles te sien. Ek glo dat niks toevallig gebeur nie.

Gebedsaak:

1. Bid vir die Wieserus kleuterskool in die Gobabis omgewing met sy 3 kinders asook Juf Bertha Lebe.
2. Bid vir die Queen Sophia projek, asook Chris en Jessie van Rooyen wat aan die stuur staan.
3. Bid dat ons as christene God met soveel eerbied en respek sal hanteer dat die mense om ons Hom ook sal lief kry en eer.

Geluk aan almal wat in die komende week verjaar. Mag jy die seën van die Here beleef omdat jy gehoorsaam aan die Skrif wil leef en 'n ware dissipel vir Jesus wil wees.

As jy enige sake vir voorbidding het kan jy dit gerus deurstuur dan plaas ek dit in die gebedsbrief...

Amosgroete vanuit 'n koel Kalaharie
Smittie Kotzé

Bestel gerus vir jou 'n "Gebedsleiding". Kontak die Amoskantoor in die verband: 081 148 8993.

As jy 'n plaaswerkerskamp wil bespreek, kontak vir Jannie Wiese by: 062-570316.



AMOS GEBEDSBRIEF

deur Smittie Kotze

Kontak Smittie by: smitlinz@iway.na
Tel: 063 260 180 081 250 0746

Amos Kantoor: adminnamibia@amosafrica.net
www.amosafrica.net/namibia
Tel: +264 81 1488 993 Fax to E-mail: 088 652 1345

28 Mei 2017

Liewe (Amosvriend), ek hoop dat jy gesond is en dat dit in alle opsigte so goed gaan met jou as wat dit geestelik met jou gaan" (3 Joh vers 2).

Voorspoed en seën! Dien Hom met oorgawe.

Iemand wat aanhoudend sonde doen, sal ophou bid. Iemand wat aanhoudend bid, sal ophou sonde doen. Leonard Ravenhill

Bid God se wil en jy sal gewaarborgde gebedsverhoring beleef!

"En nou kan ons met vrymoedigheid na God gaan, omdat Hy ons gebede verhoor as ons enige iets volgens **Sy wil vra**" (1 Joh 5:14).

Vandag staan ons stil by: **Jesus ons fondasie...**

Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is...

324. dat jy geanker aan Jesus sal wees en nie op aardse prinse nie.

Lees: 2 Kor 1: 17-24

"God self het ons saam met julle op vaste grond gevestig: op Christus..." (v. 21-22).

Mense stel jou maklik teleur. Jy is dalk siek en wag vir jou geestelike leier om jou te besoek en die daag nie op nie. Jy voel eensaam en verlate omdat die mense naby aan jou jou nie ondersteun nie. Jy sit dalk ver van jou geliefdes en maak staat op die ondersteuning van 'n geestelike leier en die "drop" jou. Jou dominee of pastoor voldoen dalk nie aan jou persoonlike verwagtings nie en dit maak dat jy afsydig raak teenoor jou kerk of aanbiddingsplek. Soms preek jou dominee op 'n vlak wat niemand hom verstaan nie en dit maak dat jy belangstelling verloor. Selfs Paulus word as onbetroubaar afgemaak, want hy belowe die gemeente dat hy hulle sal besoek en daag nie op nie. Hy "drop" hulle. Mense is ongelukkig feilbaar. Mense kan jou teleurstel as gevolg van hul swakhede. Omstandighede oorval soms die mens. Selfs Jesus sê iewers dat Hy die mens ken en dat jy nie regtig op die mens kan peil trek nie. Toe Jesus sy dissipels, sy geestelike broers, nodig gehad het in die tuin van Getsemane was hulle weg. Afwesig! Hulle volg Hom op 'n ver afstand. Judas verrai Jesus met 'n kus. Petrus ontken drie keer dat hy vir Jesus ken. Almal was weg toe Hy in die nood was. Ons mense darem!!

Die gevaar as die dinge gebeur is dat ons vir Jesus kwaad raak. Ons blameer God omdat ons afgeskeep of verwaarloos en verwerp voel. Miskien moet ons onself afvra: op wie of watter fondasie was my geloof gebou? Wie was my anker? God of mense. Volgens **2 Kor 1:21,22** is ons sekerheid op God drie-enig. **"...gevestig: op Christus. God het ons vir Hom afgesonder,**

ons as sy eiendom beseël en die Heilige Gees in ons harte as waarborg gegee...". Ons geloofsekerheid berus nie op mense nie, maar op Christus. Daarom kan ons in een van die kerkliedere sing: 'n vaste burg is onse God. Iewers anders sing ons moet op prinse nie vertrou nie. Nog meer: God gee sy Gees as waarborg aan ons dat sy beloftes waar sal word. Die Heilige Gees help ons om te glo. **"...Wie tot God nader, moet glo dat Hy bestaan en dat Hy die wat Hom soek, beloon" (Heb 11:6).** God is daar. Hy hoor as ons Hom soek. God moet ons hoop, anker en padwyser wees. **"...Hoor my gebed, Here...U is getrou en regverdig, antwoord my tog...Wys my die pad wat ek moet loop, want my hoop is op U gevestig...laat U goeie Gees my op 'n gelyk pad lei..." (Ps 143).** **"Geloof sy die Here, Hy is my rots...my krag...my skuilplek...my veilige vesting en my redder, my beskermmer...Here wat is 'n mens dat U hom sou wil ken...Dit gaan goed met die volk wie se God die Here is!" (Ps 144).**

Geestelik gaan dit goed met die mens wat God sy fondasie maak en nie van mense se komplimente en goedkeuring afhanklik is nie. Moenie dat die valsheid van die menslike hart jou geloof in God laat wankel nie. Hy wil altyd jou rots wees (Ps 144). **Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is dat jy geanker aan Jesus sal wees en nie op aardse prinse nie.**

Jesus, dankie dat U betroubaar en opreg is. U is my rots. Vergewe my dat ek soms toelaat dat my geloof van die goedkeuring van mense afhang. Help my om nie op aardse prinse te vertrou nie.

Gebedsaak:

1. Bid vir Veronicas Daycare Centre (Meerkat kleuterskool projek) met sy 40 kinders asook Juf Sylvia Horongo in die Grootfontein omgewing.
2. Bid vir die Queen Sophia projek, asook Chris en Jessie van Rooyen wat aan die stuur staan.
3. Bid dat ons as Christene God met soveel eerbied en respek sal hanteer dat die mense om ons Hom ook sal lief kry en eer.
4. Bid dat ons as kinders van God Hom as ons geestelike fondasie sal hê.
5. Bid hierdie week vir die Gobabis SLU asook die Trans kalahari, Epukiro, Gobabis, Houmoed, Kalahari oos, Leonardville, Summerdown, Sonop, Steinhausen, Witvlei en Dorsland boereverenings.

Geluk aan almal wat in die komende week verjaar. Mag jy die seën van die Here beleef omdat jy gehoorsaam aan die Skrif wil leef en 'n ware dissipel vir Jesus wil wees.

As jy enige sake vir voorbidding het kan jy dit gerus deurstuur dan plaas ek dit in die gebedsbrief...

Amosgroete vanuit 'n koel, nog nie doodgerypte, Kalahari

Smittie Kotzé

Bestel gerus vir jou 'n "Gebedsleiding". Kontak die Amoskantoor in die verband: 081 148 8993.

As jy 'n plaaswerkerskamp wil bespreek, kontak vir Jannie Wiese by: 062-570316.



AMOS GEBEDSBRIEF

deur Smittie Kotze

Kontak Smittie by: smitlinz@iway.na
Tel: 063 260 180 081 250 0746

Amos Kantoor: adminnamibia@amosafrica.net
www.amosafrica.net/namibia
Tel: +264 81 1488 993 Fax to E-mail: 088 652 1345

21 Mei 2017

Liewe (Amosvriend), ek hoop dat jy gesond is en dat dit in alle opsigte so goed gaan met jou as wat dit geestelik met jou gaan" (3 Joh vers 2).

Voorspoed en seën! Dien Hom met oorgawe.

Gebed is om die oë van jou liggaam en siel toe te maak en die oë van jou ore te open, om jouself in stilte oop te stel vir God wat by jou is. Gebed is om te luister na die Ewige Teenwoordige. Michel Quoist

Bid God se wil en jy sal gewaarborgde gebedsverhoring beleef!

"En nou kan ons met vrymoedigheid na God gaan, omdat Hy ons gebede verhoor as ons enige iets volgens **Sy wil vra**" (1 Joh 5:14).

Vandag staan ons stil by: **Voorbidding vir die verspreiding van die Evangelie.**

Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is...

323. dat jy getrou voorbidding sal doen vir sendelinge, die verspreiding van die Evangelie asook die vervolgte kerk.

Lees: 2 Kor 1: 1-16

"Daartoe werk julle mee deur vir ons te bid. So sal die gebede van baie 'n seën van God vir ons bring, en dan sal baie Hom vir ons dank." (v. 11).

Paulus stel homself bekend as "... 'n apostel van Christus Jesus deur die wil van God"

(v.1). Iets drasties moes egter gebeur voordat hy homself so kon bekendstel. Hy het die Christene met passie vervolg omdat hy geglo het dat hulle besig was met 'n dwaling. Op die Damaskus pad het sy lewe onherroeplik verander toe Jesus aan hom verskyn (**Hand 9**). Ontmoet Jesus en jy sal verseker nooit weer dieselfde dink en doen nie. Na die Damaskus ervaring is hy seker dat God hom as sendeling vir veral die heidense nasies geroep het.

Die gemeente in Korinte het ontstaan tydens Paulus se tweede sendingreis. Hierdie briewe skryf hy aan hulle om hulle te help om praktiese vrae te antwoord maar ook om verdeeldheid tussen hulle te probeer reg stel. Korinte was die hoofstad van Agaje (suid Griekeland). Groot handelstad wat beteken ook baie vreemde mense, kulture, gebruike en godsdienste. Sonde het redelik oop geloof in Korinte. God het ook geweet dat die stad uiters geskik is vir die verspreiding van die Evangelie oor die hele bekende wêreld.

Die gemeente het egter baie genade, vrede en voorbidding nodig gehad. Paulus het dus met die stigting van die gemeente in Korinte die duiwel se terrein betree. Definitief sal hy hewig reageer. Teenkating sou beslis kom. As die duiwel nie teenkating bied nie is jy nie 'n bedreiging vir sy koninkryk en werk nie. Ook as jy persoonlik opstaan vir Jesus sal jy teenkating kry van die Satan. Christenskap is nie vir sissies nie. Satan haat dit om sy grondgebied af te staan.

“Almal wat in Christus Jesus toegewyd aan God wil leef, sal ook vervolg word” (2 Tim 3:12).

Paulus vertel van vervolging en swaarkry in die skrifgedeelte van vandag. Hy vervolg eers die kerk en toe hy kies om Jesus voluit te volg sak hewige vervolging op hom toe. So erg dat hy soms seker was dat hy dit nie sou oorleef nie. Is dit nie dalk hoekom tradisionele kerke besig is om 'n stadige dood te sterf nie? Lidmate staan nie meer op en uit vir Jesus nie. Hoeveel vervolging beleef ons as kerkmense vandag omdat ons opstaan vir Jesus in ons gemeenskappe? Lyding is nie lekker nie, maar hierdie swaarkry dinge laat 'n mens se geloof groei en sterker word. Lyding bring jou naby aan Jesus. Is dit nie deel van die rede hoekom kerke so 'n ontsettende geestelike doodsheid ervaar nie? **“...Maar dit (lyding) het gebeur dat ons nie op onself sou vertrou nie, maar op God...” (2 Kor 1:9).** Paulus weet uit ervaring dat God ook weer die uitkoms sou gee. Uiteindelik weet ons het Paulus sy lewe gegee het vir die redding van verlore siele.

Paulus vra in **2 Kor 1:11** dat ons in ons binnekamers sal deelneem aan die werk van die sendelinge regoor die wêreld. Jy het netso 'n belangrike rol te speel in God se Koninkryk deurdat jy bid vir die uitbreiding van die koninkryk van God. Neem deel: Bid vir die redding van verlore siele. Bid jy vir sendelinge? Ken jy hulle behoeftes? Het jou selgroep of kerk iemand wat julle finansieel en met gebede ondersteun? Die vrug op hulle werk daar in die ver en dalk onbereikte lande is ook van jou gebede afhanklik. Voorbidders bring julle kant en God sal verheerlik word.

Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is dat jy getrou voorbidding sal doen vir sendelinge, die verspreiding van die Evangelie asook die vervolgte kerk.

Jesus, vergewe my dat ek nie regtig deelneem in voorbidding nie. Help my om voorbidding ernstig op te neem sodat U Koninkryk sal uitbrei deurdat daar vrug op die werk van die sendelinge is.

Gebedsaak:

1. Bid vir die !Kung kleuterskool (Meerkat kleuterskool projek) met sy 15 kinders asook Juf Igaro James in die Grootfontein omgewing.
2. Bid vir die Queen Sophia projek, asook Chris en Jessie van Rooyen wat aan die stuur staan.
3. Bid dat ons as Christene God met soveel eerbied en respek sal hanteer dat die mense om ons Hom ook sal lief kry en eer.
4. Bid dat ons as kinders van God waarlik sal deelneem aan voorbidding.
5. Bid hierdie week vir die Mariental SLU asook die Hoërand, Aranos, Gochas, Hardap, Kalkplato, Klein Nossob, Onder Nossob, Stampriet, Soutblok en Kalkrand boereverenigings.

Geluk aan almal wat in die komende week verjaar. Mag jy die seën van die Here beleef omdat jy gehoorsaam aan die Skrif wil leef en 'n ware dissipel vir Jesus wil wees.

As jy enige sake vir voorbidding het kan jy dit gerus deurstuur dan plaas ek dit in die gebedsbrief...

Amosgroete vanuit 'n koel, nog nie doodgerypte, Kalahari
Smittie Kotzé

Bestel gerus vir jou 'n "Gebedsleiding". Kontak die Amoskantoor in die verband: 081 148 8993.

As jy 'n plaaswerkerskamp wil bespreek, kontak vir Jannie Wiese by: 062-570316.



AMOS GEBEDSBRIEF

deur Smittie Kotze

Kontak Smittie by: smitlinz@iway.na
Tel: 063 260 180 081 250 0746

Amos Kantoor: adminnamibia@amosafrica.net
www.amosafrica.net/namibia
Tel: +264 81 1488 993 Fax to E-mail: 088 652 1345

14 Mei 2017

Liewe (Amosvriend), ek hoop dat jy gesond is en dat dit in alle opsigte so goed gaan met jou as wat dit geestelik met jou gaan" (3 Joh vers 2).

Voorspoed en seën! Dien Hom met oorgawe.

‘n Christen sonder gebed is soos ‘n boom sonder wortels. Pous Pius XII

Bid God se wil en jy sal gewaarborgde gebedsverhooring beleef!

"En nou kan ons met vrymoedigheid na God gaan, omdat Hy ons gebede verhoor as ons enige iets volgens **Sy wil vra**" (1 Joh 5:14).

Vandag staan ons stil by: **Geloof sonder sien...**

Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is.... dat jy sal glo al sien jy geen wonderwerk nie.

Lees: **Ps 106:1-20**

"Toe het Sy volk sy beloftes geglo..." (v. 12).

Vandag in meeste tradisionele kerke gebeur baie min sigbare tekens en wonders. Daarom stroom mense maklik na plekke waar die dinge nog gebeur en Geeswerking ervaar kan word. As ons eerlik moet wees kan baie van die "geadvertende dinge" kunsmatig wees. As ons aan Thomas dink, dink ons aan iemand wat gesê het – sien is glo! Ons waag nie om vir Thomas te veroordeel nie, want daardie "sien is glo tipe geloof" kom maar by almal van ons van tyd tot tyd voor. Eintlik is die sien-is-glo-geloof ongeloof volgens Jesus.

Volgens **Heb 11:1** word die gesegde omgedraai na – glo is nie sien nie. **"Om te glo...om oortuig te wees van die dinge wat ons nie sien nie"**. Ons kan eers sê ons glo wanneer ons God nie sien werk nie, maar tog vertrou dat Hy aan die werk is. Geloof wat van tekens en wonders afhanklik is hou nie. Dink aan die kerkleiers in Jesus se tyd. Hulle het hope wonders gesien en tog nie geglo nie. Volgens hulle het Jesus al daardie wonders met die hulp van die bose gedoen. Israel het deur die woestyn hope wonders gesien en elke nou en dan dit vergeet en maar weer plat geval met vreeslike twyfel en klaery.

Ware geloof hou vas aan God se beloftes. **Ware geloof glo al word niks gesien nie.** Daarom kan geloof ook nie net op gevoel gebou word nie. Gevoel kan so wisselvallig wees. As jong gelowige wou jy voel dat jou lewe anders is, maar hoe dieper en meer geanker jou verhouding met God raak hoe meer weet jy dat Hy betroubaar en geloofwaardig is. Jy is

seker van Hom en van sy betrokkenheid by jou. Dieselfde gebeur in jou verhouding met jou vrou. Eers aan die begin van jul verhouding sweef julle albei op die wolke van gevoel en dis so lekker en romanties. Jy is eintlik heel simpel van verliefdheid. Later in 'n geankerde verhouding weet jy wie en wat jou vrou is in jul verhouding en is julle seker van mekaar se liefde en ondersteuning. Hoe hefter jul verhouding groei hoe sterker is die fondasie waarvandaan jul vertrek in enige situasie.

Hoe meer jy geestelik groei hoe minder gevoel en sigbare tekens het jy nodig om waarlik te glo en God onvoorwaardelik te vertrou. Hoe meer intiem jou verhouding met God raak hoe meer begin sien jy Sy hand en Sy wonders in die alle daagse dinge wat oor jou pad kom. Alle daagse dinge wat ander dalk as vanselfsprekend afmaak vervul jou met verwondering want jy weet soos jy weet net God sit agter dit. As jy God ken en vertrou dig jy alles aan Hom toe – elke asemteug, hartklop, glimlag en vriendelike groet, elke blom wat groei in die Kalahari, asook elke reën bui. Alles raak dan wonders wat jou geloof versterk omdat jy Hom so ontsettend lief het. Jou liefde vir Hom is gebou op 'n sekere wete en vaste vertrou.

Vlieg hoog op die arendsvlerke van geloof omdat jy oortuig is van die God wat jy aanbid.

Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is dat jy sal glo al sien jy geen wonderwerk nie. Glo omdat jy weet wie jou God is.

Jesus, ek wil vas glo aan U omdat U God is en nie omdat U 'n wonderwerker is nie.

Gebedsaak:

1. Bid vir die Mercyfull kleuterskool met sy 100 kinders asook Juf Claudia Swartbooi in die Grootfontein omgewing.
2. Bid vir die Queen Sophia projek, asook Chris en Jessie van Rooyen wat aan die stuur staan.
3. Bid dat ons as christene God met soveel eerbied en respek sal hanteer dat die mense om ons Hom ook sal lief kry en eer.
4. Bid hierdie week vir die Keetmanshoop SLU asook die Helmeringhausen, Aus, Aroab, Keetmanshoop, Klein Karas, Koës en Karasberge boereverenigings.

Geluk aan almal wat in die komende week verjaar. Mag jy die seën van die Here beleef omdat jy gehoorsaam aan die Skrif wil leef en 'n ware dissipel vir Jesus wil wees.

As jy enige sake vir voorbidding het kan jy dit gerus deurstuur dan plaas ek dit in die gebedsbrief...

Amosgroete vanuit 'n winderige, koel Kalaharie
Smittie Kotzé

Bestel gerus vir jou 'n "Gebedsleiding". Kontak die Amoskantoor in die verband: 081 148 8993.

As jy 'n plaaswerkerskamp wil bespreek, kontak vir Jannie Wiese by: 062-570316.



AMOS GEBEDSBRIEF

deur Smittie Kotze

Kontak Smittie by: smitlinz@iway.na
Tel: 063 260 180 081 250 0746

Amos Kantoor: adminnamibia@amosafrica.net
www.amosafrica.net/namibia
Tel: +264 81 1488 993 Fax to E-mail: 088 652 1345

04 Junie 2017

Liewe (Amosvriend), ek hoop dat jy gesond is en dat dit in alle opsigte so goed gaan met jou as wat dit geestelik met jou gaan" (3 Joh vers 2).

Voorspoed en seën! Dien Hom met oorgawe.

Ons tyd is kort; daarom moet ons minder met mense praat en meer met God. Leonard Ravenhill

Bid God se wil en jy sal gewaarborgde gebedsverhooring beleef!

"En nou kan ons met vrymoedigheid na God gaan, omdat Hy ons gebede verhoor as ons enige iets volgens Sy wil vra"
(1 Joh 5:14).

Vandag staan ons stil by: **Help reg in liefde.**

Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is...

325. dat jy jou broer en suster se bewaker sal wees.

Lees: 2 Kor 2: 1-17

"Daarom vra ek julle: Bewys liefde aan hom." (v. 8).

Ons sê maklik dat ander mense se doen en late niks met ons te doen het nie. Ons wil nie regtig ongewild raak of betrokke raak by ander se foute of sonde nie. Ek weet my vriend verneuk sy vrou maar ek bly stil want dit het niks met my te doen nie. Of ons gaan die vrou ontstel as ons praat. Regtig??? Ons maak soos Kain in **Gen 4:9** as die Here vir hom vra: **"Waar is jou broer Abel?"** dan antwoord hy **"Ek weet nie. Moet ek dan my broer oppas?"** Eintlik moet ons in liefde soveel omgee dat ons die saak reg gestel wil hê.

Ons hoor dat mense op die straat by iemand wat aangerand of benadeel word verby sal stap om tog net nie betrokke te raak nie. Ongelukkig in die gebroke wêreld waarin ons bly word die fluitjie blaser soms die vark in die verhaal. Ons bly ter wille van sogenaamde vrede soms stil oor dinge waaroor ons moes gepraat het. Is dit wat die Here van ons as Sy kinders verwag? **Gal 6:1 "Broers, as iemand in die een of ander sonde val, moet julle wat julle deur die Gees laat lei, so iemand in 'n gees van sagmoedigheid reghelp...Dra mekaar se laste..."** Ja en daar staan ook in dieselfde vers **"...pas op: jy kan self ook in versoeking kom"**. Punt is dat ons 'n verantwoordelikheid teenoor mekaar het, al maak ons self ook nog baie foute. Die Bybel vra dat jy ook jou kind sal tug omdat jy hom/haar liefhet. Watter ouer

wil sy kind willens en wetens verlore laat gaan? Daarom tug jy in liefde sodat jou kind kan leer om die regte pad te stap.

Dit is so dat die liefdelose toepassing van die tug ook kerklike tug meer kwaad as goed doen. Aan die ander kant: om nie te tug nie doen ook baie skade. Ek dink bv. Kerke verloor in albei gevalle lidmate. Goeie balans is dus uiters noodsaaklik. Optrede vanuit liefdeloosheid maak dat mense verloor word en nie dat mense nader getrek word nie. Los ons hulle net uit stort hulle ook oor die afgrond. Daarom sê die gedeelte in **Gal 6** en in **2 Kor 2: 8** dat ons vanuit liefde en sagmoedigheid moet optree. Die doel van tug is om reg te help en nader te bring. Tug moenie iemand weg stoot nie. Paulus vat die gemeente in Korinthe aan omdat 'n man wat by sy eie pa se vrou slaap nie getug word nie. Volgens Paulus is dit liefdeloos om sonde te sien en nie aan te spreek nie (**1 Kor 6:9-10**). Toe vat die gemeente dit te ver en hulle verloor die sondaar. Paulus skryf ook vir hulle dat as 'n sondaar hom dan bekeer en berou het moet jy hom in liefde terug ontvang. Lees gerus **2 Kor 2:5-11** oor vergifnis vir die oortredes.

Bitter min ouers sal hulle kinders totaal verwerp na 'n erge teleurstelling. Ouers sal bid en liefhê totdat die kind terug kom. So moet ons ook in die kerk en in ons vriende groepe optree teenoor iemand wat oortree/ gesondig het. Ons is nie beter as die persoon nie, maar ons het hom so lief dat ons nie kan sien dat hy oor die afgrond stort nie. Ons is almal onvolmaak en in daardie onvolmaaktheid moet ons maar gerus mekaar bystaan. **Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is dat jy jou broer en suster se bewaker sal wees. "Daarom vra ek julle: Bewys liefde aan hom." (v. 8).**

Jesus, help my asseblief om in liefde en sagmoedigheid reg te help en om te gee.

Gebedsaak:

1. Bid vir Childrens Education Preschool (Meerkat kleuterskool projek) met sy 35 kinders asook Juf Clerita Pietersen in die Grootfontein omgewing.
2. Bid vir die Queen Sophia projek, asook Chris en Jessie van Rooyen wat aan die stuur staan.
3. Bid dat ons as Christene God met soveel eerbied en respek sal hanteer dat die mense om ons Hom ook sal lief kry en eer.
4. Bid dat ons as kinders van God Hom sal eer deur ons broer of suster wat oortree in groot liefde reg te help.
5. Bid hierdie week vir die Windhoek SLU asook die Dordabis, Noordelike Khomas, Omitara, Seeis, Westelike Khomas, Windhoek, Nina, Kaiserstrasse, Blumfelde, Gamsberg, Uhlenhorst en Nauchas boereverenings.

Geluk aan almal wat in die komende week verjaar. Mag jy die seën van die Here beleef omdat jy gehoorsaam aan die Skrif wil leef en 'n ware dissipel vir Jesus wil wees.

As jy enige sake vir voorbidding het kan jy dit gerus deurstuur dan plaas ek dit in die gebedsbrief...

Amosgroete vanuit 'n koel, nog nie doodgerypte, Kalaharie
Smittie Kotzé

Bestel gerus vir jou 'n "Gebedsleiding". Kontak die Amoskantoor in die verband: 081 148 8993.

As jy 'n plaaswerkerskamp wil bespreek, kontak vir Jannie Wiese by: 062-570316.



AMOS GEBEDSBRIEF

deur Smittie Kotze

Kontak Smittie by: smitlinz@iway.na
Tel: 063 260 180 081 250 0746

Amos Kantoor: adminnamibia@amosafrica.net
www.amosafrica.net/namibia
Tel: +264 81 1488 993 Fax to E-mail: 088 652 1345

11 Junie 2017

Liewe (Amosvriend), ek hoop dat jy gesond is en dat dit in alle opsigte so goed gaan met jou as wat dit geestelik met jou gaan" (3 Joh vers 2).

Voorspoed en seën! Dien Hom met oorgawe.

Die Bybel sê nêrens dat ons die hele tyd moet preek nie; wel dat ons die hele tyd moet bid. John R Rice

Bid God se wil en jy sal gewaarborgde gebedsverhooring beleef!

"En nou kan ons met vrymoedigheid na God gaan, omdat Hy ons gebede verhoor as ons enige iets volgens Sy wil vra" (1 Joh 5:14).

Vandag staan ons stil by: **Lewende brief wat preek.**

Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is.... dat jy sy Woord sal leef as 'n lewende brief.

Lees: **2 Kor 3: 1-18**

"Julle is self ons aanbevelingsbrief, geskryf op ons harte, vir almal om te lees." (v. 2).

Iemand het eendag oor leiers as volg gesê: Die optrede van hulle volgelinge is 'n getuigenis van die soort leiding wat hulle kry. Ds Attie van Wijk sê in 'n dagstukkies wat hy geskryf het: Geestelike leiers sal nie eendag geoordeel word oor wat hulle gedoen het nie, maar oor wat hulle lidmate gedoen het. Dit klink so onregverdig. Maar die waarheid is dat mense leiers navolg en selfs na-aap. 'n Klein seuntjie doen soms skokkend alles wat sy pa doen. **'n Boom word regtig aan sy vrugte geken.** Leiers word aan hulle navolgers geken. Grappenderwys sê ons soms: moenie maak soos ek maak nie, maak soos ek sê. Die gesegde getuig eintlik dat jy die verkeerde voorbeeld stel. Jou boom se vrugte is verwarrend.

Paulus beleef baie kritiek van die gemeente in Korinte in verband met sy optrede. Hulle gee hom 'n harde tyd. Dan herinner hy hulle dat dit hy is wat hulle na die Here gelei het. Hulle is self die bewys van sy suksesvolle leiding. Hulle het hom gevolg en by Jesus uitgekom. Deur sy gehoorsaamheid het hulle Jesus leer ken en die saligheid beërf. Die voorbeeld wat Paulus gestel het moes hulle aandag getrek het. Die lewe waarvoor hy gestaan het moes hulle bekoor het. Dit moes iewers op 'n kol veroorsaak het dat hulle begeer het wat hy gehad het. Tog hoor ons dat mense moeg gepreek is. Hoe nou gemaak? Hoe gaan ons die evangelie oordra sonder om te preek? **Woorde wek maar voorbeelde trek.**

In die tyd waarin ons leef lees baie mense nie regtig meer Bybel nie. Ons skoolkinders se Bybelkennis is beroerd. Bybels lê dikwels onder stof op bedkassies van gastekamers om aan

te dui dat die huis aan “Christene” behoort. Christene wat dalk nie eens self meer die Woord belangrik ag nie. Die Bybel op die bedkassie is dalk die enigste getuie wat baie mense deesdae lewer in verband met Jesus. Weet jy mense lees dalk nie meer Bybel nie, maar hulle hou jou wat jouself Christen noem fyn dop. Elke woord en daad trek hulle aandag. Tree jy wat jouself Christen noem Christus-gelykvormig op? Jy en hoe jy leef en praat is dalk die enigste Bybel wat sekere ouens ooit in hulle lewe lees. Jy is dus soos ‘n groot advertensiebord langs die pad vir die evangelie. Mense luister dalk nie na alles wat ons sê nie. Alles wat ons doen sien hulle raak. Hulle verstaan jou daad.

Wat sien mense by jou besigheidsvaardighede? Wat sien mense as jy met jou werknemers werk of praat? Hoe tree jy in jou huis op? Hoe tree jy op die sportveld op? Speel jy ook die game sodat die skeidsregter nie jou vuilspel moet sien nie? Ons daad is ‘n lewende brief aan die publiek oor watter soort mens ons is. Ons daad getuig van wie ons leier/Leier is.

Volgens **2 Kor 3:12-18** wil die Here ons deur sy Gees verander om regtig Christus-gelykvormig te word. Dan moet ons gehoorsaam aan sy Woord begin leef. Dan moet ons toelaat dat die vrug van sy Gees aan ons lewens gepluk word. Ons moet Hom toelaat om ons ‘n nuwe natuur te gee. Sodat ons lewensboom die vrug van die ewige lewe dra. Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is dat jy sy Woord sal leef as ‘n lewende brief. Jou daad en woorde is dalk die enigste “Bybel” wat sommige mense ooit lees. Jesus, help my om ‘n lewende brief van U liefde en verlossing te wees. Help my om te praktiseer wat ek preek.

Gebedsaak:

1. Bid vir Smart kids kindergarten (Meerkat kleuterskool projek) met sy 30 kinders asook Juf Elvira Esingue in die Grootfontein omgewing.
2. Bid vir die Queen Sophia projek, asook Chris en Jessie van Rooyen wat aan die stuur staan.
3. Bid dat ons as Christene God met soveel eerbied en respek sal hanteer dat die mense om ons Hom ook sal lief kry en eer.
4. Bid dat ons as kinders van God Hom sal eer deur lewende briewe vir Hom te wees.
5. Bid hierdie week vir die Okahandja SLU asook die Hochveld, Imkerhof, Okahandja, karibib, Omaruru en Wilhelmstal/Okasisie boereverenings.

Geluk aan almal wat in die komende week verjaar. Mag jy die seën van die Here beleef omdat jy gehoorsaam aan die Skrif wil leef en 'n ware dissipel vir Jesus wil wees. As jy enige sake vir voorbidding het kan jy dit gerus deurstuur dan plaas ek dit in die gebedsbriewe...

Amosgroete vanuit 'n koue, erg winderige nog nie heeltemal doodgerypte, Kalahari
Smittie Kotzé

Bestel gerus vir jou 'n "Gebedsleiding". Kontak die Amoskantoor in die verband: 081 148 8993.

As jy 'n plaaswerkerskamp wil bespreek, kontak vir Jannie Wiese by: 062-570316.



AMOS GEBEDSBRIEF

deur Smittie Kotze

Kontak Smittie by: smitlinz@iway.na
Tel: 063 260 180 081 250 0746

Amos Kantoor: adminnamibia@amosafrica.net
www.amosafrica.net/namibia
Tel: +264 81 1488 993 Fax to E-mail: 088 652 1345

18 Junie 2017

Liewe (Amosvriend), ek hoop dat jy gesond is en dat dit in alle opsigte so goed gaan met jou as wat dit geestelik met jou gaan" (3 Joh vers 2). Voorspoed en seën! Dien Hom met oorgawe.

Gebed is 'n betekenisvolle gesprek tussen twee persone wat mekaar liefhet. Rosalind Rinker

Bid God se wil en jy sal gewaarborgde gebedsverhooring beleef!

"En nou kan ons met vrymoedigheid na God gaan, omdat Hy ons gebede verhoor as ons enige iets volgens **Sy wil vra**" (1 Joh 5:14).

Vandag staan ons stil by: **Christus die dienende leier.**

Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is...dat jy Hom sal eer deur dienslewering.

Lees: 2 Kor 4: 1-11 "Ons verkondig nie onself nie, maar Jesus Christus as die Here, en onself as julle dienaars ter wille van Jesus." (v. 5).

Iemand merk eendag droogweg op terwyl hy vir ure in 'n staatsinrigting se ry staan terwyl die amptenaar agter die toonbank eers bietjie met sy voete op die tafel voor hom wil sit terwyl die lang ry voor hom nie korter raak nie: Dit lyk asof sekere staatsamptenare nog nie die servant-gedeelte van die civil servant raakgesien het nie. Ongelukkig is dit so dat sommige staatsamptenare hulself as base sien wat die publiek voor hulle moet verneder en as klase behandel, in plaas van diensknegte van die publiek wat eintlik moet help.

Vir Paulus is dit presies die teenoorgestelde van wat 'n Christen moet wees. Leiers is daar om te dien. Ons is nie daar om onself te verhoog nie, maar om mense ter wille van Jesus Christus te help en te dien. Ons moet eerder voete as koppe was.

Die duiwel kry dit reg om mense hoogmoedig en meerderwaardig te maak. Die duiwel help mense om hulle oë toe te maak vir die heerlikheid van Jesus. Die duiwel maak dat mense nie regtig besef wie Jesus is nie. Volgens **vers 6** sal jy as jy Jesus regtig ken, sy heerlikheid weerkaats. Jy sal 'n brief wees wat ander mense van Hom vertel. In jou breekbare kleipot plaas Hy sy kosbare skat, nl die verlossingsboodskap van die blye evangelie.

Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is dat jy Hom sal eer deur dienslewering.

Jesus, help my om nie baas oor mense te wil speel nie, maar eerder diens te lewer wat Hom verheerlik.

Gebedsaak:

1. Bid vir Kabouterland kleuterskool (Meerkat kleuterskool projek) met sy 20 kinders asook Juf Monaliza Katambo in die Grootfontein omgewing.
2. Bid vir die Queen Sophia projek, asook Chris en Jessie van Rooyen wat aan die stuur staan.
3. Bid dat ons as Christene God met soveel eerbied en respek sal hanteer dat die mense om ons Hom ook sal lief kry en eer.
4. Bid dat ons as kinders van God Hom sal eer deur dienaars vir Hom te wees.
5. Bid hierdie week vir die Otjiwarongo SLU asook die Oshiri, Otjiwarongo, Waterberg en Kalkveld boereverenings.

Geluk aan almal wat in die komende week verjaar. Mag jy die seën van die Here beleef omdat jy gehoorsaam aan die Skrif wil leef en 'n ware dissipel vir Jesus wil wees. As jy enige sake vir voorbidding het kan jy dit gerus deurstuur dan plaas ek dit in die gebedsbrief...

Amosgroete vanuit 'n koue, erg winderige nog nie heeltemal doodgerypte, Kalahari
Smittie Kotzé

Bestel gerus vir jou 'n "Gebedsleiding". Kontak die Amoskantoor in die verband: 081 148 8993.

As jy 'n plaaswerkerskamp wil bespreek, kontak vir Jannie Wiese by: 062-570316.



AMOS GEBEDSBRIEF

deur Smittie Kotze

Kontak Smittie by: smitlinz@iway.na
Tel: 063 260 180 081 250 0746

Amos Kantoor: adminnamibia@amosafrica.net
www.amosafrica.net/namibia
Tel: +264 81 1488 993 Fax to E-mail: 088 652 1345

25 Junie 2017

Liewe (Amosvriend), ek hoop dat jy gesond is en dat dit in alle opsigte so goed gaan met jou as wat dit geestelik met jou gaan" (3 Joh vers 2).

Voorspoed en seën! Dien Hom met oorgawe.

'n Mens leer nie om te bid in vyf maklike lesse nie, jy leer bid deur te bid. Rosalind Rinker
Bid God se wil en jy sal gewaarborgde gebedsverhooring beleef!

"En nou kan ons met vrymoedigheid na God gaan, omdat Hy ons gebede verhoor as ons enige iets volgens Sy wil vra"
(1 Joh 5:14).

Vandag staan ons stil by: **Christus se dood jou ewige begin.**

Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is...dat jy sal glo dat Sy sterwe die begin van jou ewige lewe saam met God is.

Lees: 2 Kor 4: 12-18 "Ons weet immers dat God, wat die Here Jesus uit die dood opgewek het, ons ook saam met Jesus sal opwek en ons saam met julle voor Sy troon sal stel." (v. 14).

Toe Jesus aan die kruis hang het Satan gedink dit is die einde van God se verlossingsplan, maar was sy verbasing groot toe dit eintlik die begin van elke mens wat in Jesus glo se ewige lewe is. Jesus se oorwinning aan die kruis bring ons elke keer as ons by die oop graf van 'n vriend of geliefde staan by die besef dat ook ons aardse dood maar net dui op 'n wonderlike ewige nuwe begin. Eendag sal elke graf oopbreek en die liggaam sal fisies opstaan. Die einde op aarde is vir die gelowige beslis saam met God die ewige nuwe begin.

Paulus bemoedig die Korinthiërs met presies hierdie gedagte. Die feit dat Jesus uit die dood opgestaan het, is ons waarborg dat die dood nie die einde is nie. Die dood is net die deurgang na 'n nuwe ewige manier van lewe. Daar, by God, het lewe regtig geen einde nie. Wonderlik!! **2 Kor 4:16, 17 "...Al is ons uiterlik besig om te vergaan, innerlik word ons van dag tot dag vernuwe. Ons swaarkry in hierdie lewe is maar gering en gaan verby, maar dit loop vir ons uit op 'n heerlijkheid wat alles verreweg oortref en wat ewig bly."**

Ons moet onthou dat alles wat ons hier op aarde mee besig hou is regtig net tydelik. Jou sport, werk en kuiers by die bure is net tydelik. Alles hier op aarde gaan verby. Ongelukkig is dit ook waar dat elke sekonde wat hier verby tik vir ewig verby is. Jy sal dit nooit weer terug kry nie, daarom moet jy elke sekonde sinvol benut. Eer God elke dag met jou manier van praat, dink en leef want jy gaan nooit weer hierdie dag hê nie. Elke dag

se geleenthede is vir altyd verby. Hierdie dag gaan eendag vir of teen jou getuig. So benut dit ten beste. Moenie hierdie verbygaande tyd mors op sinlose dinge nie.

Jy moet dus elke dag iemand vir Jesus probeer wen, deurdat jou lewe 'n lewende brief vir Jesus is. Jou dade moet getuig van Sy verlossing. **2 Kor 4:15 "Ons doen dit alles om julle ontwil, sodat die genade van God steeds meer mense kan bereik..."** Kom ons probeer om elke dag vir die ewigheid te laat tel.

Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is dat jy sal glo dat Sy sterwe die begin van jou ewige lewe saam met God is. Lewe dus elke sekonde tot eer van God. Meer mense het Hom daagliks nodig. Leef voluit want Jesus se dood beteken 'n nuwe begin vir jou.

Jesus, U is regtig die opstanding en die lewe. Help my om nie tyd te mors nie.

Gebedsaak:

1. Bid vir Henta kleuterskool (Meerkat kleuterskool projek) met sy 16 kinders asook Juf Regina Nauses en Klara David in die Grootfontein omgewing.
2. Bid vir die Queen Sophia projek, asook Chris en Jessie van Rooyen wat aan die stuur staan.
3. Bid dat ons as Christene God met soveel eerbied en respek sal hanteer dat die mense om ons Hom ook sal lief kry en eer.
4. Bid dat ons as kinders van God Hom sal eer deur dienaars vir Hom te wees.
5. Bid hierdie week vir die Outjo SLU asook die Biermanskool, Excelsior, Kamanjab, Noordgrens en Otjikondo boereverenings.

Geluk aan almal wat in die komende week verjaar. Mag jy die seën van die Here beleef omdat jy gehoorsaam aan die Skrif wil leef en 'n ware dissipel vir Jesus wil wees.

As jy enige sake vir voorbidding het kan jy dit gerus deurstuur dan plaas ek dit in die gebedsbrief...

Amosgroete vanuit 'n koue, winderige nog nie heeltemal doodgerypte, Kalaharie
Smittie Kotzé

Bestel gerus vir jou 'n "Gebedsleiding". Kontak die Amoskantoor in die verband: 081 148 8993.

As jy 'n plaaswerkerskamp wil bespreek, kontak vir Jannie Wiese by: 062-570316.



AMOS GEBEDSBRIEF

deur Smittie Kotze

Kontak Smittie by: smitlinz@iway.na
Tel: 063 260 180 081 250 0746

Amos Kantoor: adminnamibia@amosafrica.net
www.amosafrica.net/namibia
Tel: +264 81 1488 993 Fax to E-mail: 088 652 1345

01 Julie 2017

Liewe (Amosvriend), ek hoop dat jy gesond is en dat dit in alle opsigte so goed gaan met jou as wat dit geestelik met jou gaan" (3 Joh vers 2).

Voorspoed en seën! Dien Hom met oorgawe.

Gebed is die geheim van krag. Evan Roberts

Bid God se wil en jy sal gewaarborgde gebedsverhoring beleef!

"En nou kan ons met vrymoedigheid na God gaan, omdat Hy ons gebede verhoor as ons enige iets volgens **Sy wil vra**" (1 Joh 5:14).

Vandag staan ons stil by: **Ewige eiendom in die hemel.**

Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is...

329. dat jy jou oog op jou hemelse woning sal hou.

Lees: 2 Kor 5: 1-10

"Ons weet dat, wanneer ons aardse woning wat maar 'n tent is, afgebreek word, ons 'n vaste gebou in die hemel het." (v. 1).

In sekere lande woon almal omtrent in hout huise, terwyl in ander lande houthuise meer tydelike konstruksies is en nie eintlik gereken word nie. Maak nie saak van watter materiaal, hout, klip of steen, jou huisie gemaak is nie, op die ou end is alles maar tydelik. Ons bouwerk sal uiteindelik nie die ewigheid oorleef nie. Daar is geboue wat honderde jare oud is, maar in vergelyking met die ewigheid is dit maar kort.

Tog leef ons asof ons permanent hier op aarde is. Ons praat en beplan asof ons onverganklik is. Ons spandeer 80% van ons tyd aan die dinge wat tydelik is en maar van korte duur is. Ons lewens is maar baie dae net 'n gejaag na wind, want ons leef net vir die dinge wat vergaan. Dinge soos roem en rykdom. Tog sê die Woord dat ons moet belê waar mot en

roes nie kan verniel nie. Ons moet meer tyd spandeer aan die dinge wat geld nie kan koop nie, soos om ons verhouding met Jesus lewendig en intiem te hou. Ons moet belê in liefde, sagte woorde, geduld, omgee, respek en uitreik na andere.

Die enigste gebou wat ewig sal staan is die gebou wat Jesus vir ons in die hemel gereed gemaak het. Daardie woning met die baie kamers waarvan Hy in **Joh 14** praat. Daar moet ons belê. Hier is die lewe maar 'n tentwoning wat met tyd sal vergaan. As jy op reis is is 'n tent nuttig. Baie handig. Ons is hier op aarde eintlik maar net op reis vir 'n kort tydjie. Terwyl ons hier reis moet ons sorg dat ons saam met Jesus leef sodat ons saam met Hom kan bly as Hy ons kom haal. Verseker sal Hy kom om ons te kom haal en dan gaan hierdie tente afgebreek word en dan moet ons gereed wees om saam met Hom in Sy ewige woning te gaan bly.

Is jy gereed? Vandag, môre of oor 50 jaar.

Daarom moet ons grootste wens wees om te lewe soos wat Jesus wil hê dat ons sal lewe vlg **2 Kor 5:9**. Sodoende maak jy gereed vir daardie ewige huis saam met Jesus.

Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is dat jy jou oog op jou hemelse woning sal hou. "...ons het net een wens, en dit is om te lewe soos Hy dit wil" 2 Kor 5:9. Belê in Jesus se vaste eiendom.

Jesus, dankie dat U vir ons plek gereed maak vir die ewigheid.

Gebedsaak:

1. Bid vir Bosshart kleuterskool (Meerkat kleuterskool projek) met sy 30 kinders asook Juf Maria Clemens in die Grootfontein omgewing.
2. Bid vir die Queen Sophia projek, asook Chris en Jessie van Rooyen wat aan die stuur staan.
3. Bid dat ons as Christene God met soveel eerbied en respek sal hanteer dat die mense om ons Hom ook sal lief kry en eer.
4. Bid dat die mensdom sal leef met die oog op die ewige eindom van die hemel.
5. Bid hierdie week vir die Grootfontein/Tsumeb en Otavi SLU asook die Platveld, Grootfontein, Nurugas, Otavi, Rietfontein, Veldduin, Tsumeb en Abenab boereverenings.

Geluk aan almal wat in die komende week verjaar. Mag jy die seën van die Here beleef omdat jy gehoorsaam aan die Skrif wil leef en 'n ware dissipel vir Jesus wil wees.

As jy enige sake vir voorbidding het kan jy dit gerus deurstuur dan plaas ek dit in die gebedsbrief...

Amosgroete vanuit 'n meer warm, winderige Kalahari

Smittie Kotzé

Bestel gerus vir jou 'n "Gebedsleiding". Kontak die Amoskantoor in die verband: 081 148 8993.

As jy 'n plaaswerkerskamp wil bespreek, kontak vir Jannie Wiese by: 062-570316.



AMOS GEBEDSBRIEF

deur Smittie Kotze

Kontak Smittie by: smitlinz@iway.na
Tel: 063 260 180 081 250 0746

Amos Kantoor: adminnamibia@amosafrica.net
www.amosafrica.net/namibia
Tel: +264 81 1488 993 Fax to E-mail: 088 652 1345

08 Julie 2017

Liewe (Amosvriend), ek hoop dat jy gesond is en dat dit in alle opsigte so goed gaan met jou as wat dit geestelik met jou gaan" (3 Joh vers 2).

Voorspoed en seën! Dien Hom met oorgawe.

Moenie vir ligter laste bid nie, bid vir sterker rûe. Roosevelt

Bid God se wil en jy sal gewaarborgde gebedsverhoring beleef!

"En nou kan ons met vrymoedigheid na God gaan, omdat Hy ons gebede verhoor as ons enige iets volgens **Sy wil vra**" (1 Joh 5:14).

Vandag staan ons stil by: **Uitreik na ander.**

Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is...

330. dat jy vanuit die liefde van Christus sal uitreik na ander.

Lees: 2 Kor 5: 11-19 "Die liefde van Christus dring ons." (v. 14).

Toe ek 'n klompie jare gelede in Skotland was het die Skot waarby ons gebly en gewerk het my gevra: wat is die boodskap van Kersfees? Volgens hom het dit meer oor die boom en hoe jy die boom in die hande kry gegaan as oor Jesus. Ek wou weet of hy 'n Christen is en volgens hom beskou hy homself as christelik omdat sy voorgeslagte iewers aan 'n kerk behoort het. Hy sien homself as post-christelik. Baie kerke in Europa word ook nie regtig meer gebruik nie en dien eintlik maar net 'n historiese - museum - doel. Baie Europeërs het nie meer 'n lewende verhouding met Jesus nie. Hulle is post-christelik, m.a.w. hulle is by die godsdiens-ding verby. Hulle vind hulle sekuriteit in iets of iemand anders as in Jesus.

Iewers sal iemand weer die goeie nuus aan die Europeërs moet gaan verkondig. Hulle sal oorwegend oor gekersten moet word. Al is daardie samelewings hoe ontwikkel en gesofistikeerd moet hulle as heidene beskou word wat weer by Jesus moet uitkom. Hulle sal by die punt gebring moet word waar hulle besef dat hulle sonder Jesus verlore is. Ons voorouers kom oorwegend uit Europe en vandag het hulle Jesus dringend nodig. In Paulus

se tyd het ons heidense voorouers afgode gedien en elke evangelis is verwerp of vermoor. Tog het Paulus en die ander dissipels aangehou om sendingwerk te doen. Hoekom? **“Die liefde van Christus dring ons.” (v. 14).**

Paulus het dit nie reggekry omdat hy vir Jesus lief was nie, maar omdat Jesus vir hom lief was. Die liefde van Jesus vir elke siel wat verlore kan gaan het hom forseer, dit het hom gedwing om uit te reik na elke heiden. Daardie selfde liefde word volgens Jesus in jou en my hart uitgestort deur die geskenk van die Heilige Gees. **Rom 5:5 “...God het Sy liefde in ons harte uitgestort deur die Heilige Gees wat Hy aan ons gegee het.”** Christus se soeke na verlore siele het nie verander of verminder nie. **Luk 19:10 “Die Seun van die mens het immers gekom om te soek en te red wat verlore is.”** Hy doen dit deur my en jou. Ons is Sy mond, hande en voete.

Hou jou oë oop vir elke mens wat oor jou pad kom wat dalk nodig het om die goeie nuus van die evangelie te hoor. Laat die liefde wat Jesus vir jou het jou dring, dwing of forseer om Sy genadige verlossing met ander te deel (**2 Kor 5:14**). Onthou jy kan dit nie doen a.g.v. jou liefde vir Hom nie, maar net a.g.v. sy liefde vir jou en elke verloregaande sondaar.

Volgens **2 Kor 5:16-19** het Jesus jou nuutgemaak en met hierdie bediening van verlossing en versoening vertrou. **Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is dat jy vanuit die liefde van Christus sal uitreik na ander.**

Jesus, U het uit liefde vir my gesterf. Help my om nou uit liefde vir U te leef deurdat ek U evangelie met ander deel.

Gebedsaak:

1. Bid vir Kanovlei kleuterskool (Meerkat kleuterskool projek) met sy kinders asook Juf Elvi Klemens in die Grootfontein omgewing.
2. Bid vir die Queen Sophia projek, asook Chris en Jessie van Rooyen wat aan die stuur staan.
3. Bid dat ons as Christene God met soveel eerbied en respek sal hanteer dat die mense om ons Hom ook sal lief kry en eer.
4. Bid dat die mensdom gedring deur Jesus se liefde asook die inwoning van die Heilige Gees getuies vir Hom sal wees.
5. Bid hierdie week vir die NLU wysheid en insig. Hulle moet soveel belangrike sake namens ons hanteer.

Geluk aan almal wat in die komende week verjaar. Mag jy die seën van die Here beleef omdat jy gehoorsaam aan die Skrif wil leef en 'n ware dissipel vir Jesus wil wees.

As jy enige sake vir voorbidding het kan jy dit gerus deurstuur dan plaas ek dit in die gebedsbrieff...

Amosgroete vanuit 'n meer warm - nie so erg koud, winderige Kalaharie
Smittie Kotzé

Bestel gerus vir jou 'n "Gebedsleiding". Kontak die Amoskantoor in die verband: 081 148 8993.

As jy 'n plaaswerkerskamp wil bespreek, kontak vir Jannie Wiese by: 062-570316.



AMOS GEBEDSBRIEF

deur Smittie Kotze

Kontak Smittie by: smitlinz@iway.na
Tel: 063 260 180 081 250 0746

Amos Kantoor: adminnamibia@amosafrica.net
www.amosafrica.net/namibia
Tel: +264 81 1488 993 Fax to E-mail: 088 652 1345

16 Julie 2017

Liewe (Amosvriend), ek hoop dat jy gesond is en dat dit in alle opsigte so goed gaan met jou as wat dit geestelik met jou gaan" (3 Joh vers 2).

Voorspoed en seën! Dien Hom met oorgawe.

Is jou hart se las te swaar om te dra? Stuur dit per gebedspos na Jesus. Hy sal dit verwelkom. Samuel Rutherford

Bid God se wil en jy sal gewaarborgde gebedsverhoring beleef!

"En nou kan ons met vrymoedigheid na God gaan, omdat Hy ons gebede verhoor as ons enige iets volgens **Sy wil vra**" (1 Joh 5:14).

Vandag staan ons stil by: **Carpe Diem.**

Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is...

331. dat jy elke getuienis geleentheid sal benut, want vandag, nou, is dalk die ou voor jou se laaste kans.

Lees: 2 Kor 5: 20-6:2 "Kyk, nou is die regte tyd, nou is die dag van redding." (v. 2).

Ons is altyd verskriklik geskok wanneer jong mense skielik sterf weens ongelukke, siekte of wat die rede ook mag wees, want die lewe lê mos nog vir hulle voor. Punt is: die lewe is onvoorspelbaar en tydelik en enige mens kan enige oomblik sterf, ongeag ouderdom. Jy moet gereed wees. Jong mense sal maklik sê: ek sal my later bekommer oor bekering en ernstig raak oor godsdienste. Nou wil ek nog alles beproef en geniet. Ongelukkig vir baie breek daardie "later" geleentheid nooit aan nie. Ai, dis hartseer. Aan die ander kant het jy dalk ook net hierdie een kans, vandag, om met daardie spesifieke mens wat jou pad kruis die goeie nuus van Jesus se verlossing te deel. Carpe Diem! Getuig! Moenie uitstel nie.

Paulus beklemtoon dit dat jy die eerste geleentheid wat jy kry om jou saak met Jesus reg te maak sal aan gryp. Moenie tydmors en uitstel nie. Gryp nou die geleentheid aan. Elke gelowige is Jesus se ambassadeur op aarde. As ambassadeur verteenwoordig jy God en Sy verlossingsplan op aarde. Elke keer wat jy getuig van Jesus se redding en verlossing in jou eie lewe is dit eintlik God wat deur jou roep tot die ou teenoor wie jy getuig. God roep deur jou getuienis: die kruis is vir jou geplant! Kniel vandag, nou, daar! Jesus het juis gekom om sodat elke mens op aarde die verlossing aan die kruis sal aanneem (**Joh 3:16**). Paulus smeek

die Korinthiërs in **2 Kor 5:20 “Aanvaar die versoening met God wat Hy bewerk het!”** Hierdie versoening is meer as net om lidmaat van ‘n gemeente te wees of om goeie dade te doen of om ‘n goeie lewe te lei. Deur daardie versoening persoonlik te aanvaar word dit ‘n persoonlike verhouding met jou Verlosser. Die verhouding se intimiteit lê daarin dat Jesus met jou plekke ruil, deurdat Hy in jou plek sterf. Hy dra jou straf. **“Christus was sonder sonde, maar God het Hom in ons plek as sondaar behandel sodat ons, deur ons eenheid met Christus, deur God vrygespreek kan wees” 2 Kor 5:21.** Hoekom sal ‘n mens kies om uit stel en dalk hierdie wonderlike geleentheid om kind van God te word deur jou vingers laat glip? Hoekom wag vir môre? Jesus ruil ons sonde vir Sy goedheid. Hoekom kies jy om dit nie onmiddelik aan te gryp nie?

Aanvaar hierdie duur verlossings-geskenk anders het Jesus verniet gesterf. Hy bied dit nou aan. Môre is dalk te laat.

As jy reeds hierdie verlossings-geskenk aanvaar het is die heel beste wat jy kan doen om dit uit te deel aan ander om jou sodat hulle ook kan deel in Sy verlossing. Hierdie vers, **“Kyk, nou is die regte tyd, nou is die dag van redding.” (v. 2),** dui op twee waarhede, 1. Jy moet elke geleentheid om te getuig van Jesus se verlossing aangryp, want dit kan dalk die ou voor jou se laaste kans wees, en 2. As jou saak met God nie reg is nie moet jy nie uitstel tot later nie, want later gaan dalk nooit vir jou aanbreek nie. **Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is dat jy elke getuienis geleentheid sal benut, want vandag, nou, is dalk die ou voor jou se laaste kans. Hoe ‘n goeie versoeningsambassadeur is jy vir Jesus op aarde?**

Jesus, help my om vandag die goeie nuus van verlossing te deel met elke persoon wat my pad kruis.

Gebedsaak:

1. Bid vir Kandu kleuterskool (Meerkat kleuterskool projek) met sy 20 kinders asook Mnr Johannes Michael in die Grootfontein omgewing.
2. Bid vir die Queen Sophia projek, asook Chris en Jessie van Rooyen wat aan die stuur staan.
3. Bid dat ons as Christene God met soveel eerbied en respek sal hanteer dat die mense om ons Hom ook sal lief kry en eer.
4. Bid dat die mensdom gedring deur Jesus se liefde asook die inwoning van die Heilige Gees getuies vir Hom sal wees.
5. Bid dat ons elke getuienis geleentheid voluit sal benut en nie sal uitstel tot môre nie, want môre is dalk te laat vir die ou wat jou pad gekruis het.
6. Bid saam met die Amosbestuur vir hulle vas en bid naweek.

Geluk aan almal wat in die komende week verjaar. Mag jy die seën van die Here beleef omdat jy gehoorsaam aan die Skrif wil leef en 'n ware dissipel vir Jesus wil wees.

As jy enige sake vir voorbidding het kan jy dit gerus deurstuur dan plaas ek dit in die gebedsbrief..

Amosgroete vanuit 'n ysige koue, winderige Kalahari

Smittie Kotzé

Bestel gerus vir jou 'n "Gebedsleiding". Kontak die Amoskantoor in die verband: 081 148 8993.

As jy 'n plaaswerkerskamp wil bespreek, kontak vir Jannie Wiese by: 062-570316.



AMOS GEBEDSBRIEF

deur Smittie Kotze

Kontak Smittie by: smitlinz@iway.na
Tel: 063 260 180 081 250 0746

Amos Kantoor: adminnamibia@amosafrica.net
www.amosafrica.net/namibia
Tel: +264 81 1488 993 Fax to E-mail: 088 652 1345

23 Julie 2017

Liewe (Amosvriend), ek hoop dat jy gesond is en dat dit in alle opsigte so goed gaan met jou as wat dit geestelik met jou gaan" (3 Joh vers 2).

Voorspoed en seën! Dien Hom met oorgawe.

Moenie bang wees omdat jou gebede stamelend, jou woorde min en jou taalgebruik swak is nie. Jesus verstaan jou. Net soos 'n ma die eerste brabbelwoordjies van haar kindjie verstaan, weet die Verlosser wat sondaars bedoel wanneer hulle bid. Hy kan 'n sug lees en 'n kreun ontsyfer. JC Ryle

Bid God se wil en jy sal gewaarborgde gebedsverhooring beleef!

"En nou kan ons met vrymoedigheid na God gaan, omdat Hy ons gebede verhoor as ons enige iets volgens **Sy wil vra**" (1 Joh 5:14).

Vandag staan ons stil by: **Om God se wil te doen kos soms duur.**

Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is...

332. dat jy ten spyte van die prys steeds Sy wil sal doen.

Lees: 2 Kor 6:3-7

"...Dit doen ons met baie geduld in verdrukking, ontbering en nood...Ons wapen vir aanval en verdediging is om die wil van God te doen" (v. 4,7).

In elke opsig moet die kind van God se lewe en leefwyse van Jesus Christus getuig. As kinders van God word ons deur nie-Christene baie fyn dop gehou. Ons lewe is mos eintlik soos 'n brief wat ander lees om meer van God te wete te kom. Ook sê die Woord dat ons soos 'n lamp op 'n staander is wat deur die nag die donker moet verdryf. Ons leefwyse mag nie ander mense afskrik om Jesus te wil volg nie. Daarom sê Paulus in **vers 3 "Ons wil nie hê dat met ons bediening fout gevind word nie."**

Dit is vreeslik maklik om 'n Christen te wees as dit maklik en goed gaan. As almal met jou saamstem en jy beleef geen vervolging nie is dit maklik om Christen te wees. Eintlik moet jy oor jou eie geestelike toestand bekommerd wees as geen teenkanting kry oor jou geloof in Jesus nie. Die kuns is mos om steeds 'n lewende brief wat van God getuig te wees as dinge nie so lekker en maklik gaan nie. As die versoekings op jou neer stort moet jy steeds getuig van jou redding en van jou Verlosser se liefde. Sodat die ander ook in jou moeilike omstandighede kan sien dat Jesus jou Koning is. Hoor wat sê Paulus: **"Dit doen ons met baie geduld in verdrukking, ontbering en nood" (2 Kor 6:4).**

Hulle is soms geslaan vir hulle geloof. Sy lewe was 'n klomp kere in oproere in gevaar gewees. Ander kere moes die gelowiges hom waarsku dat die mense komplote teen hom

smee om hom te vermoor, dan moes hulle in die nag met ompaaie vlug. Deur al hierdie teenkating en verwerping wat hy beleef het het hy Jesus se saak eerste gestel. **“Ons het onberispelik opgetree, met begrip, met verdraagsaamheid en vriendelikheid. Dit alles het ons gedoen deur die Heilige gees, deur opregte liefde, deur die woord van die waarheid en deur die krag van God. Ons wapen vir aanval en verdediging is om die wil van God te doen” (2 Kor 6:6,7).**

Hoe lyk jou lewe? Getuig dit onder alle omstandighede van jou verlossing in Christus? Weet jou vriende en die persoon agter die winkel se kasregister dat jy uitverkoop aan Jesus is. Of lyk jy maar soos die wêreld om nie so baie aanstoot te gee nie. 'n Vriend van my vertel dat na sy bekering hy al sy drinke broers verloor het. Hy was skielik vir hulle 'n verleentheid of dalk 'n bedreiging. Dalk is hulle bang dat hulle dalk ook sal moet opstaan vir die Koninkryk deur regte besluite en keuses te maak. Dit is moeilik om Christen te wees as jy 100% aan die wil van God gehoorsaam wil wees. Teenkating en vervolging sal jy kry. **Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is dat jy ten spyte van die prys steeds Sy wil sal doen.**

Is jy bereid om vir Jesus te leef al verloor jy al jou maats en word jy die bespotting van die dorp?

Jesus, help my om deur alles aan U getrou te bly.

Gebedsaak:

1. Bid vir Oerwoud kleuterskool (Meerkat kleuterskool projek) met sy 35 kinders asook Mnr Paulus Kambathi in die Grootfontein omgewing.
2. Bid vir die Queen Sophia projek, asook Chris en Jessie van Rooyen wat aan die stuur staan.
3. Bid dat ons as Christene God met soveel eerbied en respek sal hanteer dat die mense om ons Hom ook sal lief kry en eer.
4. Bid dat die mensdom gedring deur Jesus se liefde asook die inwoning van die Heilige Gees getuies vir Hom sal wees.
5. Bid dat ons te midde van teenkating sal uitstaan vir Jesus.
6. Bid saam met die Amosbestuur vir hulle vas en bid naweek.

Geluk aan almal wat in die komende week verjaar. Mag jy die seën van die Here beleef omdat jy gehoorsaam aan die Skrif wil leef en 'n ware dissipel vir Jesus wil wees.

As jy enige sake vir voorbidding het kan jy dit gerus deurstuur dan plaas ek dit in die gebedsbrief...

Amosgroete vanuit 'n koue, winderige Kalahari

Smittie Kotzé

Bestel gerus vir jou 'n "Gebedsleiding". Kontak die Amoskantoor in die verband: 081 148 8993.

As jy 'n plaaswerkerskamp wil bespreek, kontak vir Jannie Wiese by: 062-570316.



AMOS GEBEDSBRIEF

deur Smittie Kotze

Kontak Smittie by: smitlinz@iway.na
Tel: 063 260 180 081 250 0746

Amos Kantoor: adminnamibia@amosafrica.net
www.amosafrica.net/namibia
Tel: +264 81 1488 993 Fax to E-mail: 088 652 1345

30 Julie 2017

Liewe (Amosvriend), ek hoop dat jy gesond is en dat dit in alle opsigte so goed gaan met jou as wat dit geestelik met jou gaan" (3 Joh vers 2).

Voorspoed en seën! Dien Hom met oorgawe.

Gebed is om onself aan God te gee, om sy gebooie te gehoorsaam, sodat Hy deur ons kan doen wat Hy die graagste gedoen wil hê. Agnes Sanford

Bid God se wil en jy sal gewaarborgde gebedsverhooring beleef!

"En nou kan ons met vrymoedigheid na God gaan, omdat Hy ons gebede verhoor as ons enige iets volgens **Sy wil vra**" (1 Joh 5:14).

Vandag staan ons stil by: **Die lewe het 'n skerp kant!.**

Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is...

333. dat jy saam met Jesus die aanslae van die lewe en die valsheid van die menslike hart sal hanteer.

Lees: 2 Kor 6:8-18 "...Ons harte is vir julle wyd oop..." (v. 11).

Iemand het eendag gesê: Die lewe is soos 'n nikkerball hard maar lekker. Jy dink dalk nou: Wat kan nou lekker wees aan al die teenkating wat ek soms kry? Ja, die sleg van die soort goed is dat dit soms die kerk is wat die wreedste vervolging toe pas op sy eie mense wat dalk net nie saamstem met wat die kerk op daardie stadium doen nie. **Ps 5;10,11** beskryf nogal die valsheid van die menslike hart baie goed. Almal van ons het al iewers deurgeloop onder die venyn van 'n vals hart.

Paulus se verhouding met die gemeente in Korinte is 'n voorbeeld van hoe erg dit soms in die kerk kan gaan. Paulus het meeste van die gemeente na die Here gelei, maar toe hulle ontevrede met hom raak het hulle allerhande praatjies teen hom gemaak en hom soms in 'n baie slegte lig gestel. Geseënde gemeente, maar vol dinge. Net die Here kan 'n mens in

sulke situasies help om op die ou einde die klomp skinderbekke te vergewe en hulle te seën. Op jou eie wysheid en krag sal jy eerder aan moord as 'n opsie dink. Dan moet jy nie bid vir krag nie, eerder vir wysheid. Onder sulke omstandighede is die raad van Dawid in **Ps 4:6** die beste: **“...julle moet op die Here vertrou.”** **Ps 5:9** **“Omdat ek vyande het, Here, leer my tog wat reg is en help my om U wil te doen.”**

Vertrou maar op die Here. **Ps 90:14,15** **“Omdat hy my liefhet, sal Ek hom red...omdat hy My ken, sal Ek hom beskerm. Wanneer hy My aanroep, sal ek sy gebed verhoor; in sy nood sal Ek by hom wees, Ek sal hom red en hom in sy eer herstel.”** Dawid stel eintlik voor dat ons hierdie persoon met die vals hart wat jou nood veroorsaak eerder vir die Here gee, want HY sal jou eer herstel volgens **vers 15**. God sal daardie ‘vyand’ reg hanteer en bo dit alles jou eer herstel as jy Hom vertrou met jou probleem.

Volgens Paulus is die geheim – Jesus se liefde. Paulus se hart was oop vir die gemeente, al het hy nie altyd dieselfde reaksie teruggekry nie. Hy pleit vir oop harte sodat daar 'n mooi liefdesverhouding tussen hom en die gemeente kan wees. Kom ons ondersteun mekaar en kom ons respekteer mekaar se sienings al verskil dit hemelsbreed van mekaar in dieselfde gemeente. **Ps 5:12,13** **“...U beskerm die wat U naam liefhet...U laat dit goed gaan met die regverdige...U goedheid beskerm hom soos 'n skild.”** **Ps 7:11, 12** **“God wat die opregtes help, is my beskermmer. God is 'n betroubare regter...”**

Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is dat jy saam met Jesus die aanslae van die lewe en die valsheid van die menslike hart sal hanteer.

Jesus, gee my 'n oop hart vir die mense wat nie altyd liefdevol teenoor my optree nie. Help my om deur alles aan U getrou te bly.

Gebedsaak:

1. Bid vir Omatope kleuterskool (Meerkat kleuterskool projek) met sy 17 kinders asook Juf Hendrina Hausiku in die Grootfontein omgewing.
2. Bid vir die Queen Sophia projek, asook Chris en Jessie van Rooyen wat aan die stuur staan.
3. Bid dat ons as Christene God met soveel eerbied en respek sal hanteer dat die mense om ons Hom ook sal lief kry en eer.
4. Bid dat die mensdom gedring deur Jesus se liefde asook die inwoning van die Heilige Gees getuies vir Hom sal wees.
5. Bid dat ons te midde van teenkating sal vertrou op Jesus.
6. Bid saam met Paulus Nangombe vir hul kleuterskool, Shalom Kindergarten en Hostel, asook die juffrouens Maria en Erika en die matrone Alomina. Bid ook vir die fondse vir hul boorgat op die plaas, Milanda, noordoos van Okahandja. Hulle kort N\$60 000.00 om die boorkostes te delg van die kontrakteerprojekte op die plaas.

Geluk aan almal wat in die komende week verjaar. Mag jy die seën van die Here beleef omdat jy gehoorsaam aan die Skrif wil leef en 'n ware dissipel vir Jesus wil wees.

As jy enige sake vir voorbidding het kan jy dit gerus deurstuur dan plaas ek dit in die gebedsbrief...

Amosgroete vanuit 'n warmer Kalahari

Smittie Kotzé

Bestel gerus vir jou 'n "Gebedsleiding". Kontak die Amoskantoor in die verband: 081 148 8993.

As jy 'n plaaswerkerskamp wil bespreek, kontak vir Jannie Wiese by: 062-570316.



AMOS GEBEDSBRIEF

deur Smittie Kotze

Kontak Smittie by: smitlinz@iway.na
Tel: 063 260 180 081 250 0746

Amos Kantoor: adminnamibia@amosafrica.net
www.amosafrica.net/namibia
Tel: +264 81 1488 993 Fax to E-mail: 088 652 1345

05 Augustus 2017

Liewe (Amosvriend), ek hoop dat jy gesond is en dat dit in alle opsigte so goed gaan met jou as wat dit geestelik met jou gaan" (3 Joh vers 2).

Voorspoed en seën! Dien Hom met oorgawe.

Gebed is geestelike dinamiet. Helen S Shoemaker

Bid God se wil en jy sal gewaarborgde gebedsverhoring beleef!

"En nou kan ons met vrymoedigheid na God gaan, omdat Hy ons gebede verhoor as ons enige iets volgens **Sy wil vra**" (1 Joh 5:14).

Vandag staan ons stil by: **Rentmeesterskap.**

Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is...

334. dat jou beurse ook tot bekering sal kom.

Lees: 2 Kor 8:6-15 "Wees dan ook in die liefdeswerk oorvloedig" (v. 7).

Het jy geweet dat die Bybel vyf maal meer oor rentmeesterskap praat as oor geloof of oor die hemel. Hoekom praat die Bybel so duidelik oor ons dankoffers? Dit terwyl die skatkamers van die hemel aan God behoort.

1. God het vir ons lief en gee vir ons om en daarom wil Hy ons bewaar teen gierigheid. Want gierigheid is die wortel van baie kwaad.
2. Ons goed kan so maklik ons god word en dit skuif God uit ons lewens uit en Hy wil ons daarteen beskerm.

Die gemeente in Korinthe is versoek om donasies aan die gemeente in Jerusalem te gee, want die gelowiges daar was besig om te dood van die honger. Hierdie donasies het nie gegaan oor kleingeld in 'n spaarvarkie gooi nie. Hulle moes 'n jaar vooruit beplan en begroot sodat hul bydrae 'n wesenlike verskil kon maak in Jerusalem. Hier kry ons die konsep van geloofsoffers. Almal kon nie op een spesifieke dag hulle offers gee nie agv hul boerdery en ambagte, maar hulle kon gedurende 'n jaar beplan om hul regmatige geloofsoffer te gee. Die Woord leer ons dat die Here die gewillige, blymoedige gewer lief het.

In ons dag is daar ook geld nodig vir die uitbreiding van die Koninkryk van God. **2 Kor 4:7** verduidelik dat die kosbare skat, die evangelie, aan ons toevertrou is. Nie aan die engele nie. Aan ons. Daarom gaan dit my verstand te bowe dat ons 'n offer wil gee maar ons wil dit beheer en kontroleer tot op die eindpunt in die sendingveld. Ek sal gee maar ek wil

beheer. Moenie gee nie. Jou gesindheid is verkeerd. Dink aan die ou vroutjie waarvan Jesus vertel het wat uit haar armoede alles gegee het wat sy gehad het. Dit was vir God aanneemlik en nie die offer wat uit oorfloed met die verkeerde gesindheid gegee is nie. Gewilligheid om te gee en nie die hoeveelheid wat jy bydra is belangrik.

‘n Gemeente wat geleer het om uit te reik met hul gawes en geld is ‘n lewende groeiende gemeente. Gemeentes wat stagneer is na binne gekeer en daar hoor jy ook baie die redenasie van sorg eers vir ons eie mense. Hulle is nog nie vry van hulle self of hul god nie. Baie gemeentes sal eerder die kerk verf as om ‘n sendeling te ondersteun. Dit is ‘n resep vir stagnasie. Die kerk is ‘n lewende organisme en groei deur ‘n gesonde balans tussen opbou –na binne- en uitbou –na buite- te handhaaf.

As ons ook leer om saam by te dra versterk dit ook ons eenheid as kinders van God. Om te gee getuig ook van liefde en omgee. As ons God se liefde in ons het vir die mense om ons wil ons vanuit daardie liefde bydra. As ons weier om te help getuig dit ook van die soort liefde in ons.

Mag die Here jou hart aanraak sodat jy met blymoedige vrygewigheid en ‘n seën vir ander kan wees. **Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is dat jou beursie saam met jou tot bekering sal kom.**

Jesus, U gee in oorfloed aan ons. Help ons om daardie oorfloed gewillig en blymoedig met ander wat swaarkry of op die sendingveld werk te gee. Maak ons vry van gierigheid en dankbaar vir wat ons het.

Gebedsaak:

1. Bid vir Robin Hood kleuterskool (Meerkat kleuterskool projek) met sy 20 kinders asook Juf Cornelia Jona in die Grootfontein omgewing.
2. Bid vir die Queen Sophia projek, asook Chris en Jessie van Rooyen wat aan die stuur staan.
3. Bid dat ons as Christene God met soveel eerbied en respek sal hanteer dat die mense om ons Hom ook sal lief kry en eer.
4. Bid dat ons as kinders van God blymoedige gewers van goeie gawes sal wees.
5. Bid saam vir Hetty Rose Junius en Raymand haar man wat op die stadium deur ‘n moeilike tyd met siekte en behandeling gaan.
6. Bid saam met Paulus Nangombe vir hul kleuterskool, Shalom Kindergarten en Hostel, asook die juffrouens Maria en Erika en die matrone Alomina. Bid ook vir die fondse vir hul boorgat op die plaas, Milanda, noordoos van Okahandja. Hulle kort N\$60 000.00 om die boor kostes te delg van kontrakteerprojekte op die plaas.

Geluk aan almal wat in die komende week verjaar. Mag jy die seën van die Here beleef omdat jy gehoorsaam aan die Skrif wil leef en 'n ware dissipel vir Jesus wil wees.

As jy enige sake vir voorbidding het kan jy dit gerus deurstuur dan plaas ek dit in die gebedsbrief...

Amosgroete vanuit 'n warmer Kalahari

Smittie Kotzé

Bestel gerus vir jou 'n "Gebedsleiding". Kontak die Amoskantoor in die verband: 081 148 8993.

As jy 'n plaaswerkerskamp wil bespreek, kontak vir Jannie Wiese by: 062-570316.



AMOS GEBEDSBRIEF

deur Smittie Kotze

Kontak Smittie by: smitlinz@iway.na
Tel: 063 260 180 081 250 0746

Amos Kantoor: adminnamibia@amosafrica.net
www.amosafrica.net/namibia
Tel: +264 81 1488 993 Fax to E-mail: 088 652 1345

12 Augustus 2017

Liewe (Amosvriend), ek hoop dat jy gesond is en dat dit in alle opsigte so goed gaan met jou as wat dit geestelik met jou gaan" (3 Joh vers 2).

Voorspoed en seën! Dien Hom met oorgawe.

Wie nie tyd maak vir gebed nie, sal ook min uitrig in die ander ure van die dag. W Graham Scroggie

Bid God se wil en jy sal gewaarborgde gebedsverhoring beleef!

"En nou kan ons met vrymoedigheid na God gaan, omdat Hy ons gebede verhoor as ons enige iets volgens **Sy wil vra**" (1 Joh 5:14).

Vandag staan ons stil by: **Deursigtigheid.**

Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is...

335. dat jy deursigtig sal leef sodat jou getuienis waardig kan wees.

Lees: 2 Kor 8:16-21

"Ons is daarop gestel om korrek op te tree, nie alleen voor die Here nie, maar ok voor die mens" (v. 21).

Geld het al soveel onmin veroorsaak in families en kerke. Erfporsies het al gemaak dat familie dekades nie met mekaar praat nie. Baie van julle kan dalk so 'n storie vertel.

Omdat ons weet dat hierdie dinge 'n werklikheid is moet ons as kinders van God baie versigtig wees met ons optrede as ons met geld werk. Korrupsie en oneerlikheid kan so maklik 'n streep deur ons getuienis trek. Betroubaarheid is belangrik. Ons moet ook saam met mekaar werk sodat ons aan mekaar rekenskap kan gee van transaksies ens. **"...broer ook deur die gemeente gekies om met ons saam te reis...op hierdie manier voorkom ons dat enige iemand ons dalk sou verdink in verband met so 'n groot som geld..." 2 Kor 8:20.** In die geval van die Korinthe gemeente moes die donateurs seker wees dat elke sent wat vir Jerusalem gegee is wel daar uit kom.

Vriende, dit geld vir elke insameling wat ek en jy hou vir watter organisasie ook al, kerk, skool of boerevereniging. Niemand moet ooit na ons 'n vinger kan wys as ons met ander mense se fondse werk nie. Ook oor hoe jy met jou eie geld werk, soos belasting betaal ens moet jy baie deursigtig wees. Hoe jy besigheid doen dra ook 'n groot getuienis. Baie ouens

sê mos jy moet vir God en besigheid skei. As kind van die Here moet ons op elke terrein 'n getuie vir Hom wees. Ek weet van 'n bankamptenaar wat een keer uit iemand se rekening vir 'n krisis geld wou leen en dit dan later terug betaal. Die persoon is uitgevang voordat die geld terug in die rekening geplaas kon word en is geskors. Sulke sake word so moeilik reg gestel en die betrokke persoon se naam word so moeilik in ere herstel. Oneerlikheid kan groot skade veroorsaak.

Deur goeie kontrole word niemand somer in versoeking om oneerlik te wees gestel nie. Ons moet dankbaar wees vir elke kontrole maatreël wat ingestel is om ons te beskerm en toerekeningsvatbaar te hou. **“Ons is daarop gestel om korrek op te tree, nie alleen voor die Here nie, maar ook voor die mense.” (2 Kor 8:21) Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is dat jy deursigtig sal leef sodat jou getuie is geloofwaardig kan wees.**

Jesus, help elkeen van U kinders wat met geld moet werk om deursigtig, eerlik en betroubaar te wees sodat U naam geëer sal word.

Gebedsaak:

1. Bid vir Little lights kleuterskool (Meerkat kleuterskool projek) met sy 35 kinders asook Juf Florence Gaweto in die Grootfontein omgewing.
2. Bid vir die Queen Sophia projek, asook Chris en Jessie van Rooyen wat aan die stuur staan.
3. Bid dat ons as Christene God met soveel eerbied en respek sal hanteer dat die mense om ons Hom ook sal lief kry en eer.
4. Bid dat die mensdom gedring deur Jesus se liefde asook die inwoning van die Heilige Gees getuies vir Hom sal wees.
5. Bid saam met Raymond en Hetty Rose Junius vir goeie gesondheid.
6. Bid dat ons 'n groot getuie sal lewer met ons deursigtigheid met ander of ons eie finansies.

Geluk aan almal wat in die komende week verjaar. Mag jy die seën van die Here beleef omdat jy gehoorsaam aan die Skrif wil leef en 'n ware dissipel vir Jesus wil wees.

As jy enige sake vir voorbidding het kan jy dit gerus deurstuur dan plaas ek dit in die gebedsbrief...

Amosgroete vanuit 'n koue, winderige Kalahari
Smittie Kotzé

Bestel gerus vir jou 'n "Gebedsleiding". Kontak die Amoskantoor in die verband: 081 148 8993.

As jy 'n plaaswerkerskamp wil bespreek, kontak vir Jannie Wiese by: 062-570316.



AMOS GEBEDSBRIEF

deur Smittie Kotze

Kontak Smittie by: smitlinz@iway.na
Tel: 063 260 180 081 250 0746

Amos Kantoor: adminnamibia@amosafrica.net
www.amosafrica.net/namibia
Tel: +264 81 1488 993 Fax to E-mail: 088 652 1345

19 Augustus 2017

Liewe (Amosvriend), ek hoop dat jy gesond is en dat dit in alle opsigte so goed gaan met jou as wat dit geestelik met jou gaan" (3 Joh vers 2).

Voorspoed en seën! Dien Hom met oorgawe.

Buig die hart elke oomblik van die dag voor die Here, dan sal die een-keer-per-dag kniebuiging nie net 'n liggaamsaksie wees nie. Stella Seyffert

Bid God se wil en jy sal gewaarborgde gebedsverhooring beleef!

"En nou kan ons met vrymoedigheid na God gaan, omdat Hy ons gebede verhoor as ons enige iets volgens Sy wil vra" (1 Joh 5:14).

Vandag staan ons stil by: **Swak maar eintlik sterk.**

Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is...

336. dat jy Hom ook 100% in swaarkry en lyding sal vertrou en eer, want dan is jy sterk.

Lees: 2 Kor 11:26-33; 12:6-10

"...sal ek roem, maar dan oor my swakhede" (2 Kor 11:30).

"...My krag kom juis tot volle werking wanneer jy swak is" (2 Kor 12:9).

Christenwees is nie vir sissies nie. Die eerste Christene waarvan ons in Handeling lees het in 'n totaal antichristelike, afgodsdien milieu geleef en gewerk. Daar moes hierdie jong Christene getuig van hierdie Jesus wat hulle lewens nuut gemaak het. In lewensgevaar probeer hulle 'n verskil vir Jesus maak. Ons kry dit nie eers ordentlik reg in 'n sogenaamde Christenland sonder enige vervolging nie. Hulle lewens was dag na dag in gevaar. Sommiges moes met hulle lewe boet, maar dit het hulle nie van stryk gebring nie. Jesus se opdrag was sterker as enige teenspoed of dreigement. So was dit ook vir die sendelinge soos Paulus nie maklik nie. In groot gevaar moes hulle opstaan vir Jesus. Paulus was te midde van die erge toestande wel baie suksesvol. Maar hy bly nederig en roem eerder oor sy swakhede en swaarkry. Hy spog oor geen suksesse nie.

Die Here gebruik graag mense wat swak is sodat Hy die eer sal kry. Sy krag skyn dan deur jou. As jy dus dink dat jy swak is en dalk niks vir iemand kan beteken nie, maak jy 'n fout. Jou soort gebruik God met groot vrug. Dink aan Gideon, Josef, Moses. Manne wat nie gedink het hulle is in staat tot God se opdrag nie en Hy gebruik hulle met groot vrug. God kan en wil jou gebruik te midde van jou swakheid. Onthou jou God is almagtig! Met Hom kan jy soos Dawid oor 'n muur spring.

Paulus sukkel met 'n doring in sy vlees en tog gebruik die Here hom vir kragtige daade en wonders volgens **2 Kor 12:12**. Die Here antwoord selfs sy gebed met 'n **nee**. Daardeur leer Paulus dat God 'n besliste doel met lyding het. Paulus groei deur sy lyding tot 'n absolute geloofsreus. Miskien sukkel jy ook met iets wat vir jou baie hartseer en pyn veroorsaak. Jy voel dalk die Here hoor jou nie. Jy is dalk moedeloos. Die Here ken jou omstandighede. Dink aan Job. Hy kan dit onmiddelik verander, maar wil dalk nie omdat Hy 'n groter plan as jou eie gerief het. Ons kyk deur die sleutelgat, maar God kyk deur die oop deur. Miskien wil Hy juis deur jou lyding vir jou 'n seën vir ander maak. Het jy al by 'n terminaal siek persoon besoek afgelê om hul te bemoedig en dan bemoedig daardie dodelik siek mens jou? Deur die swaarkry, pyn en lyding tel daardie siek persoon jou op en versterk jou. Net God wat lyding tot soveel positiewe energie kan omskakel.

Die Here wil jou geloof versterk deur swaarkry en lyding. Sukses lê daarin dat jy die toets van die tyd slaag. Deur lyding groei jy geestelik. Jy word 'n reus in Jesus. Die geheim is om God te midde van die ellende te vertrou. Hy sal jou nooit in die steek laat nie. **Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is dat jy Hom ook 100% in swaarkry en lyding sal vertrou en eer, want dan is jy sterk.**

Jesus, dankie dat U ons in ons swakheid die heel beste gebruik. Ons wil U vertrou dat alles ten goede sal meewerk.

Gebedsaak:

1. Bid vir Hoba kleuterskool (Meerkat kleuterskool projek) met sy 12 kinders asook Juf Adelheid Garises in die Grootfontein omgewing.
2. Bid vir die Queen Sophia projek, asook Chris en Jessie van Rooyen wat aan die stuur staan.
3. Bid dat ons as Christene God met soveel eerbied en respek sal hanteer dat die mense om ons Hom ook sal lief kry en eer.
4. Bid dat die mensdom gedring deur Jesus se liefde asook die inwoning van die Heilige Gees getuies vir Hom sal wees.
5. Bid dat ons te midde van lyding aan Jesus sal vashou – dan is ons sterk.
6. Bid saam met die Amosbestuur vir hulle Boerslim kamp die naweek van 13-15 Oktober.
7. Bid die Here se seën oor Paulus Nangombe se uitreik op Witvlei – 4-11 Desember 2017.
8. Bid vir Raymand en Hetty Rose Junius se gesondheid en dat hulle deur die swaarkry skynende lampe vir Jesus sal wees.
9. Bid dat die 40 dae gebedstyd van Amos groot geestelike vrug sal dra.

Geluk aan almal wat in die komende week verjaar. Mag jy die seën van die Here beleef omdat jy gehoorsaam aan die Skrif wil leef en 'n ware dissipel vir Jesus wil wees.

As jy enige sake vir voorbidding het kan jy dit gerus deurstuur dan plaas ek dit in die gebedsbrief...

Amosgroete vanuit 'n koeler Kalahari
Smittie Kotzé

Bestel gerus vir jou 'n "Gebedsleiding". Kontak die Amoskantoor in die verband: 081 148 8993.

As jy 'n plaaswerkerskamp wil bespreek, kontak vir Jannie Wiese by: 062-570316.



AMOS GEBEDSBRIEF

deur Smittie Kotze

Kontak Smittie by: smitlinz@iway.na
Tel: 063 260 180 081 250 0746

Amos Kantoor: adminnamibia@amosafrica.net
www.amosafrica.net/namibia
Tel: +264 81 1488 993 Fax to E-mail: 088 652 1345

26 Augustus 2017

Liewe (Amosvriend), ek hoop dat jy gesond is en dat dit in alle opsigte so goed gaan met jou as wat dit geestelik met jou gaan" (3 Joh vers 2).

Voorspoed en seën! Dien Hom met oorgawe.

Geen mens kan groei in genade as hy gebed verwaarloos nie. C H Spurgeon

Bid God se wil en jy sal gewaarborgde gebedsverhooring beleef!

"En nou kan ons met vrymoedigheid na God gaan, omdat Hy ons gebede verhoor as ons enige iets volgens **Sy wil vra**" (1 Joh 5:14).

Vandag staan ons stil by: **Toets jouself aan die Skrif.**

Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is...

337. dat jy die Skrif as basis sal gebruik vir jou hele lewe.

Lees: 2 Kor 13:5-10 "Stel jouself op die proef en ondersoek julleself of julle in die geloof lewe" (vers 5).

Oom Angus noem die Bybel sy boerdery-handleiding. 'n Boek wat hy daagliks gebruik omdat hy God se raad vir sy elke dag se taak soek en benodig. 'n Pa het eendag voorin sy seun se Bybel die volgende woorde geskryf: "**Hierdie boek sal jou van sonde af weghou, of sonde sal jou van hierdie boek weghou.**" Die doel van die Bybel is om lewens te verander. Elke dag as ons die Bybel lees, ontdek ons wat die Here vir ons wil sê, maar ook gee ons die Heilige Gees kans om ons in die waarheid te onderrig en die waarheid in ons lewens vas te lê. Omdat die Here se Woord lewendig is sal ons elke keer wat ons daaruit lees 'n ander boodskap kry. 'n Boodskap vir die tyd waarin ons is en wat ons op daardie stadium baie nodig het.

Paulus vra dat ons onself elke dag aan die Woord toets sodat ons op die regte pad sal bly. Ons kan so maklik luister na wat mense sê, maar wat God sê is mos eintlik al wat tel. Luister mooi en toets jouself aan die Woord.

Daar is 'n storiëtjie van die Oupa en sy kleinseun wat elke oggend vroeg vuur maak in die koolstoof en saam met 'n koffietjie sit en Bybel lees. So na 'n paar dae sê die kleinseun toe vir sy oupa dat hy nie meer wil Bybel lees nie want hy onthou in elke geval nie wat hy lees nie en daarmee saam verstaan hy ook nie altyd die Bybel nie. Die oupa dink toe so 'n bietjie en vra toe dat die seun in die streepsak langs die stoof vir hom water uit die stroompie sal

gaan skep. Die streepsak was swart van die stoof se roet. Ywerig hardloop die mannetjie toe om water te skep maar as hy by die huis kom is die sak leeg en drup die water net. 'n Tweede en derde keer probeer hy om water in die sak vir sy oupa te bring. Hartseer sê hy later vir sy oupa dat die streepsak nie werk om water aan te dra nie. Oupa tel hom toe op sy skoot en vertel hom toe die doel van die oefening. Eers vra oupa of hy 'n verskil aan die sak sien? Ja, sê die kêreltjie, die sak is beslis skoner. Oupa antwoord toe dat elke keer wat hy die sak in die water gehad het, het die water geleentheid gehad om die vuil (swart roet) af te spoel van die sak af. So is dit ook as ons die Bybel lees. Al verstaan ons nie altyd wat ons lees nie en ons onthou dalk nie wat ons lees nie, het God en die Heilige Gees die kans om jou lewe skoon te was tot eer van God. Elke keer wat jy lees was die Woord jou skoon van sonde.

Ps 119:57 “...Dit is my lewe, Here, om U Woord te gehoorsaam.”

Ps 119:105 “U Woord is die lamp wat my die weg wys, die lig op my pad.”

Ps 119:140 “U Woord is baie suiwer, ek het dit baie lief.”

Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is dat jy die Skrif as basis sal gebruik vir jou hele lewe. Lees jou Bybel. God sal jou lewe daardeur verryk.

Jesus, dankie vir u Woord. Help my om my gereeld aan die woord te toets. Maak my gewillig om te verander.

Gebedsaak:

1. Bid vir Des Bois kleuterskool (Meerkat kleuterskool projek) met sy 22 kinders asook Juf Fransiena Komtsa in die Grootfontein omgewing.
2. Bid vir die Queen Sophia projek, asook Chris en Jessie van Rooyen wat aan die stuur staan.
3. Bid dat ons as Christene God met soveel eerbied en respek sal hanteer dat die mense om ons Hom ook sal lief kry en eer.
4. Bid dat die mensdom gedring deur Jesus se liefde asook die inwoning van die Heilige Gees getuies vir Hom sal wees.
5. Bid dat ons die Woord daagliks sal lees en as basis vir ons hele bestaan sal gebruik.
6. Bid saam met die Amosbestuur vir hulle Boerslim kamp die naweek van 13-15 Oktober.
7. Bid die Here se seën oor Paulus Nangombe se uitreik op Witvlei – 4-11 Desember 2017.
8. Bid vir Raymand en Hetty Rose Junius se gesondheid en dat hulle deur die swaarkry skynende lampe vir Jesus sal wees.
9. Bid dat die 40 dae gebedstyd van Amos groot geestelike vrug sal dra.

Geluk aan almal wat in die komende week verjaar. Mag jy die seën van die Here beleef omdat jy gehoorsaam aan die Skrif wil leef en 'n ware dissipel vir Jesus wil wees.

As jy enige sake vir voorbidding het kan jy dit gerus deurstuur dan plaas ek dit in die gebedsbrief...

Amosgroete vanuit 'n warm Kalahari

Smittie Kotzé

Bestel gerus vir jou 'n "Gebedsleiding". Kontak die Amoskantoor in die verband: 081 148 8993.

As jy 'n plaaswerkerskamp wil bespreek, kontak vir Jannie Wiese by: 062-570316.



AMOS GEBEDSBRIEF

deur Smittie Kotze

Kontak Smittie by: smitlinz@iway.na
Tel: 063 260 180 081 250 0746

Amos Kantoor: adminnamibia@amosafrica.net
www.amosafrica.net/namibia
Tel: +264 81 1488 993 Fax to E-mail: 088 652 1345

10 September 2017

Liewe (Amosvriend), ek hoop dat jy gesond is en dat dit in alle opsigte so goed gaan met jou as wat dit geestelik met jou gaan" (3 Joh vers 2).

Voorspoed en seën! Dien Hom met oorgawe.

Goeie dade is die beste gebede. Serwiese spreekwoord

Bid God se wil en jy sal gewaarborgde gebedsverhooring beleef!

"En nou kan ons met vrymoedigheid na God gaan, omdat Hy ons gebede verhoor as ons enige iets volgens **Sy wil vra**" (1 Joh 5:14).

Vandag staan ons stil by: **Wat getuig God oor jou?**

Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is...

338. dat jy so sal leef dat Hy 'n mooi getuigskrif oor jou kan gee.

Lees: Job 1:1-12 "Sy gelyke kry jy nie op aarde nie: hy is vroom en opreg, hy dien My en vermy die kwaad" (vers 8).

Hoekom gebeur slegte dinge met goeie mense? Ook Dawid praat in die Psalms oor die saak dat dit soms lyk of slegte mense net voorspoed beleef en goeie mense kry soms maar die wind van voor. Ons vra soms in sulke swaarkry tye: waar is God? Hoekom Here? As jy die boek Job deurlees sal jy self hierdie vrae kan antwoord. Soms staan 'n mens verbaas oor die ellende en rampe wat 'n mens kan tref. Voel soms net vir ons te veel en as ons eerlik moet wees voel dit soms vir ons onregverdig.

Job sou seker beter verstaan het wat aangaan met al die rampe wat hom tref as hy bewus was van hierdie gesprek waarvan ons vandag lees in **Job 1**. Sy beproewings was regtig menslik ondraaglik erg. Ons troos mos maar mekaar soms in sulke beproewingstye met: Dis maar die verloop van die lewe. Job moes aangaan met sy lewe sonder om die antwoorde te ken. Juis dit het sy geloofslawe ten volle ontwikkel. Hy het dag vir dag gelewe en gewoon deur alles net op God vertrou. Goeie raad vir ons ook. Ons moet onthou dat ons in 'n sondige wêreld woon waar goeie gedrag nie altyd beloon word nie, maar aan die ander kant word slegte gedrag ook nie altyd gestraf nie. Ook dit is net genade van God. Die sonde het ook die wêreld waarin ons leef 'n onvoorspelbare en soms lelike plek gemaak.

In Job lees ons van 'n goeie man wat oënskynlik sonder goeie rede baie swaar kry. Ons wêreld is ongelukkig so omdat die Satan een doel voor oog het en dit is dat jy God sal haat. Sonde is daar om God seer te maak, om geen ander rede nie. Hy gaan van die veronderstelling uit dat Job God dien omdat God goed is vir hom en nie omdat Job lief is vir God nie, want liefde is nie deel van sy verwysingsraamwerk nie.

Ons lees egter hier van 'n pragtige getuigskrif wat God self oor hierdie dienskneg van Hom gee. Volgens God het hy getrou en opreg gebly in elke omstandigheid. As sy kinders partytjie gehou het het hy gebid en 'n offer aan God gebring want miskien het hulle sonde gedoen en God in hulle gedagtes gevloek (**Job 1:5**). Job het beslis sy ouerskap ernstig opgeneem. Sy verhouding met God was egter vir hom so belangrik dat hy niks in daardie pad wou laat staan nie. Hy het God met opregtheid gedien en wou die kwaad ten alle koste vermy.

Ons moet ook moeite doen in ons verhouding met God sodat ons in intimiteit groei. Dien God. Vermy die kwaad. Ken Hom persoonlik goed en weet dat al gebeur wat ook al met ons Hy bly getrou aan ons. Niks kan ons van Sy liefde skei nie (**Rom 8:31-39**). Elke slegte ding wat gebeur help die gelowige om net sterker aan God vas te hou en stewiger in die geloof te staan. Kom ons bid ook gedurig vir ons kinders en vir die wat so bevoorreg is om kleinkinders te hê, ook vir hulle. Neem sommer 'n paar ander ouens aan om voor te bid.

Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is dat jy so sal leef dat Hy 'n mooi getuigskrif oor jou kan gee. Job eindig nie in wanhoop nie. Ware geloof is gebou op die sekerheid dat God se doel bereik sal word, al gebeur wat. Oppervlakkige en leë geloof is gebou op voorspoed en beloning. Moenie, hoekom Here? vra in moeilike tye nie, maar sê eerder: Here, gebruik my!

Jesus, dankie vir u teenwoordigheid in ons lewe en dat U in alle omstandighede ons nooit in die steek sal laat nie.

Gebedsaak:

1. Bid vir Kanovlei kleuterskool (Meerkat kleuterskool projek) met sy 25 kinders asook Mnr Jacob Mushongo in die Grootfontein omgewing.
2. Bid vir die Queen Sophia projek, asook Chris en Jessie van Rooyen wat aan die stuur staan.
3. Bid dat ons as Christene God met soveel eerbied en respek sal hanteer dat die mense om ons Hom ook sal lief kry en eer.
4. Bid dat die mensdom gedring deur Jesus se liefde asook die inwoning van die Heilige Gees getuies vir Hom sal wees.
5. Bid dat ons so sal leef dat God 'n goeie getuienis oor ons kan gee.
6. Bid saam met die Amosbestuur vir hulle Boerslim kamp die naweek van 13-15 Oktober.
7. Bid die Here se seën oor Paulus Nangombe se uitreik op Witvlei – 4-11 Desember 2017.
8. Bid vir Raymand en Hetty Rose Junius se gesondheid en dat hulle deur die swaarkry skynende lampe vir Jesus sal wees.
9. Bid dat die 40 dae gebedstyd van Amos groot geestelike vrug sal dra.

Geluk aan almal wat in die komende week verjaar. Mag jy die seën van die Here beleef omdat jy gehoorsaam aan die Skrif wil leef en 'n ware dissipel vir Jesus wil wees.

As jy enige sake vir voorbidding het kan jy dit gerus deurstuur dan plaas ek dit in die gebedsbrief...

Amosgroete vanuit 'n warm Kalahari
Smittie Kotzé

Bestel gerus vir jou 'n "Gebedsleiding". Kontak die Amoskantoor in die verband: 081 148 8993.

As jy 'n plaaswerkerskamp wil bespreek, kontak vir Jannie Wiese by: 062-570316.



AMOS GEBEDSBRIEF

deur Smittie Kotze

Kontak Smittie by: smitlinz@iway.na
Tel: 063 260 180 081 250 0746

Amos Kantoor: adminnamibia@amosafrica.net
www.amosafrica.net/namibia
Tel: +264 81 1488 993 Fax to E-mail: 088 652 1345

17 September 2017

Liewe (Amosvriend), ek hoop dat jy gesond is en dat dit in alle opsigte so goed gaan met jou as wat dit geestelik met jou gaan" (3 Joh vers 2).

Voorspoed en seën! Dien Hom met oorgawe.

Gebed is nie maar nog een van die krukke wat my staande moet hou nie, dit is die bene waarop ek staan. Johan Smit

Bid God se wil en jy sal gewaarborgde gebedsverhooring beleef!

"En nou kan ons met vrymoedigheid na God gaan, omdat Hy ons gebede verhoor as ons enige iets volgens **Sy wil vra**" (1 Joh 5:14).

Vandag staan ons stil by: **Hoeveel druk kan jy vat?**

Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is...

339. dat jy getrou aan Hom sal bly al beproef Satan jou ook hoe erg.

Lees: Job 2:1-10 "Hy het vroom gebly, al het jy My daartoe gebring om hom sonder rede te ruïneer" (vers 3).

Soms word sekere produkte aan 'n druktoets onderwerp om te sien waar breekpunt intree. Dit is gewoonlik hidroliese druk wat gebruik word en dit sit geweldig spanning op die artikel. As dit die druktoets geslaag het word die SABS merk daarop gesit. 'n Merk van prestasie en kwaliteit.

In hierdie gedeelte wat ons lees lyk dit regtig asof Satan ook met 'n druktoets besig is op Job se hele bestaan. Satan moes wel God se toestemming kry vir wat hy wil doen. Hy was ook beperk in sy aanslag. Job bly egter getrou aan God ten spyte van aanslae op sy besittings, familie en gesondheid. Daar slaan pynlike swere op Job uit, wat beteken dat hy uit die stad of samelewing verban word. Hy beland op die ashoop. Job was 'n geweldige ryk man en daar op die ashoop moet hy afvalkosse eet om te oorleef. Hy is gestroop van alles, selfs van sy vrou wat hom die raad gegee het **"vervloek God en sterf."** Die Here het wel baie vertroue in Job se geloofsdeursettingsvermoë, daarom laat Hy hierdie druktoets op Job toe. Job bly deur alles vroom.

Miskien beleef jy ook 'n tipe druktoets by jou kerk, werk of in jou huwelik en gesin. Jy voel dalk vandag jy kan nie meer nie. Hoeveel aanslae nog? Kan dit erger? Dan raak dit erger. Mense kritiseer jou en vind fout met alles wat jy doen. Jou gesondheid gee in onder die

geweldige hoeveelheid spanning wat jy beleef. Jy voel dalk daar is niks meer om voor te leef nie. Jy kan gewoon nie meer nie.

Jy moet dalk ook net besef dat jy as Christen altyd in die duiwel se visier sal wees omdat hy God haat. As hy jou kan seer maak sal hy voel dat hy God by gekom het. Satan kan jou aanval bloot omdat hy God haat. Jy moenie in hierdie tyd dink dat God jou verlaat het of kwaad is vir jou nie. Op hierdie punt moet jy onthou: God is nog daar. Hy het nog nie moed opgegee nie. Hy sal jou nooit in jou donkerste uur alleen laat nie. Roep tot Hom. Hy sal luister. Jy is beslis vir Hom belangrik. Hou jou hand in Sy hand. Volgens **Joh 10** sal niemand jou uit Sy sterk hande kan ruk nie. Volgens **Rom 8** sal niks jou van Sy groot liefde kan skei nie. As jy op hierdie waarhede fokus en dit glo, ervaar jy wat Paulus ervaar het: **“Ek is tot alles in staat deur Hom wat vir my krag gee” Fil 4:13.**

Hy het nooit vir Job in die steek gelaat nie. Vertrou Hom vir jou redding. Satan se magte in ingeperk. Jy kan die satan oorwin deur gelowig aan God vas te hou. Moenie van God wegdraai omdat daar slegte dinge met jou gebeur nie. Ons geloof in God is glad nie 'n waarborg van voorspoed nie. God is natuurlik in staat om jou van alle lyding te verlos. Maar soms laat Hy dit toe om jou geloof te toets en om jou geestelik sterker te maak. Volgens Jakobus groei ons geestelik deur beproewings en lyding. **Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is dat jy getrou aan Hom sal bly al beproef Satan jou ook hoe erg.**

Jesus, dankie vir u teenwoordigheid in ons lewe en dat U in alle omstandighede ons nooit in die steek sal laat nie. Help my asb om getrou aan u te bly.

Gebedsaak:

1. Bid vir Kanovlei kleuterskool (Meerkat kleuterskool projek) met sy 25 kinders asook juf Lolinda Dame in die Grootfontein omgewing.
2. Bid vir die Queen Sophia projek, asook Chris en Jessie van Rooyen wat aan die stuur staan.
3. Bid dat ons as Christene God met soveel eerbied en respek sal hanteer dat die mense om ons Hom ook sal lief kry en eer.
4. Bid dat die mensdom gedring deur Jesus se liefde asook die inwoning van die Heilige Gees getuies vir Hom sal wees.
5. Bid dat ons ten spyte van allerlei beproewings en lyding aan Hom sal vashou.
6. Bid saam met die Amosbestuur vir hulle Boerslim kamp die naweek van 13-15 Oktober.
7. Bid die Here se seën oor Paulus Nangombe se uitreik op Witvlei – 4-11 Desember 2017.
8. Bid vir Raymand en Hetty Rose Junius se gesondheid en dat hulle deur die swaarkry skynende lampe vir Jesus sal wees.
9. Bid dat die 40 dae gebedstyd van Amos groot geestelike vrug sal dra.

Geluk aan almal wat in die komende week verjaar. Mag jy die seën van die Here beleef omdat jy gehoorsaam aan die Skrif wil leef en 'n ware dissipel vir Jesus wil wees.

As jy enige sake vir voorbidding het kan jy dit gerus deurstuur dan plaas ek dit in die gebedsbrief...

Amosgroete vanuit 'n warm winderige Kalaharie

Smittie Kotzé

Bestel gerus vir jou 'n "Gebedsleiding". Kontak die Amoskantoor in die verband: 081 148 8993.

As jy 'n plaaswerkerskamp wil bespreek, kontak vir Jannie Wiese by: 062-570316.



AMOS GEBEDSBRIEF

deur Smittie Kotze

Kontak Smittie by: smitlinz@iway.na
Tel: 063 260 180 081 250 0746

Amos Kantoor: adminnamibia@amosafrica.net
www.amosafrica.net/namibia
Tel: +264 81 1488 993 Fax to E-mail: 088 652 1345

24 September 2017

Liewe (Amosvriend), ek hoop dat jy gesond is en dat dit in alle opsigte so goed gaan met jou as wat dit geestelik met jou gaan" (3 Joh vers 2).

Voorspoed en seën! Dien Hom met oorgawe.

'n Dissipel op sy knieë is 'n dissipel op sy voete. Sonder gebed kan 'n mens gewoon nie die pad van dissipelskap loop nie. Johan Smit

Bid God se wil en jy sal gewaarborgde gebedsverhoring beleef!

"En nou kan ons met vrymoedigheid na God gaan, omdat Hy ons gebede verhoor as ons enige iets volgens **Sy wil vra**" (1 Joh 5:14).

Vandag staan ons stil by: **Moedverloor se vlakke.**

Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is...

340. dat jy presies aan Hom sal sê hoe jy voel.

Lees: Job 3:1-26 "Waarom het ek nie by my geboorte gesterf nie..." (vers 11).

Het jy al een of ander tyd in jou lewe gevoel dat jy niks meer oor het om voor te lewe nie? 'n Studentemaat van ons het een mooi oggend in ons finale jaar die aaklige nuus gekry dat sy vrou, babadogtertjie en skoonma gesterf het in 'n motorongeluk. Drie vroue in sy lewe in 'n oogwink van hom weg geruk. Ek sal nooit die rou smart wat hy beleef het vergeet nie. Ons almal het verdwaas om hom rondgestaan met monde vol tande en nie vir 'n oomblik geweet wat om te sê of te doen nie. Daardie maat van ons het ook voor die vraag gestaan: het ek nog iets in die lewe oor om voor te leef? Die seer en verlies was net te erg.

Depressie met selfmoordgedagtes kan voortspruit uit so 'n verskriklike situasie. Job staan op hierdie oomblikke voor hierdie erge werklikheid van trauma en verlies. God het 'n pragtige getuigskrif oor sy geloof en getrouheid gegee, maar Job bly mens. Hy was toegewyd in sy geloof, maar op die oomblik oorweldig die pyn hom en voel hy dat hy nie meer vorentoe kan gaan nie. Hy wonder: moes ek dan gebore word om al die emosionele seer te beleef. In **vers een** lees ons dat hy selfs sy geboortedag vervloek.

Wat maak 'n mens as jy so voel? Jy moet daaroor praat. Praat met jou God, vriende, lewensmaat en geestelike leier. Moenie opkrop nie. Ons lees in **Job 2:13** dat Job opgekrop het vir sewe dae lank. Toe hy sy mond oopmaak het die rou seer uitgevloei uit sy binneste.

Op daardie stadium was dit baie goed dat sy vriende nie die ou gewone trooswoordjies geuiter het nie. Hulle stilbly was 'n baie beter lafenis vir sy seer. Hulle teenwoordigheid was ondersteunend en bemoedigend. Teenwoordigheid en nie altyd woorde nie is in sulke tye balsem vir die seer wat die trauma veroorsaak. Wees in sulke tye 'n oor en 'n skouer vir jou vriend wat deur hierdie erge seer gaan.

Weet jy hoe belangrik dit is dat jy in hierdie gedeelte wat ons saam gelees het sal raaksien dat God daar is vir jou as die lewe sy skerpkant vir jou gedraai het. Voor God kan jy maar jou hart leeg maak en presies sê hoe jy voel. Moenie voorgee voor God nie. Moenie probeer braaf wees nie. Volgens **Ps 23** wil Hy selfs deur die dal van doodskaduwee saam met jou gaan. Nooit verlekkeer Hy Hom in jou seer nie. In jou donkerste oomblikke wil Hy daar wees vir jou. God het hierdie ramp toegelaat in Job se lewe, maar Hy het steeds soveel omgee vir Hom dat Hy nie kon wag om hom weer te sien nie. Wees maar eerlik met God oor die diepe seer in jou hart. Hy verstaan.

Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is dat jy presies aan Hom sal sê hoe jy voel in tye van ondraaglike seer.

Jesus, dankie dat ek my hart in tye van erge seer en trauma eerlik voor U mag uitstort. Dankie dat U verstaan en saam met ons deur die pyn wil stap.

Gebedsaak:

1. Bid vir Grashoek kleuterskool (Meerkat kleuterskool projek) met sy 20 kinders asook juf Elizabeth Nune in die Grootfontein omgewing.
2. Bid vir die Queen Sophia projek, asook Chris en Jessie van Rooyen wat aan die stuur staan.
3. Bid dat ons as Christene God met soveel eerbied en respek sal hanteer dat die mense om ons Hom ook sal lief kry en eer.
4. Bid dat die mensdom gedring deur Jesus se liefde asook die inwoning van die Heilige Gees getuies vir Hom sal wees.
5. Bid dat ons ten spyte van allerlei beproewings en lyding aan Hom sal vashou.
6. Bid saam met die Amosbestuur vir hulle Boerslim kamp die naweek van 13-15 Oktober.
7. Bid die Here se sien oor Paulus Nangombe se uitreik op Witvlei – 4-11 Desember 2017.
8. Bid vir Raymand en Hetty Rose Junius se gesondheid en dat hulle deur die swaarkry skynende lampe vir Jesus sal wees.
9. Bid dat die 40 dae gebedstyd van Amos groot geestelike vrug sal dra.
10. Bid dat die droogte oral in suidelike Afrika gebreek sal word en bid ook vir die finansiële herstel van die boeregemeenskap na die jarelange droogte.

Geluk aan almal wat in die komende week verjaar. Mag jy die sien van die Here beleef omdat jy gehoorsaam aan die Skrif wil leef en 'n ware dissipel vir Jesus wil wees.

As jy enige sake vir voorbidding het kan jy dit gerus deurstuur dan plaas ek dit in die gebedsbrief...

Amosgroete vanuit 'n warm winderige Kalaharie
Smittie Kotzé

Bestel gerus vir jou 'n "Gebedsleiding". Kontak die Amoskantoor in die verband: 081 148 8993.

As jy 'n plaaswerkerskamp wil bespreek, kontak vir Jannie Wiese by: 062-570316.



AMOS GEBEDSBRIEF

deur Smittie Kotze

Kontak Smittie by: smitlinz@iway.na
Tel: 063 260 180 081 250 0746

Amos Kantoor: adminnamibia@amosafrica.net
www.amosafrica.net/namibia
Tel: +264 81 1488 993 Fax to E-mail: 088 652 1345

01 Oktober 2017

Liewe (Amosvriend), ek hoop dat jy gesond is en dat dit in alle opsigte so goed gaan met jou as wat dit geestelik met jou gaan" (3 Joh vers 2).

Voorspoed en seën! Dien Hom met oorgawe.

‘n Mens wat nie weet hoe om te bid nie, kan maar net hulle Bybels neem en die woorde vir God terugse. So kan jy op ‘n eenvoudige manier leer om God te loof uit die Psalms; jy kan jou eie vertwyfeling uitdruk met die woorde van Job. Nina Smit

Bid God se wil en jy sal gewaarborgde gebedsverhooring beleef!

"En nou kan ons met vrymoedigheid na God gaan, omdat Hy ons gebede verhoor as ons enige iets volgens **Sy wil vra**" (1 Joh 5:14).

Vandag staan ons stil by: **Kan jy vertrou op jou eie goeie dade?**

Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is...

341. dat jy op Sy swaar verdienende genade sal staan eerder as jou eie wankelrige verdienste.

Lees: Job 4:1-11 "Betekén dit dan vir jou niks dat jy vir God gedien het nie, gee jou vrome lewe jou geen hoop nie?" (vers 6).

As ‘n mens na hierdie Christelike kanale op TV kyk en luister is al die sprekers ewe oortuigend. Elke keer kom daar soveel elemente van waarheid deur dat ‘n mens telkens dink die persoon is 100% reg, maar dan as jy lank genoeg luister sien en hoor jy tog dinge wat jou onrustig maak. Dieselfde geld eintlik hierdie vriende van Job. Hulle argumente is baie aktueel. Dit is maar dinge wat vandag ook as raad aan mense in nood uitgedeel word. Daar is beslis elemente van waarheid in elke argument.

Elifas is ‘n goeie vriend van Job en hy het waardering vir Job se mooi en goeie lewe gehad. Job het telkens ander mense getroos en mense met depressie ens bygestaan. Job was ‘n goeie ou. Volgens **Job 4:3,4** het Job mense reggehelp en moed ingespraak. Ouens wat wou val het hy op gehelp. Job moenie nou tou opgooi as die rampe hom tref nie. **Job 4:5 "Nou het die ramp jou getref, en jy is platgeslaan...en ...verslae."** Volgens Elifas moes al Job se goeie dade tog iets by God getel het en daarom kan hy hulp van God verwag. As ons eerlik moet wees, volgens Elifas, skuld God vir die goeie Job ‘n guns of twee omdat hy so ‘n goeie ou is. Wat Elifas eintlik glo is dat ons God aanbid sodat Hy ons moet seën en nie omdat Hy net God

is nie. Volgens Elifas is elke ramp 'n straf op sonde. Bely jou sonde en God sal die sleg weg vat. Volgens **Gal 6:7,8** is dit wel waar dat as jy goeie dinge saai sal jy goeie dinge oes en saai slegte dinge en oes dan ook slegte dinge, maar in Job se geval was dit beslis nie 'n geval van sonde wat net bely moes word nie. Job wat 'n goeie ou is het deur sy goeie dae 'n stewige krediet in die hemelse bank opgebou en God moet dit in aanmerking neem, aldus Elifas. God skuld Job 'n guns. Volgens Elifas in **Job 4:7-9** sal Job oor al die goeie dae in sy hemelse belegging darem nie ten gronde gaan, soos die godloses nie.

Elifas dink nie daaraan dat in hierdie gebroke werklikheid goeie en slegte mense soms swaarkry nie. As gevolg van die sondeval kan ellende enige mens, goed of sleg, tref. Waaraan ons as gelowiges wel kan vashou is die waarheid van **Psalms 23** dat God jou nooit alleen sal laat nie, al tref 'n donker diepte of dal van dood skaduwee jou. God gaan saam met jou deur die probleem. Hy neem nie noodwendig die probleem weg omdat jy Sy kind is nie. Daai een ry voetspore is syne want Hy dra jou deur die swaarkry as jy nie meer kan nie. Los sal Hy jou nie los nie!!!!!!

Elifas se siening is verdienste godsdiens op sy beste. Vir daardie ouens maak dit sin om te dink dat ons beste pogings moet darem iets by God tel. Eintlik is genade vir die voëls want ons verdien volgens ons goeie dae. As dit waar was was dit beslis nie nodig vir Jesus om vir ons te sterf en ons sonde rekening ten volle met Sy lewe en bloed te betaal nie.

Jes 64:6 "Ons het almal geword soos mense wat onrein is, ons beste dae is soos vuil klere; ons is almal soos verdroogde blare, ons word deur ons sondes weggewaai soos deur 'n wind."

Rom 3:19 "...Niemand sal hom dus kan verweer nie, en die hele wêreld is strafwaardig voor God."

Rom 3:23 "Almal het gesondig, en het nie deel aan die heerlijkheid van God nie, maar hulle word, sonder dat hulle dit verdien, op grond van Sy genade vrygespreek vanweë die verlossing van Jesus Christus."

Ons verdienste tel niks voor God nie. Ons het almal God se genade nodig. Die wonderlike is dat Jesus daardie genade vir ons verdien het aan die kruis op Golgota. God kyk na jou deur Jesus se verdienste. Amazing!!!! **Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is dat jy op Sy swaar verdiende genade sal staan eerder as jou eie wankelrige verdienste.**

Jesus, dankie vir U groot genade. Dankie vir U verdienste aan die kruis. Dankie dat ek deur U voor Vader se troon kan verskyn. Dankie dat ek nie volgens my verdienste behandel gaan word nie, maar volgens U verdienste.

Gebedsaak:

1. Bid vir Tsintsabis kleuterskool (Meerkat kleuterskool projek) met sy 13 kinders asook juf Emga Ganses in die Grootfontein omgewing.
2. Bid vir die Queen Sophia projek, asook Chris en Jessie van Rooyen wat aan die stuur staan.
3. Bid dat ons as Christene God met soveel eerbied en respek sal hanteer dat die mense om ons Hom ook sal lief kry en eer.

4. Bid dat die mensdom gedring deur Jesus se liefde asook die inwoning van die Heilige Gees getuies vir Hom sal wees.
5. Bid dat ons sal besef ons verdienste weeg niks teen die genade van god nie.
6. Bid saam met die Amosbestuur vir hulle Boerslim kamp die naweek van 13-15 Oktober.
7. Bid die Here se seën oor Paulus Nangombe se uitreik op Witvlei – 4-11 Desember 2017.
8. Bid vir Raymand en Hetty Rose Junius se gesondheid en dat hulle deur die swaarkry skynende lampe vir Jesus sal wees.
9. Bid dat die 40 dae gebedstyd van Amos groot geestelike vrug sal dra.
10. Bid dat die droogte oral in suidelike Afrika gebreek sal word en bid ook vir die finansiële herstel van die boeregemeenskap na die jarelange droogte.

Geluk aan almal wat in die komende week verjaar. Mag jy die seën van die Here beleef omdat jy gehoorsaam aan die Skrif wil leef en 'n ware dissipel vir Jesus wil wees.

As jy enige sake vir voorbidding het kan jy dit gerus deurstuur dan plaas ek dit in die gebedsbrieff...

Amosgroete vanuit 'n warm winderige Kalahari
Smittie Kotzé

Bestel gerus vir jou 'n "Gebedsleiding". Kontak die Amoskantoor in die verband: 081 148 8993.

As jy 'n plaaswerkerskamp wil bespreek, kontak vir Jannie Wiese by: 062-570316.



AMOS GEBEDSBRIEF

deur Smittie Kotze

Kontak Smittie by: smitlinz@iway.na
Tel: 063 260 180 081 250 0746

Amos Kantoor: adminnamibia@amosafrica.net
www.amosafrica.net/namibia
Tel: +264 81 1488 993 Fax to E-mail: 088 652 1345

08 Oktober 2017

Liewe (Amosvriend), ek hoop dat jy gesond is en dat dit in alle opsigte so goed gaan met jou as wat dit geestelik met jou gaan" (3 Joh vers 2).

Voorspoed en seën! Dien Hom met oorgawe.

Daar bestaan nie kitskursusse in gebed nie. Net soos skryf kom dit met oefening. Om te leer bid moet jy bid. Gebed is 'n gesprek tussen jou en God. Gebed is nooit net praat nie. Gebed is ook om baie stil te word en na God se stem te luister. Nina Smit

Bid God se wil en jy sal gewaarborgde gebedsverhooring beleef!

"En nou kan ons met vrymoedigheid na God gaan, omdat Hy ons gebede verhoor as ons enige iets volgens **Sy wil vra**" (1 Joh 5:14).

Vandag staan ons stil by: **O so swaarmoedig!**

Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is...

342. dat jy in swaarkry tye sal op kyk na Hom en weet dat Hy in beheer is.

Lees: Job 5:1-16 "Die mens is vir swaarkry gebore, en sy lewe is kortstondig soos 'n vonk wat opskiet." (vers 7).

Iemand merk eendag droogweg op: daai ou is so pessimisties hy dra kruisbande saam met sy belt om sy broek bo te hou.

Elifas het in sy lang lewe baie ellende gesien, en ongelukkig stem dit hom baie pessimisties. Volgens Elifas moet Job nie so verbaas wees oor die ellende en swaarkry nie, want sulke rampe tref almal. Swaarmoedigheid is 'n maklike keuse om te maak. Dit kom eintlik spontaan en van self. Dit is hoekom ons eerder die glas half leeg as half vol sien. Om die silwer randjie rondom die donker wolk te sien moet 'n doelbewuste besluit in jou lewe wees. Jy moet kies om positief te wees.

Ons as Christene moet besef dat in die ondersteuning van die Heilige Gees is ons die enigste mense op aarde wat 'n toekomsverwachting het, al tref rampe ons en daarom kan ons die silwer randjie om die donker wolk sien. Ons Koning leef! Die ou geestelike liedjie stel dit so mooi: Because He lives, I can face tomorrow...all fear is gone... Volgens John Piper is Christene die enigste mense wat die reg het om hedoniste te wees. 'n Hedonis is 'n mens wat net vir plesier lewe. Christene kan hulle elke dag in die Here verbly. **Fil 4:4 "Wees altyd**

bly in die Here! Ek herhaal: Wees bly!” Ons plesier en blydskap het ewigheidswaarde want ons Jesus is die oorwinnaar en Hy gaan deur elke ramp en ellende saam met ons. Ons hoef geen ramp alleen aan te durf nie.

Is natuurlik ook so dat Christene nie moet dink dat geen ramp hulle sal of kan tref nie. Dinge sal nie altyd net goed gaan in die lewe nie. Daar kom in enige mens se lewe tye van storms. Ons as kinders van God weet egter dat ons nie in tye van storms en rampe van God verlate is nie. Hy is altyd by ons. Volgens **Rom 8:31-39** kan niks, geen ramp of ellende, in die lewe ons van die liefde van God skei nie. Ons het ‘n toekomsverwagting. Ons lewe is nie doelloos soos wat Elifas dit stel nie. God het ‘n doel met elke mens se lewe. Hy het ‘n droom ook vir jou. Hy het planne vir jou. Stap die pad saam met Hom en ontdek Sy droom vir jou. Dit is die moeite werd.

Vandag se mense is so gewoond aan gerief dat hulle dink dat ons net vir plesier en genot gebore is. Hoe kan Elifas sê dat ons vir **“swaarkry gebore”** is? Dit is natuurlik ook nie heeltemal waar dat ons net gebore is vir genot en plesier nie. Ons moet onthou dat die genot en plesier wat die wêreld bied tydelik is, sonder ewigheidswaarde. Aardse genot is van korte duur. My oupa het gesê: lekker is net ‘n vinger lank. Ja, dit is gou verby. Vreugde en blydskap wat die Heilige Gees in ons lewens in bou het ewigheidswaarde. Sy blydskap is vir altyd. Dit is daarom ook deel van die vrug van die Gees.

Ons moet ook onthou dat swaarkry nie verniet is nie. Volgens Jakobus versterk dit jou geloof en daarom dien swaarkry ‘n doel in die opbou van jou geloof. Swaarkry leer die gelowige om God op Sy woord te vat en te vertrou. Dit leer jou dat daardie een ry spore Syne was toe Hy jou gedra het in die swaarkry tyd. Ja, Hy was daar! Jy was beslis nie alleen nie.

God het ‘n doel met alles wat in jou lewe gebeur. Moenie pessimisties raak as dinge swaar gaan nie. Jou God is Koning en in beheer. **Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is dat jy in swaarkry tye sal op kyk na Hom en weet dat Hy in beheer is, maar ook daar is vir jou.**

Elifas was darem nie net verkeerd en ‘n pessimis nie. In **Job 5:8-16** gee hy vir Job goeie raad as hy hom aanspoor om hom voor God te verootmoedig, want God is die Een wat hom weer kan op tel uit hierdie ellende. Dit is ook so. Elifas moes dalk net eers in Job se skoen kom staan het dan sou hy beter verstaan het wat aan die gang is. Goeie les vir ons ook om te leer.

Jesus, dit is so maklik om swaarmoedigheid te kies as ons nuus kyk en luister. Help my om U hand agter alles in die lewe te sien.

Gebedsake:

1. Bid vir Oerwoud- Ndapandula kleuterskool (Meerkat kleuterskool projek) met sy 35 kinders asook juffroue M Stefanus en M Khuruses in die Grootfontein omgewing.
2. Bid vir die Queen Sophia projek, asook Chris en Jessie van Rooyen wat aan die stuur staan.
3. Bid dat ons as Christene God met soveel eerbied en respek sal hanteer dat die mense om ons Hom ook sal lief kry en eer.

4. Bid dat die mensdom gedring deur Jesus se liefde asook die inwoning van die Heilige Gees getuies vir Hom sal wees.
5. Bid dat ons as gelowiges sal besef dat ons God in alle omstandighede by ons is.
6. Bid saam met die Amosbestuur vir hulle Boerslim kamp die naweek van 13-15 Oktober.
7. Bid die Here se seën oor Paulus Nangombe se uitreik op Witvlei, 4-11 Desember 2017.
8. Bid in die tyd spesiaal vir Hetty Rose Junius wat haar geliefde Raymond aan die dood afgestaan het.
9. Bid dat die 40 dae gebedstyd van Amos groot geestelike vrug sal dra.
10. Bid dat die droogte oral in suidelike Afrika gebreek sal word en bid ook vir die finansiële herstel van die boeregemeenskap na die jarelange droogte.

Geluk aan almal wat in die komende week verjaar. Mag jy die seën van die Here beleef omdat jy gehoorsaam aan die Skrif wil leef en 'n ware dissipel vir Jesus wil wees.

As jy enige sake vir voorbidding het kan jy dit gerus deurstuur dan plaas ek dit in die gebedsbrief...

Amosgroete vanuit 'n warm-koue-warm, winderige Kalahari
Smittie Kotzé

Bestel gerus vir jou 'n "Gebedsleiding". Kontak die Amoskantoor in die verband: 081 148 8993.

As jy 'n plaaswerkerskamp wil bespreek, kontak vir Jannie Wiese by: 062-570316.



AMOS GEBEDSBRIEF

deur Smittie Kotze

Kontak Smittie by: smitlinz@iway.na
Tel: 063 260 180 081 250 0746

Amos Kantoor: adminnamibia@amosafrica.net
www.amosafrica.net/namibia
Tel: +264 81 1488 993 Fax to E-mail: 088 652 1345

14 Oktober 2017

Liewe (Amosvriend), ek hoop dat jy gesond is en dat dit in alle opsigte so goed gaan met jou as wat dit geestelik met jou gaan" (3 Joh vers 2).
Voorspoed en seën! Dien Hom met oorgawe.

Mense wat erns maak met gebed behoort een ding te besef: ons behoort bereid te wees om te wag op God se antwoord. Ons kry dit nie altyd onmiddelik nie, en baie keer is God se antwoord nie die een wat jy verwag het nie, maar...dit is altyd die regte antwoord vir jou.
Nina Smit

Bid God se wil en jy sal gewaarborgde gebedsverhoring beleef!

"En nou kan ons met vrymoedigheid na God gaan, omdat Hy ons gebede verhoor as ons enige iets volgens Sy wil vra" (1 Joh 5:14).

Vandag staan ons stil by: **Alles is reg, ja, alles is reg!!**

Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is...

343. dat jy ook in swaarkry tye die lig aan die einde van die tunnel sal sien.

Lees: Job 5:17-27 "Dit is Hy wat die wonde toedien, maar Hy verbind hulle weer, wat seer slaan, maar Hy maak weer met Sy eie hand gesond." (vers 18).

Ou Titus, die sendeling hier in die sentrale dele van ons land sal altyd sê: Alles is reg! Alles is reg! So kom Titus toe by Jannie en Judie en daar is 'n groot probleem op die plaas, want een van hul werkers wat omtrent 30 jaar by hulle werk het sy vrou van 'n paar dekades verruil vir 'n veel jonger model. Hulle skets die probleem en daar sê Titus uit die mag van die gewoonte: Alles is reg! Alles is reg! Ontsteld sê Judie toe, Titus alles is nie reg nie. Hier's 'n reuse sondeprobleem. Ons het heerlik gelag en ou Titus was diep verleë oor sy 'Alles is reg!'

Elifas sluit darem sy gesprek met Job met 'n paar bemoedigende woorde af. Job moes net vasbyt. Dit sou beslis beter gaan in die toekoms. Hy sou nog lank lewe en voorspoedig wees (Job 5:25,26). Op daardie stadium het die woord nie vir Job beter laat voel nie, want hy is deur 'n verskriklike trauma. Vir Job het dit na absolute woord diarree geklink. Hy wou seker vir Elifas skree: Shut up!!

Elifas was reg. Dit is 'n blessing om deur God tereg gewys te word as jy sonde gedoen het, maar hierdie was nie van toepassing op Job nie. Alle ellende is ook nie die gevolg van sonde

nie. Dit was goeie raad, maar nie in die situasie van toepassing nie. Probeer altyd om eers die persoon se situasie te verstaan voordat jy raad gee wat dalk onvanpas kan wees. Elifas was wel reg dat pyn 'n mens kan laat groei en ontwikkel (Job 5:17,18). Geloofsgroei vind omtrent altyd deur seerkry en pyn plaas. Elifas het wel fouteer met die gedagte dat God ons swaarkry stop as ons Hom getrou volg. Goeie gedrag word nie altyd met voorspoed beloon nie. God gaan wel deur die seer saam met ons. Hy los jou nooit alleen nie. Dis beslis waar!

Hoe kan ons mekaar troos wanneer dit sleg gaan? Volgens my is die heel beste om net teenwoordig te wees, sonder om 'n woord te praat. Bly stil. Wees net daar. As die persoon wat in die krisis is met jou wil praat oor sy seer is jy daar om 'n oor en skouer te wees. Sekere tye is selfs teksversies oorbodig. Cliches soos: God pluk die mooiste blomme of God het die persoon nou nodig ens ens gaan gewoon nie af nie. Nee, wees in stilte daar en beskikbaar.

'n Ma vertel dat haar klein seuntjie graag by die bure gaan kuier het. Op 'n dag sterf die oom se vrou. Die seuntjie het weer gaan kuier tot ontsteltenis van sy ma. Volgens haar moes hy nie die oom nou pla nie. Die seuntjie antwoord toe: Mamma, ek het maar net gegaan om die oom te help huil. Wyse woorde. Goeie gedagte.

Mense het baie argumente en baie stories oor hoekom sekere dinge gebeur en soms is hulle reg. Tog is dit nie altyd die volle prentjie nie. Bloot omdat almal se situasies verskil. Ook omdat mense verskillend op trauma reageer. Alles kom ook nie altyd weer reg nie. Ongelukkig waar.

Slegte dinge gebeur soms met baie goeie mense. Dit is die verloop van die lewe. Hy is deur die genade teenwoordig in elke situasie waarin jy jou mag bevind.

Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is dat jy ook in swaarkry tye die lig aan die einde van die tunnel sal sien.

Jesus, dit is so maklik om swaarmoedigheid te kies as ons nuus kyk en luister. Help my om U hand agter alles in die lewe te sien.

Gebedsaak:

1. Bid vir Hope for the needy kleuterskool (Meerkat kleuterskool projek) met sy 15 kinders asook juf Lisette van Steijn in die Grootfontein omgewing.
2. Bid vir die Queen Sophia projek, asook Chris en Jessie van Rooyen wat aan die stuur staan.
3. Bid dat ons as Christene God met soveel eerbied en respek sal hanteer dat die mense om ons Hom ook sal lief kry en eer.
4. Bid dat ons as gelowiges sal besef dat ons God in alle omstandighede by ons is.
5. Bid saam met die Amosbestuur vir hulle Boerslim kamp die naweek van 13-15 Oktober.
6. Bid die Here se seën oor Paulus Nangombe se uitreik op Witvlei, 4-11 Desember 2017.
7. Bid dat die 40 dae gebedstyd van Amos groot geestelike vrug sal dra.
8. Bid dat die droogte oral in suidelike Afrika gebreek sal word en bid ook vir die finansiële herstel van die boeregemeenskap na die jarelange droogte.

Geluk aan almal wat in die komende week verjaar. Mag jy die seën van die Here beleef omdat jy gehoorsaam aan die Skrif wil leef en 'n ware dissipel vir Jesus wil wees.

As jy enige sake vir voorbidding het kan jy dit gerus deurstuur dan plaas ek dit in die gebedsbrief...

Amosgroete vanuit 'n warm-koue-warm, winderige Kalahari
Smittie Kotzé

Bestel gerus vir jou 'n "Gebedsleiding". Kontak die Amoskantoor in die verband: 081 148 8993.

As jy 'n plaaswerkerskamp wil bespreek, kontak vir Jannie Wiese by: 062-570316.



AMOS GEBEDSBRIEF

deur Smittie Kotze

Kontak Smittie by: smitlinz@iway.na
Tel: 063 260 180 081 250 0746

Amos Kantoor: adminnamibia@amosafrica.net
www.amosafrica.net/namibia
Tel: +264 81 1488 993 Fax to E-mail: 088 652 1345

21 Oktober 2017

Liewe (Amosvriend), ek hoop dat jy gesond is en dat dit in alle opsigte so goed gaan met jou as wat dit geestelik met jou gaan" (3 Joh vers 2).
Voorspoed en seën! Dien Hom met oorgawe.

Vir 'n suksesvolle gebedseisoen is belydenis die beste begin. Charles H Spurgeon

Bid God se wil en jy sal gewaarborgde gebedsverhooring beleef!

"En nou kan ons met vrymoedigheid na God gaan, omdat Hy ons gebede verhoor as ons enige iets volgens Sy wil vra" (1 Joh 5:14).

Vandag staan ons stil by: **Ondersteuning.**

Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is...

344. dat jy 'n goeie ondersteuningsbasis vir jou vriende wat trauma beleef sal bied.

Lees: Job 6:14-30 "Wie medelye met 'n vriend beskou as 'n las, het die eerbied vir die Almagtige verwerp." (vers 14).

Soms soek mense gewoon bietjie simpatie en nie beredeneerde oplossings nie. As Job sy eerste vriend antwoord kry mens ook die idee dat Job medelye soek in plaas van slim antwoorde. Job sien dat sy vriende skrik vir sy treurige toestand (vers 21). Job vra dat sy vriende in eerlike opregtheid saam met hom sal soek na die hoekoms en waaroms van die lewe (vers 24). Hyself is oortuig dat hy nie die straf verdien nie. Nie omdat hy sondeloos is nie, maar omdat hy weet dat hy in die regte verhouding met God staan. Dit is hoekom hy regverdig genoem word. Hy was tot die beste van sy vermoë gehoorsaam aan God. As hy verkeerd is moet hulle hom asseblief reg help.

Wanneer teenspoed 'n mens tref, het hy/sy 'n ondersteuningsbasis nodig, soos bv. 'n selgroep wat jy goed mee bekend is. Hulle is soos jou geestelike familie en kan jou met liefde, begrip, deernis, simpatie en empatie ondersteun in moeilike tye. Jy wat deur die probleem tyd gaan moenie onttrek nie. Jy moet by jou geestelike familie bly en hulle inlig oor jou probleem. As hulle weet kan hulle jou ondersteun. Mense onttrek gewoonlik as hulle skaam is oor die krisis, soos as 'n kind dalk aan dwelms verslaaf is of 'n man wat erg drink en dalk gewelddadig in die huis raak. Kry iemand wat jy vertrou met wie jy jou hart kan deel. Dit is beslis die eerste stap na herstel. Jy wat die vertroueling is moet dan voorwaar betroubaar wees, sodat die vriend wat jou vertrou nie seergemaak en teleurgesteld in jou raak nie.

Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is dat jy 'n goeie ondersteuningsbasis vir jou vriende wat trauma beleef sal bied.

Jesus, dankie vir goeie vriende wat 'n ondersteuningsbasis kan bied in moeilike tye. Help my om 'n goeie vriend te wees.

Gebedsaak:

1. Bid vir Gospel Outreach RMC kleuterskool (Meerkat kleuterskool projek) met sy 20 kinders asook juff Ben-louna Kahuure en Diana Andreas in die Okakarara omgewing.
2. Bid vir die Queen Sophia projek, asook Chris en Jessie van Rooyen wat aan die stuur staan.
3. Bid dat ons as Christene God met soveel eerbied en respek sal hanteer dat die mense om ons Hom ook sal lief kry en eer.
4. Bid dat ons as gelowiges 'n goeie ondersteuningsbasis vir die in nood sal bied.
5. Sê dankie saam met die Amosbestuur vir hulle Boerslim kamp wat die afgelope naweek was.
6. Bid die Here se seën oor Paulus Nangombe se uitreik op Witvlei, 4-11 Desember 2017.
7. Bid dat die pas afgelope 40 dae gebedstyd van Amos groot geestelike vrug sal dra in die toekoms.
8. Bid dat die droogte oral in suidelike Afrika gebreek sal word en bid ook vir die finansiële herstel van die boeregemeenskap na die jarelange droogte.

Geluk aan almal wat in die komende week verjaar. Mag jy die seën van die Here beleef omdat jy gehoorsaam aan die Skrif wil leef en 'n ware dissipel vir Jesus wil wees.

As jy enige sake vir voorbidding het kan jy dit gerus deurstuur dan plaas ek dit in die gebedsbrief...

Amosgroete vanuit 'n warm-koue-warm, winderige Kalahari
Smittie Kotzé

Bestel gerus vir jou 'n "Gebedsleiding". Kontak die Amoskantoor in die verband: 081 148 8993.

As jy 'n plaaswerkerskamp wil bespreek, kontak vir Jannie Wiese by: 062-570316.



AMOS GEBEDSBRIEF

deur Smittie Kotze

Kontak Smittie by: smitlinz@iway.na
Tel: 063 260 180 081 250 0746

Amos Kantoor: adminnamibia@amosafrica.net
www.amosafrica.net/namibia
Tel: +264 81 1488 993 Fax to E-mail: 088 652 1345

30 Oktober 2017

Liewe (Amosvriend), ek hoop dat jy gesond is en dat dit in alle opsigte so goed gaan met jou as wat dit geestelik met jou gaan" (3 Joh vers 2).

Voorspoed en seën! Dien Hom met oorgawe.

Om te bid is om op arendsvlerke op te styg tot bokant die wolke, en om in die helder hemel te kom waar God is. Charles H Spurgeon

Bid God se wil en jy sal gewaarborgde gebedsverhoring beleef!

"En nou kan ons met vrymoedigheid na God gaan, omdat Hy ons gebede verhoor as ons enige iets volgens Sy wil vra" (1 Joh 5:14).

Vandag staan ons stil by: **Lig jou hart, praat dinge uit.**

Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is...

345. dat jy Hom in alle omstandighede sal vertrou en in Hom sal berus.

Lees: Job 7:11-21 "Nee, ek kan nie stilbly nie, in my beproewing wil ek praat, in my bitter lyding wil ek kla." (vers 11).

In tye van swaarkry vra ons maklik: Hoekom ek? Job het ook so gevoel. Wat het ek gesondig om die vreeslike swaarkry te verdien? Job het gevoel dat hy niks verkeerd gedoen het nie. Hoekom tref al die ellende hom dan? Daarom praat hy met sy vriende oor dit. Miskien kyk hy een of ander sonde mis. Hulle moet hom help om alles mooi deur te kyk.

Volgens **vers 21** wil hy weet waarom die Here hom dan nie die sonde vergewe nie? Hy het eintlik gedink dat hy eerder die graf as verlossing uit die ellende sal sien. Ek lei af dat Job nie geweet het dat die graf eintlik maar net die begin van die ewige lewe is nie. Hy dink as hy dood is sal God hom soek en nie kry nie.

Hoekom ek? Is dalk nie die regte gesindheid in moeilike tye nie. Joost van der Westhuizen het die vraag omgedraai en gevra: Hoekom nie ek nie? Wat maak my beter as die volgende ou om enige ellende gespaar te bly. Ons is almal deel van die gebroke werklikheid waarin ons leef. Ek is beslis nie beter as die volgende ou dat ek enige swaar gespaar moet word nie. Ons troos maklik mekaar met die woorde: Elke huis het sy kruis. Baie keer as ek kla oor iets vind ek dat dit met ander mense slegter gaan as met my. Telkens ontdek ek dat my kruis maar klein is in vergelyking met 'n ander ou s'n.

Telkens as ek terug kyk oor 'n moeilike tyd dank ek die Here dat ek nie alleen deur die beproewing gegaan het nie, maar dat Hy by my was in elke tree van die pad. Dink net hoe erg dit vir iemand wat glad nie in God glo nie moet wees om 'n erge trauma te hanteer. Alleen moet hy elke tree van die krisis hanteer. Vir my as gelowige is daar soveel beloftes in die Woord dat ons nooit alleen in moeilike tye is nie. God los ons nooit alleen nie. Fantasties!! **Rom 8:31-39** belowe ons dat niks ons van die liefde van God sal of kan skei nie. **Mat 28:20** stel dit ook duidelik: **"...Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld."** Hy sal jou dra as jy nie meer kan loop nie, maar deur die krisis sal Hy jou vat. Daardie een ry spore is Syne.

Mense kom nie graag by mense wat altyd kla nie. Hulle vermy sulke ouens. As jy dan in die nood is is dit darem maar bitter alleen as jy nie eers iemand het teenoor wie jy kan praat nie. Kom ons maak tyd vir mekaar. Kom ons help en ondersteun mekaar. Kom ons gee ons maat wat dalk kla tyd om klaar te kla sodat hy/sy weer kan kop optel en die lewe in die oë kyk. Het jy al saam met jou maat wat nood beleef gebid? Hy het dit dalk nodig. Kom ons besef ook dat ons probleem dalk baie kleiner is as 'n ander ou s'n. Gaan maak maar net 'n draai in die hospitaal by die outjies wat terminaal siek is, dan kry 'n mens sommer weer perspektief op jou eie situasie.

Ons het mekaar nodig. Luister na mekaar. Ondersteun mekaar. Help mekaar. Dra mekaar in tye van swaar. **Gal 6:2 "...Dra mekaar se laste, en gee op die manier uitvoering aan die wet van Christus."** Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is dat jy Hom in alle omstandighede sal vertrou en in Hom sal berus.

Jesus, die lewe is nie altyd maklik nie. Ek verstaan ook nie altyd alle swaar kry en ellende nie. Help my om op U te vertrou en in U te berus.

Gebedsaak:

1. Bid vir die Beautiful flowers kleuterskool (Meerkat kleuterskool projek) met sy 25 kinders asook juf Lundungu Agrippinah in die Rundu omgewing.
2. Bid vir die Queen Sophia projek, asook Chris en Jessie van Rooyen wat aan die stuur staan.
3. Bid dat ons as Christene God met soveel eerbied en respek sal hanteer dat die mense om ons Hom ook sal lief kry en eer.
4. Bid dat ons boere soos een man sal terugdraai na Jesus en nie ons hoop in enige iets anders sal vind nie.
5. Bid saam as boere gemeenskap in die tyd teen al die geweld en moord in Suid Afrika.
6. Bid die Here se seën oor Paulus Nangombe se uitreik op Witvlei, 4-11 Desember 2017.
7. Bid dat die droogte oral in Suidelike Afrika gebreek sal word en bid ook vir die finansiële herstel van die boeregemeenskap na die jarelange droogte.

Geluk aan almal wat in die komende week verjaar. Mag jy die seën van die Here beleef omdat jy gehoorsaam aan die Skrif wil leef en 'n ware dissipel vir Jesus wil wees.

As jy enige sake vir voorbidding het kan jy dit gerus deurstuur dan plaas ek dit in die gebedsbrief...

Amosgroete vanuit 'n warm-koue-warm, winderige Kalahari
Smittie Kotzé

Bestel gerus vir jou 'n "Gebedsleiding". Kontak die Amoskantoor in die verband: 081 148 8993.

As jy 'n plaaswerkerskamp wil bespreek, kontak vir Jannie Wiese by: 062-570316.



AMOS GEBEDSBRIEF

deur Smittie Kotze

Kontak Smittie by: smitlinz@iway.na
Tel: 063 260 180 081 250 0746

Amos Kantoor: adminnamibia@amosafrica.net
www.amosafrica.net/namibia
Tel: +264 81 1488 993 Fax to E-mail: 088 652 1345

05 November 2017

Liewe (Amosvriend), ek hoop dat jy gesond is en dat dit in alle opsigte so goed gaan met jou as wat dit geestelik met jou gaan" (3 Joh vers 2).
Voorspoed en seën! Dien Hom met oorgawe.

Bid dat jy 'n voorbeeld en 'n seën vir ander sal wees en dat jy tot groter verheerliking van jou meester sal lewe. Charles H Spurgeon

Bid God se wil en jy sal gewaarborgde gebedsverhooring beleef!

"En nou kan ons met vrymoedigheid na God gaan, omdat Hy ons gebede verhoor as ons enige iets volgens Sy wil vra" (1 Joh 5:14).

Vandag staan ons stil by: **God is regverdig.**

Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is...

346. dat jy Hom as die Regverdige sal leer ken.

Lees: Job 8:13-22 "God verwerp nooit die opregte nie en staan ook nie die by wat onreg doen nie." (vers 20).

Baie Christelike strome of rigtings verkondig 'n tipe alles kom reg as jy jou hart vir Jesus gee godsdiens. Dit is nie heeltemal waar nie. Want Jesus haal jou nie uit jou probleem uit nie. Hy stap saam met jou daar deur. Hy kan die probleem weg vat as Hy wil, maar wat gaan jy nou leer uit die ervaring as Hy dit elke keer doen. Stoei saam met Jesus deur 'n probleem en jy kom baie meer wys en geestelik sterk anderkant uit. Ons moenie dink dat as ons tot bekering gekom het sal alles by die huis en in ons lewens 100% reg wees nie. Vertrou Hom deur elke probleem en jy sal verbaas wees wat Hy jou leer van probleemhantering en krisis bestuur ens. Geestelik word jy ryk en sterk saam met Hom ook in 'n krisis. Jakobus gee goeie raad oor dit.

Bildad het ook hierdie uitgangspunt gehad. Job kom asseblief net tot bekering. Bely jou sonde en alles sal onmiddelik reg kom, want God is mos regverdig. "As jy na die wil van God vra en die Almagtige om genade smeek...sal Hy jou weer in sy sorg neem en jou gesond in sy huis terugbring..." Job 8:5-7. God se regverdigheid beteken dus vir Bildad dat God nie onregverdig sal wees en 'n onskuldige man straf nie, daarom moes Job gesondig het. Agv God se regverdigheid sou Hy nie verkeerd optree nie. God kan nie onregverdig wees nie. Die probleem met hierdie tipe siening is as dit nou nie gebeur soos Bildad sê nie tree groot

onsekerheid, ongeloof en verwarring in, want die dood moet altyd 'n oorsaak hê. 'n Vriend se kind sterf tragies in 'n gruwelike ongeluk en een van sy kollegas kom troos met die woorde: Wat het julle as gesin gesondig dat hierdie ongeluk gebeur het? God is besig om julle gesin te straf oor julle verkeerde optrede. Soek die oorsaak en stel dit onmiddellik reg. Om die minste te sê dit was vernietigend en het soveel seer en onsekerheid en opstand gebring dat dit jare neem om te herstel. Sulke troos is nie troos nie. Dit grens aan veroordeling en vernietiging. As ons eerlik moet wees, as God ons sou straf vir elke verkeerde daad, gedagte of woord sou niemand bly leef nie. As God ons kinders in ongelukke laat sterf om ons by te kom of te straf vir ons sonde was daar beslis geen kinders op aarde oor nie.

As Bildad se siening van oorsaak en gevolg reg was sou God mos nie Sy onskuldige Seun in my plek aan die kruis laat sterf het nie. God sal mos nie toelaat dat slegte dinge met goeie mense gebeur nie. Tog het Jesus in ons plek aan die kruis gesterf juis omdat God regverdig was. In Sy regverdigheid vind ons dat sonde gestraf moet word. Hy sien dit nie sommer net oor nie, want Hy is te heilig daarvoor. "Terwyl Hy by Moses verbygaan, roep die Here: Ek, die Here, is die genadige en barmhartige God, lankmoedig vol liefde en trou. Ek betoon my liefde aan geslagte...Ek vergewe onregverdigheid, oortreding en sonde, maar Ek spreek niemand sonder meer vry nie..." Eks 34:6,7.

Jesus besluit self om die straf in ons plek te dra. Hy maak die pad vir ons oop na God toe sodat ons vergewe kan word. Wonderlike liefde wat Hy aan ons openbaar. Ons sou nie God se toorn op sonde kon oorleef as ons ons eie sonde voor Hom moes gaan neersit nie. God se regverdigheid word in liefde toegevoeg. Dit is dalk wat die Bildads onder ons vergeet.

Omdat God regverdig is het Jesus in ons plek kom ly en sterf. **Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is dat jy Hom as die Regverdige sal leer ken.**

Jesus, dankie dat U in my plek gesterf het. Here ek sou nie U oordeel oorleef as ek self voor U moes staan nie.

Gebedsaak:

1. Bid vir die Lighthouse kleuterskool (Meerkat kleuterskool projek) met sy 25 kinders asook juf Shamla Steyn en Venantia Mateka in die Rundu omgewing.
2. Bid vir die Queen Sophia projek, asook Chris en Jessie van Rooyen wat aan die stuur staan.
3. Bid dat ons as Christene God met soveel eerbied en respek sal hanteer dat die mense om ons Hom ook sal lief kry en eer.
4. Bid dat ons boere soos een man sal terugdraai na Jesus en nie ons hoop in enige iets anders, soos optogte of wapens, sal plaas nie.
5. Bid saam as boere gemeenskap in die tyd teen al die geweld en moord in Suid Afrika.
6. Bid die Here se seën oor Paulus Nangombe se uitreik op Witvlei, 4-11 Desember 2017.
7. Bid dat die droogte oral in Suidelike Afrika gebreek sal word en bid ook vir die finansiële herstel van die boeregemeenskap na die jarelange droogte.

Geluk aan almal wat in die komende week verjaar. Mag jy die seën van die Here beleef omdat jy gehoorsaam aan die Skrif wil leef en 'n ware dissipel vir Jesus wil wees.

As jy enige sake vir voorbidding het kan jy dit gerus deurstuur dan plaas ek dit in die gebedsbrief...

Amosgroete vanuit 'n warm Kalahari
Smittie Kotzé

Bestel gerus vir jou 'n "Gebedsleiding". Kontak die Amoskantoor in die verband: 081 148 8993.

As jy 'n plaaswerkerskamp wil bespreek, kontak vir Jannie Wiese by: 062-570316.



AMOS GEBEDSBRIEF

deur Smittie Kotze

Kontak Smittie by: smitlinz@iway.na
Tel: 063 260 180 081 250 0746

Amos Kantoor: adminnamibia@amosafrica.net
www.amosafrica.net/namibia
Tel: +264 81 1488 993 Fax to E-mail: 088 652 1345

12 November 2017

Liewe (Amosvriend), ek hoop dat jy gesond is en dat dit in alle opsigte so goed gaan met jou as wat dit geestelik met jou gaan" (3 Joh vers 2).

Voorspoed en seën! Dien Hom met oorgawe.

Ons gebede word in verhouding tot ons geloof verhoor. 'n Klein geloof sal 'n groot stuk genade ontvang, maar 'n groot geloof selfs meer. Charles H Spurgeon

Bid God se wil en jy sal gewaarborgde gebedsverhooring beleef!

"En nou kan ons met vrymoedigheid na God gaan, omdat Hy ons gebede verhoor as ons enige iets volgens **Sy wil vra**" (1 Joh 5:14).

Vandag staan ons stil by: **God is soewerein in Sy optrede.**

Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is...

347. dat jy Hom nie in Sy omgee en liefde vir jou sal bevraagteken of betwyfel nie.

Lees: Job 9:1-26 "As dit gaan oor krag, is Hy die sterke, as dit gaan oor reg, wie anders as Hy kan 'n klag teen my inbring?" (vers 19).

In **Job 9:1-10** beskryf Job die almag en grootheid van die Here en die wonderlike dinge wat Hy kan doen. **"Wat Hy doen, is groot en ondeurgrondelik, wonder op wonder" (vers 10).** In **Job 9:11-19** kry 'n mens die idee dat Job moedeloos raak met God wat doen net wat Hy wil. Hy tree vanuit Sy almag op en jy kan niks daaraan doen nie. **"As dit gaan oor krag, is Hy die sterke, as dit gaan oor reg, wie anders as Hy kan 'n klag teen my inbring?" (vers 19).** In **Job 9:20-26** kry 'n mens die idee dat Job in 'n fatalistiese put val en dat hy geen lig sien en ook geen manier om daarvan bevry te word nie. **"...of 'n mens skuldig is of onskuldig, God vernietig jou tog" (vers 22).**

Job besef dat Bildad eintlik reg is. Bildad se hele betoog is niks nuuts vir Job nie. **"Ek weet dit is soos jy sê: Wie kan sy saak teen God wen?" (vers 2).** Job het geweet dat die sondiges uiteindelik verlore sal gaan. Juis dit verwar hom, want hoekom kry hy dan so swaar en is eintlik besig om ten gronde te gaan? Job was oortuig dat hy nie hierdie swaarkry verdien nie en wil dus met God praat oor die lyding wat hy moet verduur. Job besef dat daar geen nut in redenasies met God is nie (**vers 4**). Job gee ook nie voor dat hy foutloos en volmaak is nie, maar hy sê wel dat hy goed en getrou is (**Job 6:29, 30**). 'n Mens kry die idee dat Job ongeduldig met God raak maar weier om Hom te verwerp of te vloek.

In ons samelewing vandag kry mens steeds die idee dat mag koning is. Die ou met die beste prokureur of die meeste geld kom bo uit of hy dit nou verdien of nie of hy reg is of nie. Gewone ouens het nie 'n kans teen hierdie burokrate nie. Dit is 'n Afrika beginsel. Die fiksste ou oorleef. Dit gaan nie oor reg nie, maar oor mag. In ons dag is 'n fluitjie blaser nie sy/haar lewe seker nie.

In **Job 9:11-19** voel Job dat hy nie 'n kans teen God het nie. God is die klaer, die regter en die balju. In **Job 9:17,18** voel Job dat dit God is wat hom so onophoudelik pynig en straf. God is beslis almagtig en soewerein. Hy kan doen net wat Hy wil. Volgens Job gaan dit nie oor reg en verkeerd nie, maar om mag. Mag is koning, dink Job.

Voordat ons Job veroordeel moet ons eers bietjie voor ons eie deur vee. As teëspoed en trauma ons tref is ons ook geneig om moedeloos te word en fout by almal om ons te soek en dan ook by onself. Ons vra ook soms wat het ek gedoen om die ellende te verdien. Ons dink ook soms dat God besig is om ons te straf as die droogte te lank aanhou. Ons is ook maar netsoos Job mens.

Vanuit die Skrif weet ons dat God werklik regverdig is. Eintlik gee Hy ons die vergifnis en verlossing wat ons nie verdien nie. **“God het die wêreld so lief gehad dat Hy Sy enigste Seun gegee het, sodat die wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê. God het nie Sy Seun na die wêreld toe gestuur om die wêreld te veroordeel nie, maar sodat die wêreld deur Hom gered kan word” (Joh 3:16,17).** Ons ontdek in die Skrif en in 'n langdurige verhouding met Hom dat hierdie soewereine almagtige God eintlik LIEFDE is. Hy betaal self die prys vir jou verlossing. Jy moet net die geskenk aanvaar.

Soms is ons moedeloos en voel ons daar is niks goeds in die wêreld nie. Kom ons neem tyd om die Blye boodskap weer deur te gaan en word versterk en bemoedig daardeur. God is nie besig om ons te pynig oor ons sonde nie. Hy stap tree vir tree saam met ons deur die ellende wat oor ons pad kom. Ons is ook nie aan een of ander fatalisme oorgelaat nie. God is betrokke by ons en sal ons nooit in die steek laat nie. Kom ons deel die goeie nuus met elke ou wat ons pad kruis, maar ook elke ou wat dalk moedeloos geraak het in tye van trauma of ellende. **Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is dat jy Hom nie in Sy omgee en liefde vir jou sal bevraagteken of betwyfel nie.** Sien die groter prentjie en klou soos klitsgras aan Jesus vas in alle omstandighede.

Jesus, vergewe my dat ek ook soms moedeloos raak en fatalisties na dinge om my begin kyk en dat ek in die situasie soms vergeet dat U eintlik net die beste vir my in gedagte het. Dankie dat U in my plek gesterf het en dat U nie met 'n stok staan om my plat te slaan oor elke sonde wat ek doen nie. Dankie dat U my dra in moeilike tye.

Gebedsaak:

1. Bid vir die Austan Massey kleuterskool (Meerkat kleuterskool projek) met sy 50 kinders asook juf Chilombo Maria in die Rundu omgewing.
2. Bid vir die Queen Sophia projek, asook Chris en Jessie van Rooyen wat aan die stuur staan.
3. Bid vir die opleiding van kleuterskool onnies van die Amos meerkat kleuterskool projek.

4. Bid ook vir elke persoon wat die opleiding sal aanbied vir die kleuterskool onnies.
5. Bid dat ons boere soos een man sal terugdraai na Jesus en nie ons hoop in enige iets anders, soos optogte of wapens, sal plaas nie.
6. Bid saam as boere gemeenskap in die tyd teen al die geweld en moord in Suid Afrika.
7. Bid die Here se seën oor Paulus Nangombe se uitreik op Witvlei, 4-11 Desember 2017.
8. Bid dat die droogte oral in Suidelike Afrika gebreek sal word en bid ook vir die finansiële herstel van die boeregemeenskap na die jarelange droogte.
9. Bid vir die Ontbyt geleentheid van Amos die 17 November 2017 in Windhoek.

Geluk aan almal wat in die komende week verjaar. Mag jy die seën van die Here beleef omdat jy gehoorsaam aan die Skrif wil leef en 'n ware dissipel vir Jesus wil wees.

As jy enige sake vir voorbidding het kan jy dit gerus deurstuur dan plaas ek dit in die gebedsbrief...

Amosgroete vanuit 'n warm Kalahari
Smittie Kotzé

Bestel gerus vir jou 'n "Gebedsleiding". Kontak die Amoskantoor in die verband: 081 148 8993.

As jy 'n plaaswerkerskamp wil bespreek, kontak vir Jannie Wiese by: 062-570316.



AMOS GEBEDSBRIEF

deur Smittie Kotze

Kontak Smittie by: smitlinz@iway.na
Tel: 063 260 180 081 250 0746

Amos Kantoor: adminnamibia@amosafrica.net
www.amosafrica.net/namibia
Tel: +264 81 1488 993 Fax to E-mail: 088 652 1345

18 November 2017

Liewe (Amosvriend), ek hoop dat jy gesond is en dat dit in alle opsigte so goed gaan met jou as wat dit geestelik met jou gaan" (3 Joh vers 2).

Voorspoed en seën! Dien Hom met oorgawe.

Die beste van God se seëninge word in geheime gebed gevind. Charles H Spurgeon

Bid God se wil en jy sal gewaarborgde gebedsverhoring beleef!

"En nou kan ons met vrymoedigheid na God gaan, omdat Hy ons gebede verhoor as ons enige iets volgens **Sy wil vra**" (1 Joh 5:14).

Vandag staan ons stil by: **Plaasvervanger van formaat.**

Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is...

348. dat jy Hom as plaasvervanger sal aanvaar en vertrou.

Lees: Job 9: 27-35 "As daar maar iemand was wat God se straf van my kon wegneem..." (vers 34).

As jy ooit bevoorreg was om iewers by 'n skool betrokke te raak en veral bietjie met seuns kon werk sal jy vinnig agter kom dat seuns daarvan hou om reëls te toets en te skuif en soms te breek. Baie ouens dink dat reëls gemaak is om gebreek te word.

Daar word vertel van die jong onderwyser wat 'n baie moeilike klas gehad het en met die skool se boelie wat baie sterk figureer het in die klas was dit soms maar moeilik om die orde te handhaaf. So goed as moontlik het die jong onderwyser probeer om dissipline te handhaaf, streng toe te pas en ook in die klas te herstel. As deel van die proses het hy die kinders gevra om self sekere reëls te maak. Die kinders het toe besluit dat daar geen diefstal mag wees nie en dat almal elke dag hul huiswerk sal doen. Die groot boelie van die skool stel toe voor dat iemand wat die reëls breek met ses rottang houe beloon sal word en al die kinders koop toe in. Nie lank daarna nie word die groot boelie se pouse broodjies gesteel en arme Jannie word as die skuldige uit gewys. Jannie was die klein skraal seuntjie wat nie baie gewild was nie en soms maar onder die geterg van die kinders moes deur loop. Jannie was arm en kom uit 'n huis met moeilike omstandighede. Angstig en opgewonde wag die kinders vir die straf wat nou gaan kom. Jannie moes sy groot jas uit trek sodat hy sy ses houe kon ontvang. Hy wou nie die jas uit trek nie, maar Meneer dring aan dat die jas moes waai

voordat hy kon sak vir die pak slae. Toe die jas uit is sien hulle dat Jannie nie 'n hemp aan het nie. Toe die onderwyser dit sien wou hy nie slaan nie maar besef toe dat hier 'n groot lewensles wag om geleer te word. Wet is wet en moet toegepas word. Jannie buk en voordat die meneer kon slaan toe praat die skool se boelie. Meneer, ek sal in sy plek buk, want die reël bepaal mos nie dat iemand anders nie die straf mag dra nie. Slaan asb vir my, vra die boelie toe. By die tweede hou breek die lat toe. Dit was beslis genoeg, want die les was geleer. Die klas het stom en stil met betraande oë gesit. Die hele atmosfeer in daardie moeilike klas het verander.

Vriende, Jesus kon ons ook aankla en wag dat die helse straf op ons toe sak. Ons het dit verdien en moes dit kry, maar Jesus het gekies om Self ons straf te dra. Ons verdien dit nie, maar ontvang dit vanuit Sy groot liefde vir ons. **“Maar God bewys sy liefde vir ons juis hierin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sonde was. Aangesien ons nou vrygespreek is op grond van sy versoeningsdood, staan dit soveel vaster dat ons deur Hom van die straf van God gered sal word. Aangesien ons, toe ons nog vyande was, deur die dood van sy Seun met God versoen is, staan dit soveel vaster dat ons, nou dat ons versoen is, deur die lewe van sy Seun gered sal word” Rom 5:8-10.**

Nou kan ons vry gaan soos Jannie vry kon gaan nadat die skool se boelie tot sy redding gekom het. Job het gewens dat iemand tot sy redding sal verskyn en hom red uit die benarde posisie waarin hy was. Ons besef vandag dat in Jesus Christus dit werklik gebeur het. **“Julle is inderdaad uit genade gered, deur geloof. Hierdie redding kom nie uit julle self nie; dit is 'n gawe van God. Dit kom nie uit julle eie verdienste nie, en daarom het niemand enige rede om op homself trots te wees nie. Nee, God het ons gemaak wat ons nou is: in Christus Jesus het Hy ons geskep om ons lewe te wy aan die goeie dae waarvoor Hy ons bestem het” Ef 2:8-10.**

Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is dat jy Hom as plaasvervanger sal aanvaar en vertrou. Hy is 'n waardige plaasvervanger. Gaan jy en leef dankbaar vir die onverdiende genade wat aan jou bewys is en vir die groot verlossing wat jy ontvang het. Jy is vry. Leef vry!

Jesus, dankie dat u my straf gedra het. Help my om in dankbaarheid vry van die juk van straf te leef.

Gebedsaak:

1. Bid vir die Petronella kleuterskool (Meerkat kleuterskool projek) met sy 78 kinders asook juf Elizabeth Petrus in die Rundu omgewing.
2. Bid vir die Queen Sophia projek, asook Chris en Jessie van Rooyen wat aan die stuur staan.
3. Bid vir die opleiding van kleuterskool onnies van die Amos meerkat kleuterskool projek (dit strek van middel Nov tot omtrent middel Desember).
4. Bid ook vir elke persoon wat die opleiding sal aanbied vir die kleuterskool onnies.
5. Bid dat ons boere soos een man sal terugdraai na Jesus en nie ons hoop in enige iets anders, soos optogte of wapens, sal plaas nie.
6. Bid saam as boere gemeenskap in die tyd teen al die geweld en moord in Suid Afrika.
7. Bid die Here se seën oor Paulus Nangombe se uitreik op Witvlei, 4-11 Desember 2017.

8. Bid dat die droogte oral in Suidelike Afrika gebreek sal word en bid ook vir die finansiële herstel van die boeregemeenskap na die jarelange droogte.
9. Dankie Jesus vir die Ontbyt geleentheid van Amos wat op 17 November 2017 in Windhoek was.
10. Bid vir oom Dirk Mudge en sy vrou se gesondheid.

Geluk aan almal wat in die komende week verjaar. Mag jy die seën van die Here beleef omdat jy gehoorsaam aan die Skrif wil leef en 'n ware dissipel vir Jesus wil wees.

As jy enige sake vir voorbidding het kan jy dit gerus deurstuur dan plaas ek dit in die gebedsbrief...

Amosgroete vanuit 'n warm Kalahari
Smittie Kotzé

Bestel gerus vir jou 'n "Gebedsleiding". Kontak die Amoskantoor in die verband: 081 148 8993.

As jy 'n plaaswerkerskamp wil bespreek, kontak vir Jannie Wiese by: 062-570316.



AMOS GEBEDSBRIEF

deur Smittie Kotze

Kontak Smittie by: smitlinz@iway.na
Tel: 063 260 180 081 250 0746

Amos Kantoor: adminnamibia@amosafrica.net
www.amosafrica.net/namibia
Tel: +264 81 1488 993 Fax to E-mail: 088 652 1345

25 November 2017

Liewe (Amosvriend), ek hoop dat jy gesond is en dat dit in alle opsigte so goed gaan met jou as wat dit geestelik met jou gaan" (3 Joh vers 2).

Voorspoed en seën! Dien Hom met oorgawe.

Ons moet uit ons hart met god praat, soos 'n kind met sy vader praat. Charles H Spurgeon

Bid God se wil en jy sal gewaarborgde gebedsverhooring beleef!

"En nou kan ons met vrymoedigheid na God gaan, omdat Hy ons gebede verhoor as ons enige iets volgens **Sy wil vra**" (1 Joh 5:14).

Vandag staan ons stil by: **Vasgestelde dae.**

Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is...

349. dat jy in alles wat jy doen Sy wil sal soek.

Lees: Job 14: 1-13 "Die mens se dae is vasgestel, U het die getal van sy jare bepaal...en hy kan dit nie oorskry nie." (vers 5).

My oupa was geweldig bang om te vlieg. Hy het altyd gesê: miskien is dit die loods se dag as hy in die vliegtuig is. Oupa wou nooit byt aan die redenasie van jou lewensdae is vasgestel nie. Die loods wat dalk op daardie stadium die tydelike met die ewige kan verwissel het te swaar geweeg by oupa.

Job stoei steeds met God oor die waaroms van die rampe wat hom getref het. Job het dalk maar nie mooi besef van die lewe na die dood nie. Ons lei af dat hy gedink het die dood is die einde van alles. Volgens **Job 14:8,9** loop 'n boom weer uit as jy dit afsaag en die omstandighede is gunstig, maar in die geval van die mens werk dit nie heeltemal so nie.

"Maar die mens sterf en verdwyn, hy blaas sy laaste asem uit, en waar is hy?" Job 14:10.

Eintlik hartseer dat Job nie die volle waarheid rondom die lewe hierna gehad het nie.

Volgens **vers 13** wil hy wil bietjie in die doderyk gaan skuil totdat God bietjie bedaar het en meer positief oor hom te dink. So asof hy God kan ontglip in die doderyk. Terwyl **Rom 8:31-39** dit duidelik stel dat nie eers die doderyk ons van die liefde van God kan skei nie.

Ons kan so dankbaar wees vir Jesus en die lig wat vanuit die Skrif aan ons begin skyn het. Die dood is net tydelik. Die dood is vir die kind van God soos 'n deur wat oopmaak en jy staan voor die poorte van die hemel. Wanneer Jesus terugkom met die wederkoms, sal almal uit

die dood opstaan, die goeies en die slegtes (**Openb 20:12**). Dan vind die oordeel regverdig plaas. Ons kan nie iewers gaan wegkruip om God se oordeel te ontsnap nie. Die enigste manier is om Jesus te aanvaar as Saligmaker en om in Hom te glo. **“Toe sê Jesus vir haar: Ek is die opstanding en die lewe. Wie in My glo, sal lewe, al sterwe hy ook; en elkeen wat lewe en in My glo, sal in alle ewigheid nooit sterwe nie. Glo jy dit?” Joh 11:25,26.**

Ons het die verantwoordelikheid om elke dag wat die Here aan ons leen reg te bestee. Leef om die Here te ontmoet. Gereed vir 'n ontmoeting met Hom. Kom ons lewe dus vandag vir die Here. Soek om Sy wil in alles te ken en te doen. **Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is dat jy in alles wat jy doen Sy wil sal soek.**

Jesus, dankie dat my lewensdae veilig in U hande is. Ek wil elke dag voluit vir U leef.

Gebedsaak:

1. Bid vir die Pandureni kleuterskool (Meerkat kleuterskool projek) met sy 85 kinders asook juf Martha Nsamba in die Rundu omgewing.
2. Bid vir die Queen Sophia projek, asook Chris en Jessie van Rooyen wat aan die stuur staan.
3. Bid vir die opleiding van kleuterskool onnies van die Amos meerkat kleuterskool projek (dit strek van middel Nov tot omtrent middel Desember).
4. Bid ook vir elke persoon wat die opleiding sal aanbied vir die kleuterskool onnies.
5. Bid dat ons boere soos een man sal terugdraai na Jesus en nie ons hoop in enige iets anders, soos optogte of wapens, sal plaas nie.
6. Bid saam as boere gemeenskap in die tyd teen al die geweld en moord in Suid Afrika.
7. Bid die Here se seën oor Paulus Nangombe se uitreik op Witvlei, 4-11 Desember 2017.
8. Bid dat die droogte oral in Suidelike Afrika gebreek sal word en bid ook vir die finansiële herstel van die boeregemeenskap na die jarelange droogte.

Geluk aan almal wat in die komende week verjaar. Mag jy die seën van die Here beleef omdat jy gehoorsaam aan die Skrif wil leef en 'n ware dissipel vir Jesus wil wees.

As jy enige sake vir voorbidding het kan jy dit gerus deurstuur dan plaas ek dit in die gebedsbrief...

Amosgroete vanuit 'n warm winderige Kalahari
Smittie Kotzé

Bestel gerus vir jou 'n "Gebedsleiding". Kontak die Amoskantoor in die verband: 081 148 8993.

As jy 'n plaaswerkerskamp wil bespreek, kontak vir Jannie Wiese by: 062-570316.



AMOS GEBEDSBRIEF

deur Smittie Kotze

Kontak Smittie by: smitlinz@iway.na
Tel: 063 260 180 081 250 0746

Amos Kantoor: adminnamibia@amosafrica.net
www.amosafrica.net/namibia
Tel: +264 81 1488 993 Fax to E-mail: 088 652 1345

2 Desember 2017

Liewe (Amosvriend), ek hoop dat jy gesond is en dat dit in alle opsigte so goed gaan met jou as wat dit geestelik met jou gaan" (3 Joh vers 2).

Voorspoed en seën! Dien Hom met oorgawe.

Net die gebede wat uit ons hart kom, kan God se hart bereik. Charles H Spurgeon

Bid God se wil en jy sal gewaarborgde gebedsverhooring beleef!

"En nou kan ons met vrymoedigheid na God gaan, omdat Hy ons gebede verhoor as ons enige iets volgens **Sy wil vra**" (1 Joh 5:14).

Vandag staan ons stil by: **Rouproses**.

Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is...

350. dat jy vir Hom presies sal sê hoe jy voel in 'n tyd van rou.

Lees: Job 15: 1-16 "Beteken die troos wat van God kom, vir jou niks, die woorde wat met soveel deernis tot jou gerig is?" (vers 11).

Om te rou in tye van seer is geweldig belangrik. Die rouproses het sekere stadia waardeur gewerk moet word. Dit is presies wat dit sê: 'n proses. Dit vat tyd. Hierdie proses mag nie afgemaak word as sinneloos nie. Jy is ook nie ongelowig as jy "ordentlik" rou nie. Een van hierdie belewenisse tydens die rouproses is woede. Soms is jy kwaad vir God wat hierdie seer toegelaat het. God is lief genoeg vir elke mens dat Hy wil hê jy moet vir Hom presies vertel hoe jy voel tydens jou tyd van seer. Voordat jy nie deur al die fases van die rouproses gewerk het nie gaan jy nie aanvaar en vorentoe beweeg nie. Vrede sal ontbreek as jy die heel tyd ontken.

Job was nou in hierdie woede-fase. Hy braak gal oor die onregverdigheid van alles wat met hom gebeur. Hy raak emosioneel as hy net daaraan dink (**vers 12**). Sy vriende verstaan nie regtig wat aan die gang is nie. Hulle wil hom help, maar hy verstoot hulle en praat somer sleg van hulle. Omdat hulle nie verstaan waardeur Job gaan nie raak hulle kwaad en ontsteld met Job. Hulle wil hom reg ruk met respek kry vir die ouens om hom en ook vir God. Preek tydens die proses is die verkeerde metode om die persoon in rou reg te ruk. Vriende moet in hierdie tyd laag lê met prekerige raad. Hulle moet net 'n oor en 'n skouer bied sodat die persoon in rou sy hart kan uit stort. Hy sal deur dit kom. Hulle moet geduldig wees en hom tyd gee. Wees daar vir jou vriend in rou. Verstaan waardeur hy/sy gaan as jy wil troos.

Dit is tog so wonderlik dat ons vir God presies kan sê hoe ons voel. Wonderlik dat Sy liefde vir ons so groot is dat Hy nie kwaad en moedeloos vir die ou in rou word nie. Geduldig sit Hy by jou en luister na elke woord wat jy uiter. Hy ervaar elke emosie saam met jou. Jy hoef selfs nie mooi diplomatieuse woordjies te praat nie. Hy weet selfs wat in jou gedagtes op kom. Hy weet selfs wat jy droom in die nag. Praat eerlik met Hom. Dit is 'n voorwaarde in goeie kommunikasie.

God sal nooit die persoon in rou verstoot nie. Moenie jy wat wil troos ongeduldig raak met jou vriend in rou nie. **Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is dat jy vir Hom presies sal sê hoe jy voel in 'n tyd van rou.**

Heilige Gees, U is ons trooster. Troos ons soos net U kan.

Gebedsaak:

1. Bid vir die Tupandeni kleuterskool (Meerkat kleuterskool projek) met sy 90 kinders asook juf Christa Mpanda in die Rundu omgewing.
2. Bid vir die Queen Sophia projek, asook Chris en Jessie van Rooyen wat aan die stuur staan.
3. Bid vir die opleiding van kleuterskool onnies van die Amos meerkat kleuterskool projek (dit strek van middel Nov tot omtrent middel Desember).
4. Bid ook vir elke persoon wat die opleiding sal aanbied vir die kleuterskool onnies.
5. Bid dat ons boere soos een man sal terugdraai na Jesus en nie ons hoop in enige iets anders, soos optogte of wapens, sal plaas nie.
6. Bid saam as boere gemeenskap in die tyd teen al die geweld en moord in Suid Afrika.
7. Bid vir herstel, polities en sosiologies, in ons buurland Zimbabwe.
8. Bid die Here se seën oor Paulus Nangombe se uitreik op Witvlei, 4-11 Desember 2017.
9. Bid dat die droogte oral in Suidelike Afrika gebreek sal word en bid ook vir die finansiële herstel van die boeregemeenskap na die jarelange droogte.

Geluk aan almal wat in die komende week verjaar. Mag jy die seën van die Here beleef omdat jy gehoorsaam aan die Skrif wil leef en 'n ware dissipel vir Jesus wil wees.

As jy enige sake vir voorbidding het kan jy dit gerus deurstuur dan plaas ek dit in die gebedsbrief...

Amosgroete vanuit 'n warm winderige Kalahari
Smittie Kotzé

Bestel gerus vir jou 'n "Gebedsleiding". Kontak die Amoskantoor in die verband: 081 148 8993.

As jy 'n plaaswerkerskamp wil bespreek, kontak vir Jannie Wiese by: 062-570316.



AMOS GEBEDSBRIEF

deur Smittie Kotze

Kontak Smittie by: smitlinz@iway.na
Tel: 063 260 180 081 250 0746

Amos Kantoor: adminnamibia@amosafrica.net
www.amosafrica.net/namibia
Tel: +264 81 1488 993 Fax to E-mail: 088 652 1345

10 Desember 2017

Liewe (Amosvriend), ek hoop dat jy gesond is en dat dit in alle opsigte so goed gaan met jou as wat dit geestelik met jou gaan" (3 Joh vers 2).

Voorspoed en seën! Dien Hom met oorgawe.

Gebed is die fyn senuwee wat die spierkrag van God se alomteenwoordige mag in beweging bring. Charles H Spurgeon

Bid God se wil en jy sal gewaarborgde gebedsverhoring beleef!

"En nou kan ons met vrymoedigheid na God gaan, omdat Hy ons gebede verhoor as ons enige iets volgens **Sy wil vra**" (1 Joh 5:14).

Vandag staan ons stil by: **Jobstroosters.**

Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is...

351. dat jy as trooster twee ore, breë skouers en net een mond sal hê.

Lees: Job 16: 1-22

"Maar my pyn sal nie ophou as ek praat nie, dit sal ook nie verdwyn as ek ophou praat nie." (vers 6).

Jobstroosters het groot monde en die woorde wat hul spreek is soms niksseggend. Jobstroosters lei eintlik aan woord-diarree. As kinders van God moet ons dus baie versigtig wees hoe ons mense probeer troos in traumatiese tye. As trooster moet ons besef dit is nie ons woorde wat troos nie, maar eintlik die geleentheid wat die lyer kry om sy/haar hart ligter te maak deurdat ek as luisteraar hom/haar die kans gee om hul seer te verwoord. Die lyer moet praat totdat alles uit is wat frustreer en seer is. Jy as luisteraar moet dus jou twee ore en breë skouers gebruik. Wees teenwoordig. Jou vriend wat ly sal dit waardeer.

Ons as troosters moet dus 'n begrip en 'n fyn aanvoeling hê vir dit wat regtig saak maak in die troos proses (**Fil 1:9**). Net die Heilige Gees kan ons daarmee help.

In die tyd wat ons leef stoei baie mense bv. met HIV/Aids. Ook van ons werkers op die plaas het die virus onder lede. Ons as werkgewers moet leer om dit sensitief te hanteer. Vra die Gees om jou daarmee te help. Miskien voel hierdie lyers ook soos Job. Moenie aan woord-diarree lei en onsensitief praat nie. Verseker hulle van jou begrip en ondersteuning en help

hulle op 'n empatieke manier om rustigheid in Jesus te kry. Jou werk as trooster wat deur Jesus gestuur is is om hierdie mense te help om die lig in die tunnel te sien. Moenie toelaat dat onsensitiewe woorde en optrede verhoudings vertroebel of die saadbed op mors nie. Jy wil saad saai wat vrug vir die ewigheid dra. Werk deur die wysheid van God daaraan.

Here, daar is soveel seer om ons. Help my om vanuit die inwoning van die Heilige Gees te troos, sodat U verheerlik kan word ook in die seer situasies waarin mense is.

Gebedsaak:

1. Bid vir die Kandumbale kleuterskool (Meerkat kleuterskool projek) met sy 90 kinders asook juf Kasera Hildegard Donna in die Rundu omgewing.
2. Bid vir die Queen Sophia projek, asook Chris en Jessie van Rooyen wat aan die stuur staan.
3. Bid vir die opleiding van kleuterskool onnies van die Amos meerkat kleuterskool projek (dit strek van middel Nov tot omtrent middel Desember).
4. Bid ook vir elke persoon wat die opleiding sal aanbied vir die kleuterskool onnies.
5. Bid dat ons boere soos een man sal terugdraai na Jesus en nie ons hoop in enige iets anders, soos optogte of wapens, sal plaas nie.
6. Bid saam as boere gemeenskap in die tyd teen al die geweld en moord in Suid Afrika.
7. Bid vir herstel, polities en sosiologies, in ons buurland Zimbabwe.
8. Bid die Here se seën oor Paulus Nangombe se uitreik op Witvlei, 4-11 Desember 2017.
9. Bid dat die droogte oral in Suidelike Afrika gebreek sal word en bid ook vir die finansiële herstel van die boeregemeenskap na die jarelange droogte.

Geluk aan almal wat in die komende week verjaar. Mag jy die seën van die Here beleef omdat jy gehoorsaam aan die Skrif wil leef en 'n ware dissipel vir Jesus wil wees.

As jy enige sake vir voorbidding het kan jy dit gerus deurstuur dan plaas ek dit in die gebedsbrieff...

Amosgroete vanuit 'n warm winderige Kalahari
Smittie Kotzé

Bestel gerus vir jou 'n "Gebedsleiding". Kontak die Amoskantoor in die verband: 081 148 8993.

As jy 'n plaaswerkerskamp wil bespreek, kontak vir Jannie Wiese by: 062-570316.



AMOS GEBEDSBRIEF

deur Smittie Kotze

Kontak Smittie by: smitlinz@iway.na
Tel: 063 260 180 081 250 0746

Amos Kantoor: adminnamibia@amosafrica.net
www.amosafrica.net/namibia
Tel: +264 81 1488 993 Fax to E-mail: 088 652 1345

17 Desember 2017

Liewe (Amosvriend), ek hoop dat jy gesond is en dat dit in alle opsigte so goed gaan met jou as wat dit geestelik met jou gaan" (3 Joh vers 2).

Voorspoed en seën! Dien Hom met oorgawe.

Ware gebed is om jou behoeftes te laat inval by God se wil vir jou lewe. Nie andersom nie.
Jonathan Swift

Bid God se wil en jy sal gewaarborgde gebedsverhooring beleef!

"En nou kan ons met vrymoedigheid na God gaan, omdat Hy ons gebede verhoor as ons enige iets volgens **Sy wil vra**" (1 Joh 5:14).

Vandag staan ons stil by: **Ruk jouself reg.**

Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is...

352. dat jy eerder in iemand se skoene klim as dat jy goedkoop oordele vel sonder ware insig.

Lees: Job 18: 1-21 "So sal dit gaan met die huis van die slegte mens, so sal die plek lyk van iemand wat nie vir God erken nie." (vers 21).

In **Job 17:1** sê Job: "Ek is gedaan, my tyd is verby, net die graf bly vir my oor." Job is soos iemand wat afgetree het en voel dat hy/sy niks meer werd is nie en eintlik maar net sit en wag om dood te gaan. Ouer mense moet besef dat hulle van onskatbare waarde vir hulle gemeenskap, vriende en familie is. Al kan hulle net bid is hulle meer as goud werd. Ek lei af dat Job nie geweet het van die lewe na die graf nie. Hy dink dat alles stop by die graf en die wurms wat die liggaam verteer (**Job 17:14-16**). Ons weet dat dit gelukkig nie waar is nie. Die nuwe lewe in Jesus se boodskap is eintlik: Vandag is die eerste dag van die res van jou lewe. Hierdie lewe is maar net die voorbereiding vir die ewige lewe wat wag.

Bildad stoom voort om vir Job te preek oor sy siniese lewens uitkyk. Bildad neem geweldig aanstoot oor Job se woorde en siening en daarom die preek. Bildad het nie besef dat Job eintlik maar besig is om deur sy eie seer te werk nie. Job praat in die tyd dinge wat hy dalk nie regtig bedoel nie. Bildad beskryf vir Job as 'n goddelose ou wat sy verdiende loon sal ontvang. Dit het weer vir Job aanstoot gegee.

Punt is dat ons baie versigtig moet wees dat ons nie sommer oppervlakkige oordele oor mense vel sonder om regtig agter die kap van die byl te kom nie. Ons woorde kan maklik mense diep seer maak omdat ons nie bietjie in hulle skoene klim nie. Probeer eers verstaan wat in iemand se lewe aangaan voordat jy raad gee wat dalk nie regtig van pas is nie. Ja, soms moet ons reguit praat. Veral goeie vriende is dit aan mekaar verskuldig om reguit te praat as jy sien jou maat voeter verkeerd. Kry net eers al die feite. Praat reguit met groot liefde. Nie beterweterig of veroordelend nie.

Ek dink bv. aan iemand wat aan depressie ly en soms moet hoor dat hulle net hulleself moet reg ruk. Jou Jesus lewe mos. Staan op en leef as 'n oorwinnaar. Skud die siekte uit lewe uit. Klim uit jou donker put. Jy kan mos. Ouens wat deur depressie geleef het weet dat die reg ruk raad glad nie 'n moontlikheid is nie. **Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is dat jy eerder in iemand se skoene klim as dat jy goedkoop oordele vel sonder ware insig.**

Here Jesus, sit asb 'n wag voor my mond sodat ek nie snert praat en mense onnadenkend seermaak nie. Help my om in die ander persoon se skoene te klim sodat ek begrip vir sy/haar situasie sal kry.

Gebedsaak:

1. Bid vir al die kleuterskool onderwysers wat in die afgelope weke opleiding ontvang het.
2. Bid vir die Queen Sophia projek, asook Chris en Jessie van Rooyen wat aan die stuur staan.
3. Bid dat die droogte oral in Suidelike Afrika gebreek sal word en bid ook vir die finansiële herstel van die boeregemeenskap na die jarelange droogte.

Geluk aan almal wat in die komende week verjaar. Mag jy die seën van die Here beleef omdat jy gehoorsaam aan die Skrif wil leef en 'n ware dissipel vir Jesus wil wees.

As jy enige sake vir voorbidding het kan jy dit gerus deurstuur dan plaas ek dit in die gebedsbrief...

Amosgroete vanuit 'n warm winderige Kalahari
Smittie Kotzé

Bestel gerus vir jou 'n "Gebedsleiding". Kontak die Amoskantoor in die verband: 081 148 8993.

As jy 'n plaaswerkerskamp wil bespreek, kontak vir Jannie Wiese by: 062-570316.